

HOOFSTUK 5

DIE STRUKTUUR EN RESEPSIE VAN *JULY'S PEOPLE*

Die motto wat die skryfster voorin July's people (Gordimer, 1981b) plaas, is van groot belang vir die verstaan daarvan. Dit kom uit die Prison notebooks van Antonio Gramsci en lui as volg:

The old is dying and the new cannot be born;
in this interregnum there arises a great diversity of morbid symptoms.

Daaruit is dit betreklik maklik (dalk te maklik) om af te lei dat ons in hierdie boek ook te doen het met 'n interregnum, 'n oorgangsfase, vol morbiëde, sieklike simptome: simptome van die oue wat sterf en dalk ook van die nuwe wat gebore moet word. Oor die geheel sou ek sê dat die simptome van die oue wat sterf in die boek oorheers: dit vertel naamlik die verhaal van die pogings van Bamford en Maureen Smales om aan te pas tussen swartes op die platteland as hulle blanke suburbsleefwyse onherroeplik verby is. Dit is die verhaal van hoe die oue in hulle bewussyn afgebreek moet word om plek te maak vir die nuwe, al word nie gesê hoe die nuwe gaan lyk nie, behalwe miskien dat dit 'n soort proletarisering is.

5.1 Semantiese struktuur

Heel van die begin af is daar in die boek 'n teenstelling tussen nou en toe, tussen stat en stad, tussen hoe dinge is en hoe dit was. As die boek begin, is die Smales'e reeds in die hut iewers in 'n stat op die platteland en bestaan die

suburbslewe nog net in die herinnering, in die verlede. Die boek begin met July wat vir die Smales'e tee bring - soos hy in die suburbs altyd gedoen het. Vir 'n oomblik lyk dit asof die patroon van 'n swarte wat tee bring, nog gehandhaaf word, maar dit is skyn:

The knock on the door. Seven o'clock. In govern= ners' residences, commercial hotel rooms, shift bosses' company bungalows, master bedrooms en suite - the tea-tray in black hands smelling of Lifebuoy soap.

(p. 1)

Dit is skyn, want waar hulle hul nou bevind, is daar nie eers 'n deur nie. Na die reis van drie dae en drie nagte - 'n magiese getal - bevind hulle hul in 'n totaal ander wêreld, 'n wêreld wat hulle nie begryp nie en waaruit Maureen probeer sin maak deur haar terug te verbeel in die wêreld van haar kinderdae. Teen die einde van die hoofstuk word in soveel woorde gesê dat hulle hulle in 'n ander wêreld bevind.

As if the vehicle had made a journey so far beyond the norm of a present it divided its passengers from that the master bedroom en suite had been lost, jolted out of chronology as the room where her returning consciousness properly belonged: the room she had left four days ago.

(p. 4)

Die teenstellings tussen nou en toe, tussen hier en back there is meer as teenstellings in tyd en ruimte; dit is veral teenstellings tussen twee wêreldes, twee semantiese sisteme: die wit suburbswêreld en die swart plattelandse wêreld, of beter: die koloniale wêreld en die post-koloniale wêreld van na die "revolusie". Die wêreld wat die Smales'e agterlaat, kan met 'n frase van Nadine Gordimer self, die titel van haar roman uit 1966, genoem word "the late bourgeois world".

In die loop van die boek vind daar verskillende klein verskuiwings plaas, wat dit duidelik maak dat die bourgeoissisteem teen die einde alle geldigheid verloor het. Feitlik elke lewensterrein word deur hierdie verskuiwings aangetas. Die verskuiwings gaan met angs, onsekerheid en ambivalensie gepaard. Persoonlike verhoudinge raak aangetas. Hierop sal ek later ingaan. Dinge, fisiese objekte, en hulle betekenis verander. Al gou bestaan daar onsekerheid oor die betekenis daarvan. Watter dinge is nou belangrik? Watter dinge sal noodsaaklik blyk vir oorlewing? Die bakkie, oorspronklik vir plesier gekoop, word die reddende voertuig (p. 9). Maar as die Smales'e hom aan July moet afstaan (teen wil en dank), is dit as 't ware 'n hoeksteen van hulle bestaan wat onder hulle weggeneem word. Hulle raak gedesorienteer na tyd en plek. Maureen kan nie eers meer 'n roman lees nie:

But the transport of a novel, the false awareness of being within another time, place and life that was the pleasure of reading, for her, was not possible. She was in another time, place, consciousness; it pressed in upon her and filled her as someone's breath fills a balloon's shape. She was already not what she was.

(p. 29).

Noodgedwonge verander hulle eetgewoontes. Vleis word 'n luukse. Geld verloor alle waarde, omdat hulle dit nêrens kan uitgee nie. "Beskaafde" standaarde van gesondheid en higiëne verander: hulle bekommer hulle nie meer oor bilharzia of toiletpapier nie; kan nie meer gereeld was nie, kan nie meer beskaafde standaarde by die kinders tuisbring nie.

As Bam sy geweer verloor, verloor hy sy bestaansrede, sy hele lewensdoel. Dit simboliseer die einde van die witmanse dominansie. Op daardie stadium is die taal self egter al aangetas, want hulle begin agterkom dat die taal, die begrippe van back there, nie meer geld nie:

He struggled hopelessly for words that were not phrases from back there, words that would make the truth that must be forming here, out of the blacks, out of themselves. He sensed for a moment the great drama hidden in the monotonous days, as she was aware, always, of the yellow bakkie hidden in the sameness of bush. But the words would not come. They were blocked by an old vocabulary, 'rural backwardness', 'counter-revolutionary pockets', 'failure to bring about peaceful change leading to civil war'.

(p. 127)

Hierdie verskuiwing van betekenis is egter nie net tot die Smales'e beperk nie; ook July, hulle "getroue" swart huisbediende, ervaar dit, want ook hy is losgeruk uit 'n vertroude, amper burgerlike leefwyse saam met "sy" wittes.

'n Mens kan dit saamvat deur te sê dat die Smales'e se lewe back there berus het op die dinge wat hulle besit het, en dit weer op hulle geld: dit was dinge wat hulle kon bekostig. Maar as hulle al hulle goed verloor, verloor hulle ook die betekenisstelsel wat daarop gebou is. Die huwelik is 'n goeie voorbeeld daarvan: dit berus op die "master bedroom en suite", die geleentheid wat dit bied en die samelewing wat dit moontlik maak. As die master bedroom verdwyn, verdwyn eintlik ook dit waarvoor die huwelik in die eerste plek gesluit is (vgl. p. 98). Die "absolute nature of intimate relationships between human beings" is ook iets wat op geld berus: "it was no more than the price of the master bedroom and the clandestine hotel tariff" (p. 65). Die sentrale premis van die boek skyn te wees dat die onderbou (die ekonomiese omstandighede) die bobou (die bewussyn) bepaal. Omdat die omstandighede verander, verander die semantiese stelsel ook. Daarmee wil ek nie beweer dat die boek deur en deur gebaseer is op die historiese materialisme nie: selfs dit is deel van die denkpatroon van back there en word waarskynlik teen die einde van die boek nie meer aanvaar nie.

Dit kan 'n verbygaande fase in Maureen se gedagtes hieroor wees.

In hierdie opsig is die boek baie realisties: die twee semantiese sisteme kom ooreen met twee sisteme wat werklik in Suid-Afrika bestaan: die stadslewe van die wittes en die plattelandse bestaanseconomie van die swartes. Die boek reik egter uit na 'n derde sisteem wat uit dié twee moet ontwikkel. Die realisme word versterk deur die gebruik van werklike plekname en name van geboue: Johannesburg, die Uniegebou, Soweto, Elsie'srivier, Jan Smuts-lughawe, selfs werklik bestaande instansies en persone soos die SAUK en kolonel Mike Hoare, die Selous Scouts.

Twee ander semantiese aspekte, die feministiese en die Freudiaanse, sal ek later bespreek wanneer ek die slot van die roman ontleed.

5.2 Sintaktiese struktuur

Die semantiese struktuur bepaal die sintaktiese struktuur van 'n goeie boek. Wat in hierdie boek gebeur, gebeur nie net binne 'n semantiese sisteem nie, maar bring ook semantiese verskuiwings teweeg. Dit is miskien die belangrikste van die gebeure dat dit semantiese veranderinge tot gevolg het.

5.2.1 Gebeure

Dit is duidelik dat daar in die boek 'n baie sterk verslegtingsproses plaasvind. Die Smales'e verloor al hulle goed, maar kom met hulle lewe daarvan af. Hulle bevind hulle aan die begin van die boek in 'n betreklik veilige toestand, met hulle relasie met hulle getroue swarte nog heel. Al gou begin hierdie betreklik veilige toestand deterioreer. July

eis naamlik, sonder dat hy dit ooit in soveel woorde sê, die bakkie op as beloning vir sy dienste, ook sy dienste oor die afgelope 15 jaar. Dit noem Bremond (1977:202) "het nemen van krediet": die Smales'e is by hom in die skuld vir sy jare diens, vir sy hulp in die noodtoestand, en as blankes ook vir die 350 jaar se vernedering en diskriminasie. So verloor hulle hulle enigste ontsnappingsmiddel. Maureen probeer onderhandel, maar July weier enige onderhandeling, selfs al dreig sy later by implikasie om sy vrou van sy houvrou in die stad te vertel, en selfs al plaas sy later haarself op die spel. In die onderhandelings sê sy en July albei kwetsende dinge. Hy weier byvoorbeeld om haar as gelyke te ontmoet in die onderhandelings, en sy kwets hom weer in die voorlaaste onderhandeling deur te sê dat hy niks van masjiene af weet nie. Dit versteur die verhouding tussen hulle verder. Die laaste druppel in die emmer is July se weiering om die geweer te help soek, en Maureen se beskuldiging dat hy die bakkie net wil hê om mee te spog en groot te doen. In die laaste hoofstuk vlug Maureen blindelings uit die onhoudbare toestand van absolute afhanklikheid van July. Dat die hoofman Bam se haelgeweer opeis, is ook neem van krediet vir die beskerming wat hy aan Bam-hulle bied en ook deels vergoeding vir 350 jaar se onreg. Die geweer word egter gesteel voordat Bam kan besluit of hy gaan doen wat die hoofman eis. (Daniël, as swarte, oefen sy reg op die geweer uit, so word dit voorgestel.) Dit dompel Bam dieper in die skuld, want hy is nou nie meer in staat om sy verpligting teenoor die hoofman na te kom nie. Bremond (1977:202) skryf:

Het zich onttrekken aan zijn verplichtingen betekent echter binnen het perspectief van de schuldeiser een verdubbeling van de schuld: die schuldenaar zal niet alleen een dienst hebben te verrekenen, maar ook nog een nadeel.


Die Smales'e bevind hulle dus aan die einde in 'n onbenydenswaardige toestand: sonder heenkome, teen wil en dank vasalle


van die hoofman, totaal afhanklik van July. Deur die verlies van sy haelgeweer is Bam as mens totaal afgetakel. Daar is geen hoop meer nie.

In figuur 5.1 verskyn 'n analise van die gebeure in hierdie roman volgens Bremond se narratiewe logika. Dit is dikwels maar 'n ruwe benadering van die subtile verskuiwing wat in die boek plaasvind. Die skema laat byvoorbeeld nie reg geskied aan die gesprekke tussen July en sy vrou, Martha, nie. In daardie gesprekke word meestal die afstand geartikuleer wat daar bestaan tussen haar wat op die platteland gebly het en hom wat 15 jaar lank in die stad gewerk het. Dit is nie net verskille nie, maar ook suspisies of jaloesieë oor ongedeelde ervarings, ongedeelde verhoudings. In die laaste gesprek, waaruit blyk dat July terug wil stad toe, maar Martha wil bly, sê hy ook dat sy geld nog in die stad is. Dit lyk asof hy minstens 'n deel van die blankes se materialisme aanvaar het. Dit is ook daarom dat hy die bakkie wil besit - as statussimbool. Dié dat Maureen hom in die laaste onderhandeling daarvan beskuldig dat hy wil wins maak terwyl die ander veg (p. 153). Dit is nie net 'n verhaal van boontjie kry sy loontjie nie, van "toe, julle wittes, julle wou mos" nie, maar ook 'n verhaal van menseverhoudings en van die moeilike kommunikasie tussen mense. Nie net tussen Maureen en July is die kommunikasie moeilik en gebrekkig nie, ook tussen July en Martha en tussen Maureen en Bam. Tussen Maureen en haar man tree daar langsaam 'n verwydering in as die ekonomiese grondslag van hulle verhouding verbreek word. Daarteenoor steek Maureen en July die grense van 'n vyftien jaar oue verhouding oor en beweeg meer in die rigting van 'n man-vrou-verhouding, kleur ten spyte. Hulle kan mekaar egter nooit op gelyke voet vind nie. Daar is te veel wedersydse verpligtinge tussen hulle.

Die boek is, nes A ride on the whirlwind en Op die rug van die tier, 'n afstropingsroman: Maureen verloor al haar besittings, en selfs ook haar man, kinders en bediende. Op

FIGUUR 5.1 Analise van gebeure in July's people





[July]

[Dreigende gevaar
- Afweerproses: verbied Maureen om by vroue
te wees
- Misluk = Misstap: hy kan nie masjiene
heelmaak nie.

- Genoegdoeningsproses

[Moontlike intimidasie
- Intimidasieproses:
Hoofman wil hulle spreek
- Geslaagde intimidasie

[Hoofman]

- Moontlike kredietneming

= [Mislukte onderhan-
deling

= [Verkry
genoeg=
doening:
Maureen
erken bak=
kie is syne
(p. 101)

- Kredietnemingsproses:
eis dat
Bam huursoldaat moet wees

[Bam]

[Moontlike uitweë

- Geslaagde
kredietneming

= [Geen uitweg (aandag op die geweer gevestig)
[Daniël]

= [Dreigende gevaar (Smales' e onbewus daarvan) v.

Kredietneming

.
.
.

- Afweerproses

[Daniël]

[Moontlike afleiding
- Afleiproces: gumba-gumba-man
- Geslaagde afleiding

- Mislukte afweer: =
geweer gesteel

= [Moontlike appèl om hulp
 [Appèlproses (vra om tussenkoms van die bondgenoot, July) (Onderhandeling no. 3) (p. 148 e.v.)
 [Mislukte appèl = [Vra genoegdoening
 [Genoegdoeningsproses : vertel vir July die waarheid oor die bakkie (p. 153)
 [Verkreë genoegdoening

FINALE VERSLEGTE = MISSTAP =

TOESTAND
 (volkome afhanklik van July)

= [SWAK TOESTAND
 [VERBETERINGSPROSES
 [Moontlike opoffering/waagstuk
 [Opofferingsproses / uitvoer van die waagstuk
 resultaat oopgelaat (kan slaag of misluk)
 (Daar is egter suggesties dat
 dit slaag)

die ou end bly sy oor as mens. Sy word afgestroop totdat net die essensiële oorbly: die mens op sy eie, sonder verantwoordelikhede. Amper heel aan die einde van die boek staan die volgende woorde:

She runs: trusting herself with all the suppressed trust of a lifetime, alert, like a solitary animal at the season when animals neither seek a mate nor take care of young, existing only for their lone survival, the enemy of all that would make claims of responsibility.

(p. 160)

Uit die gebeure alleen is dit reeds moontlik om af te lei dat July's people nie uitsluitlik 'n politieke roman is nie.

In figuur 5.1 bly daar een ding oor om te verduidelik. Dit is die teken //. Daarmee dui ek aan dat die betrokke twee tonele parallel aan mekaar is en nie in mekaar ingebed of gejuksaponceer is nie. Dit is die toneel tussen July en Martha waarin sy hom uitvra oor die vroue in die stad, en die toneel tussen Bam en Maureen nadat sy die katjies ver-suip het en hy haar bejammer oor die dinge wat sy noodgedwonge moet doen (resp. pp. 81 - 84 en 85 - 90). Die gesprek tussen July en Martha is belangrik, omdat die dreigement van Maureen dat sy vir Martha van sy houvrou sal vertel daarin verder ontwikkel word. Martha se suspisie gee gewig aan Maureen se dreigement en bring 'n verskuiwing in die relatie tussen haar en July en July en Maureen teweeg. Daar is 'n soort verwydering tussen hom en Martha - iets wat dwarsdeur die boek bestaan, omdat hy weggegaan het stad toe om te gaan werk. Dit word egter teen die einde van hierdie hoofstuk ook in die ruimtebeskrywing uitgedruk: daar vind 'n verdeling plaas:

The single source of light, from the doorway, axed the interior diagonally; on the one side, women, the planes of the bay of mud plaster behind them lifted into ginger-gold, richly-moted relief like the texture of their faces, on the other, the man in darkness.

(p. 84)

In die gesprek tussen Maureen en Bam vind daar ook 'n verwydering plaas. Die wyse waarop sy hom aan die verstand bring dat sy die onaangename plig uitgevoer het om die katjies te versuip, eggo 'n situasie wat dikwels in hulle suburbs=lewe voorgekom het. "This kind of repartee belonged to the deviousness natural to suburban life", beskryf die verteller dit (p. 88). Dit kom dikwels voor in 'n erotiese konteks of gee aanleiding tot seks. Dié keer, in die hut, is dit egter 'n parodie van seks. As Maureen haar borste ont=bloot, is dit nie om aan te lok nie, maar om van die vlooië ontslae te raak. Dit kom neer op wat die verteller noem "a castration of her sexuality and his" (p. 90).

Deur hierdie twee verwyderings raak Maureen en July meer op mekaar aangewys. Die uitwerking van die twee tonele is eenders. Daarom is ek geneig om hulle parallel te plaas, al is die toneel tussen July en Martha bedoel as 'n oorgang tussen die euforie van die hoofstuk waarin Bam die vark skiet, 'n inisiasie ondergaan en 'n oorwinningsfees gevier word, en die hoofstuk van lemoensakkies en katte waarin die verwydering tussen Bam en Maureen sterk op die voorgrond tree.

Dit is duidelik dat die gebeure in die boek ondergeskik is aan die karakters en veral aan die verhoudinge tussen die karakters. Dit is aan die karakters dat ek vervolgens aandag wil gee.

5.2.2 Karakters

Maureen, Bam en July is die drie belangrikste karakters in die boek. Van hulle is Maureen weer die belangrikste. Dit blyk onder andere daaruit dat haar perspektief die meeste in die boek aangebied word. Tussen hierdie drie is daar byna 'n klassieke driehoekverhouding: byna, omdat die verhouding

tussen Maureen en July dié van werkgewer tot werknemer is, hoewel dit in die loop van die boek verander. Die verhouding tussen Bam en July is in die boek van minder belang. As Bam byvoorbeeld besig is om 'n tenk in die stat op te sit, word die verhouding tussen hom en July so beskryf (p. 25):

...they worked together more or less as they did when Bam expected July to help him with the occasional building or repair jobs that had to be done to maintain a seven-roomed house and swimming-pool.

Daarom sê Maureen ook tydens haar eerste onderhandeling met July (p. 71):

Bam's not your master....Bam's had damn all to do with you, in fifteen years. That's it. You played around with things together in the tool shed. You worked for me every day.

Hierdie onderhandeling is ook 'n poging om die saaklike verhouding van 15 jaar verby te steek om by 'n vriendskapsverhouding uit te kom. Maureen probeer 'n ander verhouding stig as sy vir July daarop wys dat hy nie meer 'n bediende is nie. Sy probeer die verhouding herdefinieer as vriendskap (p. 72):

If I ask you for the keys now it's not the key of the kitchen door! It's not as a servant you've got them. Is it? But a friend - he asks, he asks...and he gives back...and when he wants something again, he asks again.

As July op hulle verpligting bly hamer en Maureen dreig met sy stadsvrou, Ellen, word die verhouding onherroeplik anders. Die verteller sê hulle beweeg oor "fifteen years of no-man's-land" en staan teenoor mekaar as duellists of conspirators; een van die twee moontlikhede sal gerealiseer word. Miskien verwag Maureen nog dat 'n toenadering moont-

lik is, maar die verteller weet van beter. Hy het July reeds op p. 9 vergelyk met die paddaprins - 'n sprokie waar- in die padda vir sy hulp onverbiddelik die krediet opeis.

Dit is waarskynlik omdat Bam nie die verskuiwing van die verhouding tussen Maureen en July meemaak nie, dat daar verwydering tussen hom en sy vrou kom. Hy deel skynbaar ook nie Maureen se gevoel van desoriëntasie nie. Sy verander, omdat sy dinge ontdek wat sy nie geweet het bestaan nie (vgl. p. 29). Daarby kom dat seks vir hulle in die hut, tussen die kinders, onmoontlik is en dat die kommunikasie tussen hulle bemoeilik word, omdat die kinders altyd in die buurt is en hulle gedurig gespanne is oor wat met hulle gaan gebeur. Hierdie daaglikse spanning het die erotiese spanning tussen hulle vervang (vgl. p. 37).

Hoewel hulle in die oorwinningsroes, nadat Bam die varkies geskiet het, weer seksueel verkeer, word die verwydering tussen hulle kort daarna 'n werklikheid. Dit is tydens die tweede onderhandeling met July dat Maureen beseef dat haar man in hulle huidige posisie niemand is nie: "an architect lying on a bed in a mud hut, a man without a vehicle".

Sy verag hom nie, maar voel van hom verwyderd, sy voel asof -

she had gone on a long trip and left him behind in the master bedroom: what was here, with her, was some botched imagining of his presence in circumstances outside those the marriage was contracted for.

(p. 98)

Daarteenoor staan haar vrees vir July - nie 'n fisieke vrees nie, maar die ontdekking dat haar goeie behandeling van hom vir hom die vernedering self geword het en dat dit die enigste betekenisvolle ding tussen hulle is. In haar lewe is hy dus 'n betekenisvolle figuur; haar man nie meer nie.

Daarom is dit ook nie vreemd dat Bam se reuk in die hut haar walg nie. Back there het sy nie sy reuk geken nie, ook nie

haar eie nie. Die vervreemding is hier 'n fisieke vervreemding:

There were no windows in the mud walls to open wide and let out the sour smell of this man. The flesh she had caressed with her tongue so many times in bed - all the time it had been a substance that produced this.

(p. 103)

Op die punt om hulle verpligte besoek aan die hoofman te bring, is Bam bewus van die vreemdheid van sy vrou. Die gewone relasies van "vrou", "consort", "woman", "other half", die eenheidsfront wat hulle back there teen enige bedreiging gevorm het, is weg. In plaas van "Maureen" of "his wife" bly daar vir hom oor net "her", iemand met 'n

sense of self he could not follow because here there were no familiar areas in which it could be visualized moving, no familiar entities that could be shaping it. With 'her' there was no undersurface of recognition; only moments of finding each other out.

(p. 105)

Hier het die verwydering al baie ver gevorder.

As Bam se geweer gesteel word en hy na 'n vrugtelose soektog wanhopig op die bed gaan lê, is die verwyderingsproses voltooi. Dan is daar niks meer om Maureen aan hom te bind nie. Dit blyk ook uit die manier waarop sy na hom kyk en uit die frase wat gebruik word: nie Bam of my husband nie maar this man who had nothing. Reeds aan die begin van hoofstuk 12 (p. 138) het sy aan hom gedink as "the blond man (who) fiddled with the radio".

Die laaste gesprek met July beteken ook die vernietiging van enige relasie wat daar moontlik tussen hulle bestaan het. As July haar versoek weier om die haelgeweer te help terugkry, beskuldig sy hom van die diefstal van klein dingetjies uit haar huis. Die finale vernietiging is haar beskuldig-

ing dat hy homself verryk terwyl ander sterf, dat hy 'n bakkie steel, maar dat dit ook maar later sal vergaan, "another bit of rubbish" sal word (p. 153). Die slot van dié toneel is die "death's harpy image" wat Maureen teen die kap van die bakkie vorm - 'n ironiese parodie van die verleidelike meisies op 'n motorskou. Maar selfs dit verstaan July nie, omdat hy nog nooit op 'n motorskou was nie. Geen kommunikasie is tussen hulle moontlik nie. Die breuk is voldonge.

Aan die einde van die verskuiwings in die boek is Maureen vervreem van haar man. Haar kinders het haar nie meer nodig nie - hulle sorg vir hulleself (vgl. p. 125). Met July kan sy geen bevredigende relasie opbou nie. By haar terugkeer in die stat speel die versterker 'n liedjie uit die swart townships: Baby, baby come duze - duze - duze. Duze is, volgens Schuring (1981:125) afgelei van Zoeloe eduze, wat "naby" beteken. Baby come duze vertaal hy daarom as "Kind-jie, kom nader" of "Kom, wees deelgenoot, Niggie" of "Kom, werk saam, Meisie". Dit is, sê Schuring, "n soek na vriendskap, 'n vraag om die afstand te oorbrug", die afstand naamlik tussen die man en die begeerde meisie. Dit is in die konteks van Maureen, wat so pas die groot afstand tussen haar en die swartes besef het, geweldig ironies. Sy staan volkome afhanklik van die gunste van July, besit niks. Vir haar is daar nie eers die vooruitsig wat daar vir July back there was om eendag oud te word en met pensioen af te tree nie. Kortom, sy bevind haar in 'n onhoudbare situasie.

Hierdie onhoudbaarheid verklaar deels die slot van die boek: Maureen hoor 'n helikopter, dit land in die omgewing, en sy laat staan alles, selfs haar man en kinders, om blindelings in die rigting van die helikopter te hardloop. Waarskynlik bied dit uitkoms uit die onhoudbare situasie by July-hulle, omdat dit 'n einde sal bring aan die onsekerheid. Dit sal óf onmiddellike dood of gevangenskap, óf (hoewel heel on-

waarskynlik) redding beteken. (Bam en Maureen bespiegel telkens in die boek oor die moontlikheid dat Amerikaanse vliegtuie dalk gestuur sal word om blankes te red.)

Twee ander verklarings vir die slot is moontlik: 'n psigologiese en 'n eksistensialistiese. Psigologies kan mens seker sê dat Maureen haar in 'n toestand van skok bevind. As gevolg van die spanning waarin sy leef, ly sy aan 'n kortstondige situasionele versteuring (transient stress disorder, Kisker, 1964:195). Regressie na 'n vroeër ontwikkelings stadium is een van die simptome daarvan. By Maureen kom dit voor in die vorm van herinnerings aan haar verste verlede: haar ouerhuis op Westonaria. Daar is verskillende siektetekens in die boek. Maureen is gedesoriënteer na tyd en plek. Dit bereik 'n hoogtepunt na hulle terugkeer van die hoofman. Maureen ervaar 'n identiteitskrisis, 'n gebrek aan "sense of self" word dit in die boek genoem (p. 139). Dit kom veral tot uiting in die deurmekaarspeel van haar verlede:

She was not in possession of any part of her life. One or another could only be turned up, by hazard. The background had fallen away; since that first morning she had become conscious in the hut, she had regained no established point of a continuing present from which to recognize her own sequence. The suburb did not come before or after the mine. 20, Married Quarters, Western Areas, and the architect-designed master bedroom were in the same rubble. A brick picked up might be Lydia's loaf.

(p. 139)

Later word dit genoem "the feeling of not being there" (p. 148). Dit is 'n identiteitsloosheid selfs erger as dié van bome, wat immers in 'n taksonomie opgeteken staan, anders as sy. By haar terugkeer van die konfrontasie met July word sy vergelyk met 'n alkoholis: net soos 'n alkoholis se gesin weet hare nie van haar toestand nie of gee hulle voor

dat hulle nie weet nie (p. 154). Dit is dus in 'n toestand van tydelike waansin dat sy die helikopter tegemoet hard=loop. Die "morbid symptoms" tree veral by haar na vore.

Dit is 'n baie verleidelike interpretasie dié, maar tog een wat nie heeltemal te rym is met die slotparagrafe van die boek nie. Die slot is veel positiewer as dit. Daar is 'n hele paar tekens van nuwe lewe in die slotparagraaf. As sy (die naam Maureen word net twee keer in die laaste hoofstuk gebruik; hier in die slotgedeelte glad nie) die water binne=gaan, word sy vergelyk met "some member of a baptismal sect" wat die water binnegaan "to be born again" (p. 159). In die water wankel haar ewewigsgevoel, maar sy kom regop as sy die oorkantste wal bereik. Ook dit kan simbolies opge=vat word: sy herstel na 'n tydperk van geestelike wankeling. Sy bereik die wal "she has never crossed to before" (p. 160). Dit kan die deurbreking van 'n grens, dit wat haar tot dus=ver ingeperk het, simboliseer. Daarom is dit ook 'n teken van nuwe lewe. Dit is asof haar "sense of self" vir die eerste keer herstel word. Dat sy weghardloop, haar man en kinders versak, is dus, in die sin van Camus, 'n daad van selfbevestiging, 'n sprong in die duister, maar 'n eksisten=siële sprong. Daarom gebeur een van die "fairy-tale trans=formations" in die boek hier: die bos wat deurgaans as 'n bedreiging en 'n grens voorgestel word, verander in 'n park:

There are patches where airy knob-thorn trees stand free of undergrowth and the grass and orderly clumps of Barberton daisies and drifts of nemesia belong to the artful nature of a public park.

(p. 160)

G'n wonder dat die verteller hierdie bos beskryf as magieser as die "romantic forests of Grimm or Disney" nie.

Daar sit iets feministies aan hierdie she runs, die argeti=piese she, sonder enige toegewings aan wie ook al. En dit,


dink ek, verklaar 'n paar enigmatiese uitsprake van die verteller in die loop van die boek. Toe Bam die bakkie gekoop het, het Maureen daaroor gelag, omdat hy daardeur getoon het: "a glimpse of the self that does not survive coupling" (p. 6). As Bam en Maureen in die nag wakker word omdat hulle die bakkie se enjin hoor, het Bam, volgens die verteller, "the menacing aspect of maleness a man has before the superego has gained control of his body... His penis was swollen under his rumpled trousers" (p. 39). Tussen July en Martha is daar 'n soort afstand, meer as die afstand tussen 'n man wat dikwels weg van die huis is en sy vrou: dis iets van vroue aan die een kant en mans aan die ander. In byna al die tonele saam met sy vrou, is July uitgesluit van die binnekring, is daar 'n skeiding. In haar poging om 'n nuwe verhouding met July te stig, is daar by Maureen 'n weiering om aan hom onderdanig te wees soos wat sy aan haar man was (p. 101). En dit ondanks haar vrees vir July - die eerste keer in haar lewe dat sy vir 'n man bang is (vgl. p. 98). Dit is miskien die onhoudbaarste van alles vir Maureen: dat sy aan July onderdanig sal moet wees. Haar vlug is dus ook 'n vlug vir dominansie deur 'n man. En dit, dink ek, moet mens in die konteks van die boek interpreteer as een van die tekens van die nuwe: in die nuwe samelewing gaan vroue hulle afsonderlikheid as vroue behou, onafhanklik van man en kinders.

Aktansiële patroon

Uit die slot is dit duidelik dat Maureen slegs vir haarself lewe, slegs haar eie voortbestaan ten doel het. Dit was nie van die begin af so nie maar is die eindpunt van die ontwikkeling wat sy in die loop van die boek deurmaak. 'n Mens kan dit miskien beskryf as die verwerping van 'n nuwe lewensdoel.


As belangrikste karakter in die boek moet mens aan Maureen die rol van aktant-subjek toeken. Aan die begin heers haar ou lewensdoel nog: sy streef die welsyn van haar en haar gesin na, gehelp deur Bam en July. Dit is 'n bestaanswyse wat moontlik gemaak word deur 'n bepaalde samelewing - die samelewing oorheers deur blankes. Dit kan in die volgende figuur saamgevat word:

Figuur 5.2 Aktansiële struktuur van July's people
(aanvanklik)



As die hele samelewingstruktuur verander, verander die aktansiële patroon van die boek ook. Deur die samelewingsomstandighede word die ou lewensdoel bevraagteken en verander die helpers in teenstanders. Die patroon lyk dan so:


Figuur 5.3 Aktansiële struktuur van July's people
(teen die einde)



Die kategorie helpers in die tweede diagram is problematies. Wat is dit eintlik wat Maureen help om haar belangrike besluit van die slot te neem? Die helikopter speel 'n belangrike rol; dit is miskien die finale oorsaak. 'n Ander belangrike faktor is Maureen se "dancer's poise" - iets wat herhaaldelik genoem word. "Trusting herself with all the suppressed trust of a lifetime", soos dit teen die einde beskryf word, is maar weer die "poise" met ander woorde. Die belangrikste helper is dus 'n innerlike krag wat Maureen iewers vandaan haal, ontwikkel en versterk deur haar omstandighede, die post-revolusionêre toestand waarin sy haar bevind.

Hieruit is dit duidelik dat die aktansiële patroon van die boek nie eenvoudig is nie, nie maklik is om te ontrafel nie. Dit is allermens so eenvoudig as wat Maureen dit aanvanklik voorstel toe sy hulle ontsnapping as 'n soort sprokie beskryf het (p. 9). Hierin stel sy die rekenmeester wat hulle gewaarsku het gelyk aan die waarskuwer in swart volksverhale, die horingbekvoël. Die bakkie is die voertuig wat hulle na veiligheid bring en July is die "chosen one", "frog prince, saviour". Die paddaprins speel in die sprokie die rol van helper, maar die religieuse woorde soos saviour en chosen one suggereer dat July meer as net helper is. Hy het hulle lewens in sy hande en kan daarom in hierdie voorstelling van sake as begunstiger beskou word. Geskematiseer lyk Maureen se verromantiseerde voorstelling van die aktansiële kragte dan so:

Figuur 5.4 Verromantiseerde aktansiële skema van
July's people



Die bakkie is in die boek so belangrik dat 'n mens dalk daar= aan die status van 'n aktant moet toeken. Dit is egter inter= essant dat die plek daarvan in die slot deur die helikopter ingeneem word. Dat hierdie dinge nie in staat is tot self= standige handeling nie, is in die verhaalkonteks nie 'n be= letsel nie, maar miskien moet mens tog agter hulle na 'n handelende instansie gaan soek: die mens en sy tegnologiese vaardighede dalk?

Die slot van July's people laat my onmiddellik dink aan die slot van die Afrikaanse novelle Ons wag op die kaptein (1963) van Elsa Joubert. In hierdie novelle sit die karakters ook in 'n opstandsituasie en wag op die koms van die kaptein. Die kaptein neem gaandeweg al meer religieuse gestalte aan: die een wat rekenskap kom eis, die regter. Die helikopter is hier, as dit heel teen die einde verskyn, 'n vrugbaarheid= simbool, simbool van nuwe lewe. Dit gaan ook gepaard met "n geweldige wind en 'n oorverdowende gedreun" (Joubert, 1968: 129). In die heel laaste sinne van die novelle word alle ver= skille tussen wit en swart deur die helikopter uitgewis en kan iets nuuts begin:

Die oë van die wagtendes word verblind deur die stof, sodat swart en wit, vasklouend aan die hek wat tussen hulle is, nie meer weet: hierdie hand is swart en hierdie een wit nie.

(p. 130)

Die helikopter in die slot van July's people moet beskou word as 'n ewe magiese voertuig as die helikopter van Joubert; ewe magies ook as die geel bakkie wat hulle uit die stad red. In die slot van July's people is dit egter nie 'n kollektie= we redding nie, maar 'n individuele - slegs vir Maureen be= skore. Die helikopter is letterlik 'n deus ex machina - iets uit 'n ander dimensie, die dimensie van die nuwe. Die slot is daarom allesbehalwe realisties.

Hoe realisties is die uitbeelding van die karakters? Hier-
voor moet mens die karakterisering ontleed.

Karakterisering

As ek die karakters in July's people moet tipeer, sou ek sê dat die Smales'e redelik vlak bly. In watter rigting Maureen "in die toekoms" ook al sou ontwikkel, in die boek bly sy maar die tipiese liberale middelklasvrou. Haar mees individualiserende (en dalk, soos ek al gesê het, reddende) eienskap is haar dansersewewig, dansershouding. Bam bly 'n tipiese middelklasberoepsman, losgeslaan van sy ankers. Die mees geïndividualiseerde karakter is ongetwyfeld July, deels omdat hy tussen twee wêreldes staan: dié van die wittes en dié van die swartes. Die boek word egter dermate oorheers deur die teenstelling tussen toe en nou dat die karakters eintlik bloot rolle is: baas, miesies en swart bediende uit die tipiese middelklas.

'n Tegniek wat die skryfster baie gebruik - verbasend en anachronisties sedert Virginia Woolf (1919) op human nature itself begin fokus het - is die tipering van karakters deur hulle besittings. Dit pas natuurlik mooi in 'n teorie waarvolgens die onderbou die bobou bepaal. Maureen is 'n karakter met net twee verledes - albei aan ruimtes gekoppel. Die eerste verlede is haar jeugjare in 20, Married Quarters, Western Arcas. Dit is na die ruimte van haar slaapkamer in die skofbaas se huis dat sy heel aan die begin terugkeer om haar te oriënteer. Sy fokus op die dinge, objekte, wat sy versamel het:

the miniature brass coffee-pot and tray, the
four bone elephants...the khaki pottery bull-
dog with the Union Jack painted on his back.

(p. 3)

Verder fokus die beskrywing nie op die meubels nie, maar op ander dinge: "a lavender-bag trimmed with velvet forget-me-

nots", "the dented silver stopper of a cut-glass scent bottle": Dit is meer as "reality effects", dit is simbole van 'n lewenswyse op dinge, besittings, gebou. Dit staan in kontras met die dinge in die hut waarin hulle hulle in die hede van die verhaal bevind:

the other objects of the place belonged to another category: nothing but a stiff rolled-up cowhide, a hoe on a nail, a small pile of rags and part of a broken Primus stove, left against the wall.

(p. 4)

Die betekenis van hierdie dinge word later in die boek omskryf as "segments kept as objects in themselves by those who had so few that useless possession itself was the treasure" (p. 39).

Maureen se tweede verlede word gekoppel aan die huis in die voorstad, spesifiek aan die "master bedroom en suite". Hierdie ruimte word nie opgeroep deur middel van sy meublement nie, maar deur die seksuele geleentheid wat dit bied. Dit is die ruimte in die boek wat by uitstek simbolies is van die liberale middelklasleefwyse. Dit is nie die interieur daarvan wat saak maak nie, maar die grootte.

Bam word byna volledig getipeer deur sy besittings: die bakkie, uitdagend geel, 'n luukse, en die haelgeweer. In die beskrywing van die haelgeweer val die klem weer op die dinglikheid daarvan:

the barrels ...two blue-steel tunnels with an immaculate burnish, a precision of echoing roundness spinning away with the light that whirled along them - something more perfect than any object in the settlement or that he [Daniël] had ever seen, anywhere.

(p. 76)

As Bam hierdie besittings verloor, is hy 'n gebroke man.

July word nie so sterk soos die ander twee hoofkarakters deur sy besittings getipeer nie, bloot omdat hy aan die begin feitlik niks van sy eie het nie. Dit sê wel iets van hom dat hy in die loop van 15 jaar kleinighede uit die Smales-huis "gesteel" het en dat sy hut "smartened-up" is met "some things from home", soos Bam dit beskryf (p. 66). Die ander karakters word getipeer deur hulle besittingloosheid. Al hierdie dinge is natuurlik sosiologiese eerder as persoonlike eienskappe, en illustreer die oorheersende belang van die situasie in die boek.

Oor die uiterlike van die karakters is die verteller nogal terughoudend. Eers betreklik ver in die boek lees ons hoe die hoofkarakters lyk, en selfs dan word die beskrywings van die uiterlike van die karakters so geplaas in die boek dat dit ook 'n dramatiese funksie kry. Eers op p. 60 word Bam se uiterlike beskryf:

Only a colourless texturing like combings from raw wool across the top of his head from ear to ear remained to Bam - he had begun to go bald in his twenties. The high dome reddened under the transparent nap. His eyes were blue as Gina's shining out of dirt.

Dat hy kaalkop is, is van belang, omdat hy die gewoonte het om oor sy bles te vryf as hy onder druk verkeer (byvoorbeeld op p. 112). Dat hy bles is, kan ook goed by die Freudiaanse onderstroom in die boek aansluit, omdat 'n bles volgens Freud 'n simbool van kastrasie is (Freud, 1948:364).

Hoe Maureen lyk, kom ons betreklik gou agter: net nadat sy aan Martha voorgestel is, word sy deur Martha aan July beskryf: die gesig "not a nice, pretty face", geen "beautiful dress" nie, die hare "funny and ugly", "dark bits and light bits", "like the tail of a dirty sheep" (p. 22). Back there

was sy natuurlik anders. Maureen is die karakter by wie mens die fisieke agteruitgang die duidelikste kan sien: T-hemp en vuil jannas, haar voete en kuite "as dirty as a hobo's" (p. 78). In die reël word die karakters se uiterlike deur die oë van 'n medekarakter gesien. In hierdie geval is dit Bam wat Maureen se onversorgde toestand raaksien. Later, saam met die vroue in die veld, beleef sy haar eie onversorgdheid as 'n soort parodie van die jong danseres van Westonaria (p. 92):

She rolled her jeans high, yellow bruises and fine, purple-red ruptured blood-vessels of her thighs, blue varicose ropes behind her knees, coarse hair of her calves against the white skin showed as if she had somehow forgotten her thirty-nine years and scars of child-bearing and got into the brief shorts worn by the adolescent dancer on mine property.

July se uiterlike word eers laat beskryf, asof hy as bediende gesigsloos was en eers met sy nuwe status 'n gesig kry. In die heel eerste toneel van die boek is hy nie veel meer as 'n swart hand nie. Bediende bly hy nog die oggend van die eerste reëndag, gesigsloos: in die oë van die kinders is hy nog maar die bekende figuur met "khaki-trouserred backside higher than felted black head" (p. 53). In die volgende hoofstuk is die Smales'e darem al bewus van sy gesig en die vernedering wat daaruit straal as hulle die bakkie se sleutels terugvra. Dit is egter eers in die heel laaste konfrontasie met Maureen dat sy gesig in besonderhede beskryf word. Dan eers (p. 153) het hy volwaardige identiteit, kan mens sê:

His familiar head, newly shaved by a villager who barbered under a tree, his broad soft mouth under the moustache, his eyes white against the dark of the face blurred by the dimness, now, of all things at the earth's level under the high light of the sky, faced her.

Dit is interessant om na te gaan watter karakter watter karakter beskryf. Daaruit kan iets oor die kragverhoudings in die boek afgelei word. Omdat haar perspektief die meeste in die boek aangebied word, is dit nie verbasend nie dat dit Maureen is wat die ander karakters die meeste beskryf. July en Bam en selfs Martha word hoofsaaklik deur haar beskryf. Sy word deur Bam beskryf (byvoorbeeld in die gedeelte waar hy bewus is van haar vreemdheid, p. 104 - 5), maar slegs 'n enkele keer deur July: in hulle laaste konfrontasie is hy bewus van haar "cold cat-smell when she sweated" (p. 151). July word ook 'n keer of wat deur Bam beskryf. Hy sê byvoorbeeld van July "he's always been so correct" (p. 58). Die omgekeerde, dat July vir Bam beskryf, kom glad nie voor nie. Dit dui natuurlik Bam se ondergeskikte rol in die boek aan.

Dit is veral in gesprekke dat die karakters in hierdie boek hulleself onthul. Intieme of openhartige gesprekke vind plaas tussen Maureen en Bam, Maureen en July en ook tussen July en Martha. So sien die leser twee kante van Maureen: haar vrou-en-moeder-kant en haar werkgeefster-kant. Dié twee kante verskil egter nie so baie soos die twee kante van July wat die leser leer ken nie. In sy relasie met die wit-tes word hy getipeer deur die gebrekkige Engels wat hy besig, maar teenoor sy vrou word hy in vlot, idiomatiese Engels aan die woord gestel. Dit vergroot sy kompleksiteit. Nog komplekser en misterieuser word July deurdat sy gebrekkige Engels deur Maureen vertolk moet word. Hy praat as 't ware in raaisels. Sy interpreteer byvoorbeeld July se woorde oor die magteloosheid en gedwonge gehoorsaamheid van die hoofman deur dit op July self toe te pas: "He always did what the whites told him" (p. 128).

In sy laaste gesprek met sy vrou gee July belangrike inligting prys oor sy geld wat nog in die stad is en van sy drome dat hy sal terugkeer, maar dit maak sonder Maureen se inter-

pretasie van sy lewe nie sin nie. As July later in sy eie taal uitbars teenoor Maureen, is dit weer sy wat weet wat hy sê, wat dit kan vertolk (vgl. p. 326 hieronder waar ek dié paragraaf aanhaal): sy kan sy woede oor die beeld van homself wat sy aan hom opgedring het, begryp.

Die uitbeelding van die karakters word versterk deur 'n aantal onderlinge analogieë tussen hulle. Daar is 'n parallel tussen Maureen en Bam enersyds en July en Martha andersyds, soos ek reeds hierbo (p. 284) aangetoon het. Teen die einde van die boek word die verhouding tussen Maureen en July ook gekontrasteer met die verhouding tussen haar en Bam. Die verhouding tussen die Smales'e en July word geëggo deur die verhouding tussen Maureen en die swart vroue van die gemeenskap. July, Daniel en die hoofman is analoog in dié sin dat hulle al drie krediet neem vir bewese dienste, aanspraak maak op dinge wat aan die Smales'e behoort. En in die delataste hoofstuk is daar die merkwaardige identifikasie van Maureen met die gumba-gumba-man. Dit, dink ek, simboliseer haar verlange na ontsnapping.

Een manier waardeur die skryfster voorkom dat haar karakters blote tipes word, is die wyse waarop sy hulle hulle tyd en ruimte laat beleef. Dit word in hoofsaak onder tyd (vgl. hieronder p. 321 e.v.) behandel. Daar is egter een faset van die karakters se ruimtebelewing wat hier ter sake is. Maureen is 'n volledige karakter as Bam, omdat sy van 'n groter verlede bewus is: sy het ook 'n jeug, wat ons nie by die ander karakters kry nie. Maureen is deurgaans ook baie bewus van die bakkie in sy wegsteekplek waar daar eers 'n hut was.

Daar is in die boek eintlik net twee ruimtelike sentrums, naamlik die hut en die plek waar die bakkie staan. Op hierdie twee plekke vind amper al die belangrike gebeurtenisse van die boek plaas. Net twee ekskursies word daarvandaan onderneem: die besoek aan die hoofman en die vlug van Maureen. Die ruimtelike ordening druk ook magsverhoudings

uit. Met die eerste onderhandeling is Maureen akuut bewus van dié faset van die ruimte. Daarom gaan sy nie na July se hut toe nie (back there het sy ook net by geleentheid na sy woonplek toe gegaan - net wanneer hy siek was, byvoorbeeld) maar laat hom na hulle hut toe kom. Dit is in dié konteks neutrale grond: niemand sal snaaks daarvan dink dat hulle daar met mekaar praat nie. Sy durf nie sy hut, sy domein betree nie. Daarin sien ons iets van die manlike mag van July.

Die tweede en laaste onderhandeling vind by die bakkie plaas. Die eerste keer dwaal Maureen onbewus in daardie rigting, maar sy is later tog daarvan bewus dat dit lyk asof sy na July kom soek het. Sy voel "helpless before the circumstantial evidence that they were now alone" (p. 95). Die laaste keer soek sy wel doelbewus na July: eers by die gum-ba-gumba, dan by sy vroue se hut, maar voordat sy die ruimte rondom die bakkie betree (wat vir July en Daniel 'n soort vergaderplek, 'n klub, geword het), beweeg sy asof vanself na die rivier, om daar onder die indruk te kom van die "heavy peace" van die bos, van haar eie feitlike nie-bestaan. Daaruit put sy egter op die een of ander manier tog krag om die manneruimte te betree en haar plek - dié van onderdanige vrou - te "oorskry". Die laaste konfrontasie is dus eintlik 'n magstryd, 'n stryd om grondgebied, om te rein. July besef dit as hy dink:

The only way to get away from her was to walk off and leave her, give up to her this place that was his own, the place he had found to hide the yellow bakkie and keep it safe.

(p. 151)

Maureen verloor hierdie stryd as sy aan die einde van die konfrontasie erken dat die bakkie syne is maar sê dat dit spoedig sal vergaan. Dit staan in kontras met die hoë verwagtings wat Martha van die bakkie koester: July sal daar=

mee handelware aanry en op dié manier by haar kan bly, later, as die vegtery verby is.

Miskien is dit die moed wat Maureen hier aan die dag lê om "uit haar plek" te praat wat haar in staat stel om later die bos in te vlug, want die bos word van die begin af deur die Smales'e ervaar as dreigend en begrensend. As hulle gevestig begin raak, is dit een van die eerste dinge wat hulle besef (p. 26 - 7). Die rivier is "the end of measured distance". Die bos word vergelyk met 'n swam wat sprei en sprei en spore, mense, tekens van bewoning, diere bedek. Dit is "confining in its immensity", so begrensend dat Maureen dit skaars waag om tot by die rivier te stap. Dat sy in die voorlaaste hoofstuk rivier toe hardloop maar daar omdraai, is 'n bevestiging van hierdie begrensing. In die laaste hoofstuk verander die dreigende bos egter toweragtig in 'n openbare park. Dan val die grens weg.

Maureen as die belangrikste karakteriseerder, die belangrikste sentrale bewussyn in die roman, word op haar beurt veral deur die weergawe van haar eie gedagtes in die vrye indirekte rede onthul, natuurlik altyd in die juiste perspektief geplaas deur wat ander oor haar sê of dink of deur kommentaar van die verteller. Voordat mens egter die gebruik van die vrye indirekte rede na waarde kan skat, is dit nodig om die vertelwyse en stem te beskryf.

5.2.3 Vertelwyse en stem

Hieronder gee ek eers aandag aan die perspektief en bespreek die funksie daarvan in die boek as geheel. Daarna bespreek ek die afstand, waaronder die vrye indirekte rede veral ter sprake kom. Ten slotte gee ek aandag aan die stem en die tydstip van vertelling.

Perspektief

Die norm in die boek is interne fokalisasie met Maureen as die belangrikste fokalisator: die grootste deel van die teks word uit haar oogpunt vertel. Die perspektief word egter ook verskuif na ander fokalisators. Bam, July, Martha, die kinders en selfs July se moeder tree by geleentheid as fokalisators op. Verder is daar sekere gedeeltes waarin ekstern gefokaliseer word, maar die norm van interne fokalisasie via Maureen is so sterk dat 'n mens die illusie kry dat hierdie gedeeltes ook Maureen se gedagtes weergee. Hierdie illusie word natuurlik versterk deur die gebruik van die vrye indirekte rede, omdat dit 'n vermenging van die stem van die verteller en die stem van die karakter is.

Reeds in die eerste paragrawe van die boek word die norm van interne fokalisasie en vrye indirekte rede gevestig:

You like to have some cup of tea? -

July bent at the doorway and began that day for them as his kind has always done for their kind.

the knock on the door. Seven o'clock. In governors' residences, commercial hotel rooms, shift bosses' company bungalows, master bedrooms *en suite* - the tea-tray in black hands smelling of Lifebuoy soap.

The knock on the door

no door, an aperture in thick mud walls, and the sack that hung over it looped back for air, some time during the short night. *Bam, I'm stifling; her voice raising him from the dead, he staggering up from his exhausted sleep.*

No knock; but July, their servant, their host, bringing two pink glass cups of tea and a small tin of condensed milk, jaggedly-opened, specially for them, with a spoon in it.

- No milk for me. -

Die eerste 8 reëls, behalwe natuurlik die eerste reël wat direkte rede van July is, is ekstern gefokaliseer en kan selfs as vrye indirekte rede beskou word, hoewel die woorde skat en veral die feit dat die swart hand in verskillende

situasies genoem word, daarteen pleit. Dit kan natuurlik louter 'n stuk assosiasie wees na aanleiding van July wat tee bring. Vanaf reël 9 word dit duideliker 'n weergawe van gedagte-assosiasies - hier in 'n inchoatiewe vorm wat die verwarring van Maureen (sy het hier nog nie 'n naam nie) weergee. Hoewel die verteller haar eie woorde aanhaal (Bam, I'm stifling) en 'n soort toestand tussen denke en spraak weergegee word, is dit glad nie 'n vorm van bewussyn=stroom nie, omdat dit nie, soos Genette (1980:174) sê, los=gemaak is van alle "narrative patronage" nie. En dit is tog per slot van rekening die kerneienskap van bewussyn=stroom (onmiddellike rede). Dit bly vrye indirekte rede, soos aangedui deur die gebruik van die derdepersoonsvoor=naamwoord her in die gekursiveerde gedeelte. Die kursive=ring dui aan dat hier 'n stukkie herinnering van Maureen weergegee word, 'n herinnering aan die vorige nag, en daarom kan die res van die teks nouliks iets anders wees as 'n weergawe van Maureen se gedagtes. En al word hier woorde gebruik wat dalk nie in Maureen se gedagtewoordeskat pas nie (soos aperture), is dit nog altyd 'n beskrywing van wat in haar omgaan. Dit is met ander woorde dinge wat volkome ge=interioriseer is. Daarmee bedoel ek dat dit volkome aange=bied word as bewussynsinhoude van Maureen. Beter gestel, dit is 'n stuk diskoers geöriënteer op Maureen. Die norm in die boek is dus ook fokalisasie van binne.

In hierdie gedeelte staan die teenstelling tussen back there, die koloniale leefwyse, en nou, na die revolusie, baie sterk op die voorgrond.

Hierdie teenstelling is 'n teenstelling wat net in die karak=ters se bewussyn kan bestaan. Daarom is dit 'n faktor wat bydra tot die illusie dat die hele teks vrye indirekte rede is. 'n Verdere faktor is die feit dat die oorgange tussen wat vertellerstekes kan wees en die vrye indirekte rede altyd baie vaag is. Dit word nooit direk deur die verteller in=

gelui nie; daardie oop plek moet die leser self invul. Die illusie word ook versterk deur die gebruik van aandagstrepe in plaas van aanhalingstekens om die direkte rede aan te dui. Dit versag die oorgang tussen vertellerstekes en karaktertekens of tussen 'n stuk vrye indirekte rede en die direkte rede. Oor die algemeen, dink ek, kan mens sê die ekstern gefokaliseerde gedeeltes is ingebed in die teks van Maureen se bewussyn.

Hierdie inbedding is byvoorbeeld duidelik in die tweede afdeling van hoofstuk 1. 'n Sin soos: "At first what fell into place was what was vanished, the past", of 'n frase soos: "the equilibrium she regained", is artikulasies van dinge wat Maureen nie in staat is om, in haar delirium, self te verwoord nie. Nietemin is dit beskrywings van 'n innerlike toestand. Hierdie hele beskrywing van die verlede is vir die leser begryplik, omdat hy dit kan plaas as 'n stuk van Maureen se bewussyn, al word dit nêrens direk vir hom gesê nie. Dit is 'n stukkies rekonstruksie wat hy moet maak.

Tot 'n sekere hoogte geld dit ook vir die eerste afdeling van hoofstuk 2 (pp. 5 - 9). Dit is 'n stuk wat ekstern gefokaliseer word, maar omdat die patroon van interiorisering al reeds gevestig is, kan dit maklik ook as geïnterioriseerd gelees word. Daar is egter dele daarin wat duidelik op grond van woordkeuse beter in die "mond" van die verteller pas. Die begin van die slotparagraaf op p. 6, byvoorbeeld:

In various and different circumstances certain objects and individuals are going to turn out to be vital. The wager of survival cannot, by its nature, reveal which, in advance of events. How was one to know?

Die laaste sinnetjie is weer 'n oorgang na die vrye indirekte rede, veral deur die woordjie one aangedui. 'n Mens kan selfs sê dat die vertellerswoorde hier die illusie van interiorisering versteur.

In die laaste afdeling van hoofstuk 2 is die inbedding van die relaas van die reis in die bewussyn van Maureen baie duideliker, omdat dit begin met 'n gebeurtenis in die hede - die verskuiwing van die bakkie na die vervalle hut - en van daar af assosiatief ontwikkel.

Betreklik min stukke van die boek word uit July se perspektief vertel. Sy perspektief is hoofsaaklik beperk tot die hoofstukke waarin hy met sy vrou in gesprek is. Dit is die duidelikste in hoofstuk 4. Die gesprek, die direkte rede, word afgewissel deur stukke vrye indirekte rede van July. Sy "bewussyn" dek egter 'n beperkter veld as Maureen s'n, dalk omdat die skryfster aan bande gelê is deur een van die probleme wat in die Suid-Afrikaanse literatuur ontstaan het: die vraag of 'n wit skrywer wel die innerlike lewe van 'n swarte kan deurgrond. Die skryfster gee egter ook die gedagtes van Martha en van July se moeder in die vrye indirekte rede weer, sonder enige skroom, hoewel net by gelcentheid. Martha-fokalisasie tref ons veral aan in die tweede gesprek tussen haar en July (pp. 81 - 84), die gesprek waarin sy hom uitvra oor ander vroue in sy lewe. Dit mag wees dat haar agterdog geprikkel is deur iets wat sy gehoor het oor die eerste onderhandeling tussen July en Maureen, maar dit is rekonstruksie, bespiegeling. Feit is dat die ander-vrou-motief in hierdie deel verder ontwikkel word en dat baie klem ook val op die gereelde afwesighede van die man. Sydelings sê dit dus baie oor die leefwyse van die swartes - weer iets realisties.

Hoofstuk 17, die ander "swart" hoofstuk in die boek, begin met 'n redelik lang stuk vrye indirekte rede uit die perspektief van July se ou moeder (p. 130 - 132). Daaruit blyk duidelik dat sy gegrief voel oor die teenwoordigheid van die wittes, veral omdat hulle in haar huis bly. Die gras wat sy in hierdie hoofstuk sny, is bedoel as 'n teken dat hulle nou moet vertrek. Martha deel haar gevoel, soos blyk uit die

tweede afdeling van die hoofstuk, waarin sy die versugting uitspreek dat die hoofman vir die wittes 'n huis mag gee. Dit is natuurlik nie deel van July se plan nie, maar dui tog aan dat die gegriefdheid aan die toeneem is. Die ironie in hierdie stuk, gefokaliseer deur July se moeder, is dat sy Maureen beskuldigend bejeën maar dat Maureen dit as 'n grap opvat. Die griewe van sy vroue kom weer terug in die laaste gesprek met Maureen waarin July sê dat sy gedurig moeilikheid vir hom veroorsaak, nie net by die vroue nie, maar ook by die hoofman. Die perspektief van die swart vroue in hierdie hoofstuk het dus die funksie om die leser dieper onder die indruk van die griewe van die swart vroue te bring en hom dus die onhoudbaarheid van die Smales'e se toestand beter te laat beseef. Die "swart" gedeeltes staan dus nie los van die ander dele van die boek nie, maar is semanties, sintakties en pragmaties daarmee geïntegreer.

Hoofstuk 10, die jagtog, is die langste stuk wat deur Bam gefokaliseer word. Dit kan nouliks anders, omdat Maureen dan nie by is nie. Psigologies is dit vir hom 'n belangrike gebeurtenis; dit is van nog groter belang vir die posisie van die witman in Afrika en vir die posisie van die man in die algemeen in die gemeenskap, maar daarby sal ek later (vgl. hieronder p. 354 e.v.) stilstaan. Bam is egter, soos ekreeds geïmpliseer het, die belangrikste fokalisator van Maureen, veral in die deel wat ek al dikwels genoem het waarin hy die vreemdheid van sy vrou aanvoel (pp. 104 - 5).

Dat perspektiefwisseling in die boek nie om dowe neutte gebeur nie, word bewys deur die dramatiese verskuiwing na die perspektief van die Smales-kinders aan die einde van die eerste afdeling van hoofstuk 19 (p. 145), net voor die finale konfrontasie met July en Maureen se vlug in die laaste hoofstuk. Maureen is reeds besig om haar van haar gesin los te maak, en die kinders neem dit waar:

They looked to their mother but her expression was closed to them. Even her body - so familiar in the jeans as worn as the covering of a shabby stuffed toy, the T-shirt stretched over the flat small breasts that were soft to lie against - they knew, as they had learnt when a dog or cat was going to repulse them, that to touch was forbidden them.

Hoewel mens in hierdie gedeelte die stem van die verteller duidelik kan hoor, is die kinders gesamentlik die fokaliseerders. Dit blyk byvoorbeeld uit die beelde wat gebruik word. Hoewel die kinders dit seker nie self so sou kon artikuleer nie, is dit beelde uit die kinderwêreld, kinderervaring: 'n ou, geliefde speelding, diere, die sagtheid van die bors. Miskien kan mens selfs so ver gaan om te sê dat hulle hier van die man "who had nothing, now" wegkyk na die moeder, maar by haar ewe min troos kry. Kinderfokalisasie, maar vertellerstem: dit is 'n goeie voorbeeld om die verskil tussen perspektief en stem mee te illustreer.

Voordat ek die stem beskryf, eers 'n paar opmerkings oor die afstand.

Afstand

Afstand is, soos ek hierbo (vgl. p. 182) verduidelik het, 'n maatstaf van vertellersteenwoordigheid. Daar is dele van die roman wat 'n weergawe is van gebeure (Genette, 1980:164: mimesis of events). Daarin kry mens meestal redelik uitvoerige informasie, terwyl die verteller ook aanwesig is in 'n gemiddelde graad: dit wil sê nie opvallend aanwesig nie en tog nie afwesig nie. Vir die woorde van die karakters word gewoonlik die direkte rede gebruik, maar 'n enkele keer tog indirekte rede en vertelde rede, maar dié gevalle is verreweg in die minderheid. Die gedagtes van die karakters word in die reël in die vrye indirekte rede weergegee. Daar is kere dat die gedagtes van die karakters direk weergegee word, soos in die

eerste sin van hoofstuk 64: "Always a moody bastard", maar selfs hier word die persoonsvorm en die persoonlike voornaam=woord ek nie gebruik nie, sodat dit ewe goed in die vrye in= direkte diskoers sou kon inpas (p. 64). Soos ek hierbo onder perspektief gesê het, is die grens tussen die stem van die verteller en die stem van die karakter, die grens tussen vertelde rede en vrye indirekte rede, vaag en word dit nooit gemerk nie. Insgelyks is die oorgange tussen vertelde of vrye indirekte rede en direkte rede selde gemerk met die konvensionele "Maureen said" of "he said". Dit word meestal òf weggelaat òf indirek aangedui met iets soos die volgende:

- Want some? - Her youngest child still needed to share his pleasures with her.

(p. 67)

Hier word die direkte woorde van die kind gegee en daarna 'n interpretasie daarvan. Die frase "her youngest child still needed to" maak duidelik dat dit Royce is wat hier praat, maar dit word slegs indirek gesê. Dit dra daartoe by dat die direkte rede "maklik" in die kontinuum van vertelde rede - vrye indirekte rede opgeneem word. Die stukke direkte rede lyk ook na bewussynsinhoude, en word dus skynbaar ook geïnterioriseer. By dit alles oefen die verteller 'n sterk beheerende funksie uit. Hy bepaal nie net watter tonele beskryf word en uit wie se perspektief nie, maar is in die vrye in= direkte rede nog tot in die fynste vesels teenwoordig, al is dit nie altyd opvallend nie. Dat die bewussyn van Maureen 'n onafhanklike bestaan gaan voer, is dus 'n illusie. Tussen karakter en leser staan die verteller. Die afstand word gehandhaaf. Die stem in die boek is, seker nou al amper onnoedig om te sê, die stem van 'n ekstradiëgeties-heterodiëgetiese verteller. Die merkwaardigste eienskap van dié verteller het te doen met die vertelverhouding in die boek.

Vertelverhouding

Die verteller is naamlik in staat om in die toekoms in te "sien", want die gebeure speel in die toekoms af. Die boek is 'n projeksie in die toekoms in van bestaande tendense in Suid-Afrika. Na vertelverhouding is dit dus 'n vooruitvertelling, letterlik. Die skryfster maak egter of die dinge in die boek al verby is en vertel dit daarom in die verlede tyd, die gebruikelike tyd vir vertellings. Daarom is dit miskien beter om te sê dit is 'n agternavertelling wat in die toekoms geplaas is.

In die slothoofstuk gebeur daar egter 'n merkwaardige ding: die verteller slaan oor na die teenwoordige tyd, "historiese praesens" moet mens dit seker noem, op grond van die illusie van 'n agternavertelling wat geskep word. Daarmee gaan 'n ver-skuiwing van afstand en perspektief gepaard. Hier word af-gewyk van die norm van interne fokalisasie en vrye indirekte rede met direkte rede sporadies daarbinne. Eerstens kom daar geen direkte rede in dié hoofstuk voor nie. Die enigste stuk-kie weergawe van karakters se woorde lê so halfpad tussen direkte en indirekte rede:

They [the two boys] jump up to ask July.... if
he has (ah please man July) some string?

(p. 157)

Die stukkies tussen hakies is wel direkte rede, maar dit is baie min. Tweedens kry ons interne fokalisasie, maar dit is beperk tot wat Maureen sien en hoor of ruik. Bittermin van haar gedagtes word weergegee. Dit suggereer dat haar "bewussyn" verander het: dinge in die "hede" het nie meer die resonansie van die "verlede" by nie. Sy is 'n soort tabula rasa, asof die mis gedurende die nag ook in haar, nes in die statjie, 'n "vivid freshness" gelaat het. Deurdat Maureen beskryf word in wat sy doen en wat sy waarneem en min van haar innerlike weergegee word, neig hierdie slotgedeelte na fokalisasie van

buite. Die slotparagraaf (wat ek hierbo p.289 aangehaal het) is louter vertellerstekes, met hier en daar miskien 'n fyn oorgang na vrye indirekte rede, byvoorbeeld in die beskrywing van die fantasieë van die bos of van wat Maureen ruik. Hierdie afwykings van die norm is nie alleen 'n effektiewe manier om sluiting te bewerkstellig nie, maar suggereer ook die hergeboorte wat Maureen in hierdie gedeelte deurmaak. Die afwykings in vertelwyse en stem in hierdie hoofstuk maak dit nog aanneemliker dat hier inderdaad 'n hergeboorte plaasvind. Die slot is vol moontlikhede van nuwe lewe.

5.2.4 Tyd

Met die bespreking van die verhouding tussen verteltydstip en tyd van die gebeure het ons by tyd in die algemeen aangeland. Eers bespreek ek die volgorde en, na aanleiding daarvan, frekwensie. Ten slotte skenk ek aandag aan duur.

Tyd: volgorde

Die boek begin in medias res: op die oggend dat die Smales'e die eerste keer in die hut wakker word, veilig. Van daardie punt af word hulle wedervaringe in die hede in chronologiese volgorde vertel. Daar is een geringe afwyking hiervan in hoofstuk 9 en 10, omdat hulle oorvleuel in die tyd. Hoofstuk 9, die eerste onderhandeling tussen Maureen en July, vind plaas terwyl Bam op jag uit is. Van die jag word eers in hoofstuk 10 vertel. Dat Maureen en Bam hier belangrike dinge ervaar wat hulle nie met mekaar deel nie, suggereer dalk al iets van hulle verwydering.

Die onmiddellike verlede, die relaas van die begin van die burgeroorlog en die vlug van die Smales'e uit Johannesburg, word in die tweede hoofstuk vertel. Na die pakkende, raai-

selagtige begin, word die leser geleidelik georiënteer in die situasie. Dit boots die oriëntasieproses na wat Maureen moet deurmaak. Die verlede word nie in chronologiese volgorde ingevul nie, maar assosiatief, gefragmenteer soos wat die menslike herinnering gewoonlik werk. In die eerste hoofstuk word die patroon wat in die hele boek gevolg gaan word, al gevestig. Dit is naamlik dat die hede, in July se stat, en die verlede in Johannesburg, rondom die master bedroom, gedurig in jukstaposisie geplaas word. Dit demonstreer hoedat nuwe ervarings steeds in bekende denkpatrone ingepas word, maar dit toon ook dat die ou denkpatrone onvanpas geraak het. Die twee semantiese wêreldes word telkens langs mekaar geplaas. In die eerste hoofstuk gryp Maureen terug na vakansies saam met haar ouers en na jagtogte saam met Bam ten einde die huidige situasie, die hut, te verstaan. Sy gryp ook terug na haar verste verlede, soos ek al aangedui het (vgl. hierbo p. 279).

Die relaas van die onmiddellike verlede begin in hoofstuk 2 met 'n beskrywing van die bakkie en sy waarde. Daar word dus weer op die objek gefokus. Daarna word vertel hoe die revolusie begin het: met die stakings van 1980. Na 'n kort intermezzo, waarin die Smales'e se ambivalente houding teenoor bly of die land verlaat geskets word, volg 'n opsomming van die hele vlug uit die stad: die gedeelte oor die "transformations of myth" (p. 9). Eers na 'n gedeelte in die hede wat toon hoedat July vir hulle sorg, word die verhaal van die reis hervat. Die aanleiding tot die hervatting is weer die bakkie: dit word uit die bos verskuif na 'n vervalle hut. Die relaas van die reis hier is weer in 'n assosiatiewe volgorde en nie 'n chronologiese nie: eers 'n verslag van hoe hulle petrol kon kry, dan 'n verslag van die holdersteboldervertrek, en dan weer meer besonderhede oor die gevare van die reis, hoe hulle op ongebaande weë moes reis, gewone paaie moes vermy, deur dongas en slote moes sukkel. Aan die einde van hoofstuk 2 is die relaas van die reis afgehandel en word die bakkie vergelyk met 'n skip wat in 'n verre land gedok het en moontlik daar sal vergaan.

Daar is in die res van die boek een lang terugflits, ook assosiatief met die hede geskakel. Maureen ontdek in die pakhuis 'n boss boy-plaatjie, en dit voer haar terug na haar lewende as kind en haar vriendskap met Lydia, hulle swart huisbediende (pp. 30 - 33). Dit kan beskou word as 'n poging om 'n oriëntasiepunt in die vreemde omstandighede te vind, maar dit is natuurlik ook 'n vorm van regressiewe gedrag: 'n soort uitvlug uit die onaangename hede. In die res van die boek is die patroon steeds korter terugflitse na aanleiding van dinge en gebeure in die hede. Op dié manier word die jukstaposisie van toe en nou bewerkstellig. Ek sal enkele voorbeelde daarvan bespreek ter illustrasie.

In hoofstuk 5 word Bam en July, besig om die tenk op te rig, geplaas teenoor hulle voorstedelike konteks waar July vir Bam moes help met instandhoudingswerkies. In hoofstuk 10, die jaghoofstuk, word July se bygelowige vrees vir gewere destyds gekontrasteer met die lewendige belangstelling wat sy vriend, Daniel, in die hede in die geweer toon. Daarin word reeds die kiem gesaai vir die diefstal van die geweer, later (p. 75). As die geweer dan gesteel word, is Bam se reaksie "just as he was when the car keys were lost back there" - al verskil is dat sy hande bewe (p. 143). Op besoek by die kaptein kom 'n groot, waardige man hulle tegemoet. Eers dink hulle dit is die kaptein self. Maureen, omdat sy teruggryp na back there (haar kennis op die myn opgedoen), besef hy is 'n indoei van die hoofman, nes die indoeis wat by die mynkamp se ingang op wag gesit het (p. 112). Ook in die gesprekke tussen Maureen en July kom telkens dinge voor wat back there beteken is gehad het en wat gebruik kan word om die huidige dinge te verstaan. As July byvoorbeeld sê dit is nie haar werk om saam met die vroue groenigheid te versamel nie, dink sy onmiddellik aan die verskillende halfdagbetrekkings wat sy deur die jare gehad het en hoe hy, as sy 'n Saterdag hard in die tuin gewerk het, gesê het "Madam is doing big job today" (p. 96). Hy sluit dit egter uit die hede uit. Dit pas nie by wat hy by haar wil tuisbring nie; dit is nie

geskik vir die verstaan van die hede nie.

Dit is nie net die verlede van die Smales'e wat op dié manier opgeroep word nie. Ook die verlede van July en Martha kom na aanleiding van hulle gesprekke aan die lig. In hulle tweede gesprek vertel July byvoorbeeld hoe hy die eerste keer in die stad gaan werk het. Martha se hele lewe word in 'n paar sinnetjies opgesom:

That was what happened to her, her story; he came home every two years and each time, after he had gone, she gave birth to another child.

(p. 134)

Hierdie terugdink aan die verlede is, soos die meeste gevalle daarvan, 'n voorbeeld van iteratiewe vertelling: iets wat dikwels gebeur, word net een keer vertel. Die gedeeltes oor die hede is daarteenoor singulatief (Genette, 1980:114 singulative): iets wat een keer gebeur, word net een keer vertel. Die iteratiewe vertelling druk dinge uit wat hulle gewoon was om te doen, wat deel geword het van hulle lewenswyse. Die terugflits na Lydia is 'n goeie voorbeeld daarvan. In die een terugflits word verskeie, dalk honderde midde se gebeurtenisse saamgevat.

Teenoor die gewoonheid van alles, die gewoonte daarvan, staan die uniekheid van elke nuwe gebeurtenis, hoe klein ook al, hier, nou in die vreemde omgewing. Dit demonstreer weer eens hoedat die Smales'e probeer om die nuwe aan te pas by die ou lewenswyse; dat dit nie slaag nie, blyk uit hulle reaksies teen die einde: Bam lê wanhopig op die bed; Maureen hardloop blindelings die bos in.

Die oorgang van voltooië na teenwoordige tyd in die laaste hoofstuk, dink ek, suggereer dat die oue nou uiteindelik volkome verby is, dat die nuwe gebore gaan word. Wat verby is, is nie meer van belang nie, maar wel dit wat nou gebeur en nog gaan gebeur. Daarmee verander die patroon van singula-

tiewe vertelling oor die hede teen die agtergrond van 'n iteratiewe vertelling oor die verlede ook, omdat die verlede ontbreek. Die gebeure word nie meer in jukstaposisie met die verlede geplaas nie, maar bestaan in eie reg, asof die verlede nooit was nie. Hoewel daar in die slotparagraaf nog vermeldings van Grimm en Disney voorkom, is dit duidelik nie meer die verlede wat oorheers nie, maar die nou, die bos wat vindingryker mislei.

Tyd: duur

Een van die dinge van back there wat die Smales'e in die loop van die boek verloor, is die sin vir chronologie. Hulle is nie meer bewus van horlosietyd nie, maar meet die tyd aan belangrike gebeurtenisse, soos bierdrinkery op Saterdag of die besoek aan die hoofman. Dit is daarom nie moontlik om die gebeure in die boek aan 'n streng chronologie te koppel nie.

Die boek begin op die oggend dat hulle die eerste keer in die hut wakker word, en in die eerste twee hoofstukke word die gebeure die res van die dag en (in hoofstuk 2) die reis van die afgelope drie dae bestryk. Hoofstuk 3 en 4, waarin Maureen aan July se vrou voorgestel word en July en Martha later die wittes bespreek, vind waarskynlik baie kort na hulle aankoms plaas, dit wil sê op die tweede dag. Hoofstuk 5, wat handel oor die doen en late van die Smales'e oor 'n hele tydperk, kan nie in die chronologie geplaas word nie. Eers in hoofstuk 6 is daar weer 'n dateerbare punt: dit is dan "their second Saturday". Dit is op hierdie dag, waarskynlik laat in die oggend of voegmiddag, dat July-hulle met die bakkie wegry. Terwyl hulle sit en wag dat hy dalk moet terugkom, besef die Smales'e dat die horlosietyd geen waarde meer het nie:

There was no reason why July should be expected back within any limit of time that could be fixed.... On

the bed the man kept glancing at his watch but
she knew hers was a useless thing, here.

(p. 43)

Die tyd word eerder gemeet aan die son en aan die seisoene. Hoofstuk 6 eindig laat die aand wanneer die bakkie teruggebring word. Hoofstuk 7 speel die volgende dag af, maar hoofstuk 8 vind plaas "after days of rain" (p. 57). Dit is die hoofstuk waarin July begin om die bakkie te leer bestuur.

Hoofstuk 9 speel die volgende dag af, nadat Maureen, soos sy belowe het, die sleutels net oornag gehou het. As sy dit teruggee, vind die eerste onderhandeling met July plaas. Hoofstuk 10, die jaghoofstuk, speel op dieselfde dag af, en hoofstuk 11 waarskynlik ook, want daarin gesels July en sy vroue onder andere oor die lekker vleis. Hoofstuk 12, oor lemoensakkies en katte, is weer heeltemal nie in die tyd te plaas nie. Dit eindig in ieder geval op die middag van daardie selfde onbepaalde dag, sodat hoofstuk 13 moontlik die volgende oggend kan begin; dit is egter nie noodsaaklik so nie - dit kan bloot 'n oggend beskryf. Hierdie dag is egter 'n belangrike dag, want dit is die dag waarop die tweede onderhandeling plaasvind en July die besoek aan die hoofman aankondig. Die onderhandeling vind dié middag plaas, en die gebeure van dié dag strek nog tot in die eerste afdeling van hoofstuk 14. Die res van hoofstuk 14 en die hele hoofstuk 15 en 16 word bestee aan die rit na die hoofman se kraal, die gewag op hom, die gesprek met hom en die terugrit, asook terug in hulle eie hut die bespreking deur die Smales'e van die implikasies daarvan.

Tussen hoofstuk 16 en 17 is daar weer 'n breuk van "several days" (p. 132). Hoofstuk 17 speel af die dag waarop July se moeder gras gaan sny vir haar hut (waarin die Smales'e woon) en July en sy vrou die toekoms van die wittes bespreek. Dit is nie duidelik of hoofstuk 18, waarin die gumba-gumba-man opdaag en die geweer gesteel word, op dieselfde dag of op 'n

volgende oggend plaasvind nie. Dit kan dieselfde dag wees, omdat Bam later die bondels dekgras deursoek vir die geweer. Dit is ook die hoofstuk waarin die desoriëntasie van Maureen die duidelikste uitgespel word. Hoofstuk 19 bestryk dieselfde noodlottige dag, laat die middag. Dit is die tydstip waarop Maureen haar tevergeefse appèl op July doen om die geweer te help terugkry. Die hoofstuk eindig met sononder. Die slothoofstuk begin met 'n nuwe oggend. Dit is nie duidelik of dit die volgende dag is nie; dit is moontlik, omdat daar vermeld word dat July die dekgras weer netjies op 'n hoop pak.

Oor die algemeen is die norm dus een dag per hoofstuk, soos in hoofstuk 6, 7, 8, 13, en 20. Daar is egter verskillende afwykings van hierdie tempo. In hoofstuk 1 en 2 word eintlik vier dae se gebeure vertel: die eerste dag plus die dag van die vlug, maar ook die hele voorgeskiedenis van die revolusie. Dit is dus 'n aansienlike versnelling van die tempo wat ons daarin kry. Daarteenoor word daar in hoofstuk 9 tot 11 net een dag se gebeure vertel. Dit beteken dat hierdie gebeure baie belangrik is. Die tydsduur onderstreep dus hier die belang van die eerste onderhandeling en die jagtog. Daar is nog twee soortgelyke verdragings in die boek, wat ook die belang van die gebeure onderstreep. Die eerste kom voor in hoofstuk 14 tot en met 16, waarin die besoek aan die hoofman beskryf word; en die tweede in hoofstuk 17 tot en met 19, waarin die dag van die verlies van die geweer beskryf word (hoewel hoofstuk 17 dalk nie op dieselfde dag afspeel nie).

Hoofstuk 5 en 12, die nie-dateerbare hoofstukke, vorm telkens oorgangshoofstukke tussen belangrike gebeurtenisse. Op grond daarvan kan die boek in verskillende fases verdeel word, wat 'n mooi simmetrie toon. Die eerste vier hoofstukke vorm 'n inleiding of eksposisie. Hoofstuk 5 is die oorgang na die eerste fase, hoofstukke 6 tot en met 11, met 'n breuk in die tyd tussen hoofstuk 7 en 8. In hierdie fase verloor die

Smales'e die bakkie, maar verkry tog 'n plek in die gemeenskap, omdat Bam vleis kan verskaf.

Hoofstuk 12 is die oorgang na die tweede fase, wat weer uit twee dele bestaan, geskei deur 'n breuk in die tyd: hoofstuk 13 tot en met 16, en 17 tot en met 19. In hierdie fase verloor hulle die geweer en kom onder die indruk dat hulle teenwoordigheid vir July gevaarlik is. Hulle situasie word onhoudbaar. Hoofstuk 20 is dan die slot. Hierdie fases word begelei deur gesprekke tussen July en sy vrou in hoofstuk 4, 11 en 17, waaruit blyk dat die Smales'e eintlik nie welkom is nie, maar dat July hulle "aanhou", omdat sy geld nog back there is en hy hoop om eendag terug te gaan, en ook omdat hy 'n behoefte aan 'n gesagsfiguur het. Maureen se versoek dat hy moet help om die geweer terug te kry, sal hom noodwendig in botsing bring met die swart revolusionêres by wie Daniel gaan aansluit het. Daarvoor sien hy nie kans nie en daarmee word die verhouding tussen hom en hulle finaal versuur.

So lyk die makrotydsduur. Deur die jukstaposisie van hede en verlede kry die mikrotydsduur ook 'n kenmerkende patroon. Dit bestaan naamlik hoofsaaklik uit scènes in die hede afgewissel met scènes of pouses waarin die verlede beskryf word. Sekere dinge in die hede word natuurlik ook beskryf; dit kan nouliks anders. Opsommings is daarenteen betreklik skaars. Dit word gewoonlik gebruik vir aspekte van die verlede, en veral ook vir die weergawe van die nuus wat die Smales'e oor die radio hoor. Die radio is hulle enigste kontak met die buitewêreld - 'n kontak wat gaandeweg al hoe swakker word: eers hoor hulle nog die Engelse stasie, dan is dit 'n ruk lank van die lug af, dan weer hoor hulle slegs die militêre MAR=NET. Later hoor hulle 'n nuusuitsending in Portugees, waarvan hulle min verstaan en wat bowendien van die stasie afgedraai word. Teen die einde kom slegs geraas oor die luidspreker: simbolies van die chaos waarin hulle wêreld is. Die verflouende radiokontak simboliseer natuurlik ook dat die wêreld back

there vervaag, uit hulle gedagtes raak. Die radio is nog 'n tegnologiese ding wat nie net 'n realistiese funksie in die boek het nie.

Omdat dit moeilik is om veralgemenings oor die tydsduur in 'n roman te bewys, gaan ek slegs een kerngedeelte eksemplaries bespreek: die gedeelte waarin die finale konfrontasie tussen Maureen en July plaasvind (p. 145 - 154).

Daar is 'n kort ellips tussen hierdie gedeelte en die vorige - die een waarin Bam wanhopig op die bed gaan lê. Daarna volg twee opsommings: die eerste beskryf hoe Maureen vir July soek by die gumba-gumba, en die tweede hoe sy navraag doen by sy vroue. Die tweede opsomming is heelwat langer as die eerste; die verteltempo is daar dus ietwat stadiger. Daar is in die tweede opsomming selfs 'n beskrywing wat mens seker 'n pouse kan noem: die volgende gedeelte waarin Maureen 'n Westerse voorstelling maak van dit wat sy sien:

She saw Martha securely petrified, madonna drawing snuff into one nostril above a baby's head, pietà with a machine-gunned son across her lap. Martha had laughed at veined white legs. At one time (the longings of Maureen Smales from back there) it seemed a beginning. Something might have come of it. But not much.

(p. 146)

Selfs hierdie beskrywing, hoewel streng gesproke 'n pouse, het betekenis vir die verhaal. Dit laat naamlik iets van Maureen se psigiese gesteldheid blyk en is daarom nie louter 'n vertraging van die verhaal nie. Dit hang natuurlik saam met die feit dat die verhaal wesenlik oor psigiese gesteldhede, gevoelens, emosies handel. Daarom is ook die ander pouses in hierdie gedeelte van dramatiese belang.

As Maureen hierna die stat verlaat en die roete van die gumba-gumba-man volg, kry ons 'n stuk vertelling wat iewers tussen 'n pouse en 'n toneel lê. Dit is vol beskrywing, maar ook van

groot psigologiese belang. Dit bevat ook kommentaar op die leefwyse van die swartes. Daar is steeds ook die bewussyn van back there, van hoe dit vroeër was. Die Smales'e se gehardloop rondom die straatblokke van die voorstad word geplaas in kontras met Maureen se huidige drawwery. Die bos is nie meer net 'n versameling plante nie, maar vol lewe:

The vegetation fingered and touched; there were minute ticks that waited a whole season for the passing of an animal or human host. That was the intimate nature of the inert bush dissolving distance.

(p. 147)

Maureen keer terug van die rivier na die ou hut waar die bakke staan, Daniel en July se retreat, meeting-place, club. Weer kontrasteer dit in haar bewussyn met July se woonplek back there (p. 148). Die scène tussen haar en July wat dan volg, word ingelui met 'n beskrywing van July soos hy daar by die voertuig sit. Ook daarin word die teenstelling tussen nou en toe volgehou. July sit naamlik en skryf in 'n nota=boekie wat as promosie aan Bam gestuur is, maar nou al deel is van die ander wêreld: "It was stained with red earth and the corners had curled with handling" (p. 148). Die gesprek tussen Maureen en July word 'n paar keer onderbreek deur pouses waarin die omgewing beskryf word: die ondergaande son, hoe die voertuig lyk, July se voorkoms. Hierdie pouses suggereer nie net dat iets besig is om te sterf saam met die dag nie, maar vertraag die tempo, sodat die spanning verhoog word. Daardeur kry die gesprek iets waardigs. Dit word 'n soort ritueel, en dit is gepas, want die hele boek stu voort na hierdie toneel, hierdie finale breuk tussen hede en verlede. Die hoogtepunt van die toneel is July se uitbarsting in sy eie taal as sy Engels nie meer toereikend is nie. Dit word, vermeng met beskrywing, weergegee in die indirekte rede en vorm 'n opsomming: nie al sy woorde word gegee nie maar die kern daarvan:

- You - He spread his knees and put an open hand on each. Suddenly he began to talk at her in his own language, his face flickering powerfully. The heavy cadences surrounded her; the earth was fading and a thin, far radiance from the moon was faintly pinkening parachute-silk hazes stretched over the sky. She understood everything: what he had had to be, how she had covered up to herself for him, in order for him to be her idea of him. But for himself - to be intelligent, honest, dignified for *her* was nothing; his measure as a man was taken elsewhere and by others. She was not his mother, his wife, his sister, his friend, his people. He spoke in English what belonged in English: - Daniel he's go with those ones like in town. He's join. - The verb, unqualified, did for every kind of commitment: to a burial society, a hire purchase agreement, their thumbprints put to a labour contract for the mines or sugar plantations. - I don't know - maybe he's need the gun for that. - He leaned back, done with her.

(p. 152)

In hierdie gedeelte is die afwisseling van verskillende ver=teltempo's dus uiters funksioneel.

5.3 Pragmatiese struktuur

Die pragmatiese struktuur is die laaste aspek van die analise van die roman. Hieronder word verskillende faktore bespreek (om hoofstuk 1, afdeling 1.6 hierbo) 'n oomblik weer in gedagte te roep) waardeur die leser geboei word. Ek behandel die volgende aspekte hier: die abstrakte leser en die pragmatiese funksie van die boek, strukturele middele, informasieverdeling en herkenning.

5.3.1 Die abstrakte leser en die pragmatiese funksie van die roman

Die Smales-gesin, liberale middelklasblankes uit Johannesburg, staan in die sentrum van die boek. Daarom is dit waarskynlik dat die boek gemik is op die liberale blanke leser uit die middelklas wat Engelssprekend is. Maar die boek maak 'n

appèl op alle lesers wat nie te lui is of net normbevestigende literatuur (Lotman, 1970:112) verwag nie. Dit verg inspanning om te lees. Dit is nie maar net 'n maklike avontuurverhaal nie. Daarvoor is die gebeure, semantiese verskuiwings en persoonsverhoudings te subtiel en die styl soms te moeilik. In die resepsie is daar heelwat getuienis van die moeilikheidsgraad van die boek, maar daarby kom ek later (vgl. p. 347 e.v. hieronder).

Die boek is bedoel as 'n fantasie gebaseer op heersende tendense in Suid-Afrika. Die skryfster haal self in haar onderhoud met Pat Schwartz (1981) vir Jorge Luis Borges aan en sê dat die boek tot stand gekom het as "a dream suggested by a present reality". Sy ontken dat die boek enige waarskuwende funksie het, of altans dat sy dit bewus as 'n waarskuwing geskryf het, maar myns insiens het die boek juis die pragmatiese funksie om die leser te waarsku teen heersende dinge en houdings, omdat dit in die toekoms afskuwelike gevolge kan hê. Dit is as sodanig 'n kritiek op die leefwyse van blanke Suid-Afrikaners, meer in die besonder op die liberale variant daarvan; op hulle wat wel goeie bedoelings het maar nooit so ver kom om dit uit te voer nie.

5.3.2 Strukturele middele

Strukturele middele speel 'n nie-onbeduidende rol in die spanning in die roman. Hoewel dalk minder belangrik vir die boek as kontras en konflik, is daar enkele gevalle waar prospektiewiteit baie bydra tot die verhoging van die spanning. Op pad na die hoofman verwag Bam die hele tyd dat die hoofman sal sê hulle moet weggaan. Dat die hoofman dit nie sê nie, maar eis dat Bam hom moet help om 'n soort private weermaggie op te bou om sy eie belange te beskerm, kom vir Bam én die leser as 'n verrassing en is miskien nader aan die werklikheid van vandag as Bam se vrees. As Bam en Maureen daarna

besef dat hulle teenwoordigheid vir July gevaar inhou en dat hulle daarom sal moet padgee, besef die leser dat iets deur-slaggewends sal moet gebeur. Iets groots is aan die kom, maar niemand weet wat dit is nie. Ook dit verhoog die spanning.

Min of meer op dieselfde wyse word die Smales'e se vrees dat July die bakkie vir homself toegeëien het die dag toe hy winkels toe is daarmee, anders verwesenlik as wat hulle verwag het. Hulle verloor die bakkie onherroepelik terwyl hulle, ironies genoeg, steeds van hom bewus is waar hy in sy wegsteekplek staan. 'n Ander belangrike prospektiewe moment is dat Bam vir Daniel toelaat om die geweer te bewonder en selfs om daarmee te skiet. Dit loop die diefstal van die geweer al vooruit, al besef mens dit op daardie stadium nie heeltemal nie.

Prospektiwiteit is net by geleentheid belangrik; kontras en konflik deurgaans. Soos ek reeds betoog het, is daar deurgaans die belangrike kontras tussen nou en toe, tussen die hede en die verlede. Elke gebeurtenis in die hede het 'n interessante resonansie in die verlede. Verskillende ander kontraste is pragmaties van belang. Daar is die teenstelling tussen July en Bam, byvoorbeeld: July sit rustig in die skadu van die bakkie wat nou aan hom behoort, 'n man met gesag en status. Bam, daarteenoor, word afgestroop tot 'n man wat niks het nie, wat magteloos is, 'n argitek in 'n modderhut. Daar is die kontras tussen die swartes wat aangepas is by die bestaansleefwyse en die wittes wat dit moeilik moet aanleer. En daar is die kontras tussen die kinders wat maklik aanpas en gou van die bioskope en die coca-cola vergeet, en die ouers vir wie back there 'n deel van hulle identiteit geword het wat net moeilik afgeleer kan word.

Die gebeure is, soos ek al gesê het, subtiel, maar dit maak

die konflik tussen Maureen en July nie minder fel nie, mits die leser natuurlik 'n oog het vir die klein verskuiwings wat plaasvind. Die konflik is meestal innerlik - in Maureen self, tussen haar vroeëre bewussyn en die nuwe wat dit onmoontlik maak. Al is dit fel, is dit myns insiens nie 'n faktor wat die gemiddelde leser sal trek nie.

5.3.3 Informasieverdeling

Informasieverdeling, veral die feit dat die leser voortdurend in 'n toestand van onsekerheid gehou word, is 'n veel belangriker faktor as die konflik. Die leser verkeer die hele tyd in 'n toestand van kennisagterstand, en dit sal hom prikkel om die hele boek te lees. Die boek begin onmiddellik pakkend, omdat daar dadelik al heelwat onsekerheid geskep word. Die leser weet aan die begin nie wie die karakters is en wat hulle oorgêkom het nie. Dit word in die loop van die eerste drie hoofstukke ingevul. Dat ons eers laat agterkom hoe die karakters lyk, is deel daarvan. Die groot vraag wat ontstaan sodra die situasie duidelik is, is: Wat gaan van die Smales'e word? Hoe gaan dit vir hulle afloop? Die onsekerheid word versterk as dit al hoe slegter met hulle begin gaan en hulle in 'n onhoudbare situasie beland. Die oop slot is ook 'n faset hiervan: in plaas daarvan dat die onsekerheid opgehef word, word dit verskerp. 'n Mens sou kon redeneer dat die skryfster naderhand ook nie meer weet het hoe sy die karakters uit hierdie situasie sal kry nie en daarom die maklike uitweg van 'n oop slot gekies het. Daarteen pleit natuurlik die suggesties van hergeboorte en die idee dat die oue, die slegte dan finaal afgestroop is sodat die nuwe kan begin deurbreek.

Ook by party karakters is daar 'n kennisagterstand; by Bam die sterkste. Hy is nie bewus van die gesprekke tussen Maureen en July nie; hy word daaroor in die duister gehou.

Hy kom wel agter dat Maureen verander het, maar waarom en in welke rigting weet hy nie. Die leser weet dit wel en word meegevoer deur die progressie in die boek, waarvan die toenemende verwydering tussen Bam en Maureen maar een lyn is. Dit verhoog die leser se simpatie met Bam. Die leser het oor die algemeen 'n kennisvoorsprong bo Maureen en Bam omdat hy, danksy die hoofstukke waarin die gesprekke tussen July en sy vroue verhaal word, ook die swartes se kant van die saak sien. Dit onderstreep vir die leser die onhoudbaarheid van die Smales'e se posisie, soos ek reeds gesê het (hierbo p. 313). 'n Laaste faset is die kennisagterstand wat Maureen en Bam het omdat hulle nie die swartes se taal verstaan nie. Dit verhoog hulle onsekerheid en die spanning by die leser.

5.3.4 Identifikasie

Die leser kan alleen begaan wees oor die Smales'e se lot as hy daarby betrokke voel; hom met ander woorde met hulle identifiseer. Omdat die Smales'e sulke tipiese liberale middel-klasmense is en sulke goeie bedoelings het, basies goeie karakters is, kan die leser dit maklik doen. Dit blyk ook oorvloedig uit die resepsiedokumente (vgl. hieronder p. 349). Die algemene gedagte skyn te wees dat die roman 'n gesamentlike vrees van alle blanke Suid-Afrikaners in fantasievorm uitdruk: Daar gaan 'n revolusie wees. Wat gaan van ons word? Die boek spel so 'n "onmoontlike moontlikheid" uit. Of 'n swart leser hom ewe maklik met hierdie dilemma sal kan identifiseer, is te betwyfel. Dieselfde met 'n oorsese leser, hoewel almal vandag in die skadu van die een of ander katastrofe leef: revolusie of kernoorlog, of wat ook al.

Dit sluit aan by die tweede aspek, naamlik patos. Al kan die leser hom dalk nie inleef in die dilemma van die karakters van die boek nie, word hy wel waarskynlik tot medelye beweeg met die benarde posisie waarin die karakters hulle be-

vind. Hy hoef nie die karakters se velkleur of sosiale status of historiese dilemma te deel nie, solank hy maar oor 'n gemeenskaplike menslikheid beskik wat die patos kan ervaar van die ontredde van Maureen en Bam as hulle bestaande leefwyse afgetakel word en hulle hulle besittings verloor en in moeilike omstandighede moet aanpas. Hulle vrees en onsekerheid kan seker deur die meeste mense gedeel word. Daar is bowendien in die boek 'n hele paar emosionele hoogtepunte wat die leser kan meevoer. Daar is byvoorbeeld die ontredde van Maureen en Bam as July die eerste keer met die bakkie wegry. 'n Tweede voorbeeld is Bam se verbaasde uitbarsting voor die hoofman dat hy onmoontlik die rol van 'n huursoldaat kan speel. Verder is daar Bam se ontredde-ring as hy die geweer verloor en moedeloos op die bed gaan lê. Ook die slot van die boek is vol patos: Maureen wat op goeie geluk af die bos inhardloop, probeer wegvlug vir haar omstandighede.

Die boek is dus pragmaties so gestruktureer dat die kennis-agterstand die belangrikste spanningswekkende element is, met konflik en kontras die naasbelangrikste. Derdens, sou ek sê, kom patos. Daarteenoor is prospektiwiteit en kennisvoorsprong net sporadies van belang. Die boek stel egter hoë eise aan sy leser, en, hoewel dit pragmaties goed gestruktureer is, sal dit waarskynlik net deur 'n elite-groep gelees word. Daarom sal die waarskuwende funksie wat die boek kan hê redelik beperk wees. Die boek word gekenmerk deur 'n subtiele en geraffineerde retorika - juis een van sy goeie eienskappe.

Voordat ek vervolgens die roman binne sy sisteem plaas, moet ek eers bepaal of die beeld wat die resensies van die roman-sisteem skep, klop met die beeld wat ek in hoofstuk 2 geskets het. Ek moet ook my analise met die resensies vergelyk en uiteindelik bepaal of die roman die gepostuleerde sisteem ondersteun al dan nie.

5.4 Resepsie en sisteem

Oor July's people kon ek altesaam 31 resepsiedokumente in die hande kry, 25 uit Suid-Afrikaanse publikasies (binne-lands) en 6 uit oorsese publikasies (buitelands). Daar het in die buiteland heelwat meer resensies van die boek verskyn. Heelwat van hulle is baie kort, en is ook nie plaaslik beskikbaar nie. Omdat ek die buitelandse resensies net wil gebruik vir vergelykingsdoeleindes, beskou ek die ses as voldoende.

So 'n groot getal dokumente skep natuurlik probleme van hantering en verwerking en bemoeilik die raaksien van tendense. Hiervoor het 'n mens seker statistiese metodes nodig. Ek het egter probeer om die gegewens deur middel van tabelle toegankliker te maak. 'n Ontleding van die resepsiedokumente volgens aard en taalmedium verskyn in tabel 5.2. Daaruit blyk dat die binnelandse korpus groot genoeg is om verteenwoordigend te wees. Die berigte handel oor die publikasie van die boek, pryse wat Nadine Gordimer ontvang het, en ook (Jansen, 1981 ; Levin, 1981a) oor die Nederlandse en Amerikaanse resepsie van die roman onderskeidelik.

Tabel 5.2 Ontleding van die resepsiedokumente van July's people

	Resensies	Onderhoude	Berigte
Afrikaanstalige publikasies	3		3
Engelstalige publikasies	15	3	1
Amerikaanse publikasies	2		
Britse publikasies	4		
Totaal	24	3	4

In verreweg die meeste resensies domineer semantiese kwessies. Daar is trouens net 8 resensies waarin sintaktiese kwessies 'n belangrike plek beklee (Bowers, 1981; Bowker, 1981; Hough, 1981; Isacowitz, 1981; Lindenberg, 1981;

Roberts, 1982; Binding, 1981; en Boyers 1981). Daarom behandel ek die semantiese kwessies eerste.

5.4.1 Semantiese kwessies

In die resensies is dit moontlik om 'n aantal konstante "temas" te identifiseer. Dit sluit sake in soos die omkering van die verhouding baas-kneg, revolusie, vervreemding, en die middelklasleefwyse. Hierdie dinge is natuurlik semantiese asse en velde. In tabel 5.2 word die vernaamste semantiese asse en velde in die vorm van 'n matrys uiteengesit, met 'n verwysing na die betrokke dokument en die totale getal vindplekke daarby. 'n Plussie (+) dui aan dat die betrokke veld of as wel eksplisiet in die betrokke dokument genoem word. Die dokumente tussen hakies is die drie onderhoude met die skryfster. Anon., 1981f; Greyling, 1981; Levin, 1981a en b; en Jansen, 1981 is berigte.

Uit die tabel blyk, by sowel die binnelandse as die buitelandse dokumente, drie onderskeibare groepe semantiese asse. In tabel 5.4 word hierdie groepe uiteengesit. Die nommers is die nommers van die semantiese velde in tabel 5.3. Die onderstrepings dui verskille tussen die binnelandse en buitelandse dokumente aan.

Daar is eerstens die groep wat in feitlik al die dokumente genoem word (meer as 15 vindplekke in die binnelandse en meer as 5 vindplekke in die buitelandse dokumente). Vier asse val in hierdie groep by die binnelandse dokumente, naamlik realisme, revolusie, omkering van die rolle baas-kneg, en wit/swart (nr. 1, 2, 5 en 7 van tabel 5.3). Realisme is streng gesproke natuurlik nie 'n semantiese as nie, maar druk 'n semantiese verhouding uit: die verhouding tussen die gewone werklikheid en die romanwerklikheid. Dit is duidelik dat feitlik al die resensente meen die roman weerspieël die

Tabel 5.5 Matrys van semantiese velde en asse in die resepsie van July's people

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	
	Realisme	Revolusie	Fantasie	Rampsituasie	Baas/knag omgekeer	Man/vrou	Wit/swart	Afstroep/opbou	Materieel/geesteslik	Oorlewing, aanpassing	Self/groep	Esteties/onesteties	Kommunikasie	Stad/platteland	Ryk/arm	Gewone/nuwe persepsies	Goeie/swak omstandighede	Hede/verlede	Vervreemding	Liberale middelklas	Myer implikasies	Oud/nuut (Gramsci)	Westers/tradisioneel	
<u>Binnelands</u>																								
ADSR 1981			+	+																			+	
(Anon. 1981c)	+	+	+	+	+					+					+	+		+		+				
Anon. 1981f	+			+																		+		
Bowers 1981	+	+		+	+		+	+	+							+		+		+			+	
Bowker 1981		+		+	+	+	+	+	+	+				+					+				+	
Brodie 1981		+			+		+	+	+					+			+			+				
Cilliers 1981	+	+					+	+	+		+											+	+	
Cherry 1981	+	+		+	+	+	+				+			+	+			+		+		+	+	
Clayton 1981	+	+			+	+	+			+		+				+				+	+		+	
Dax 1981	+				+		+			+	+		+		+		+							
EH 1981		+		+	+	+	+		+	+				+	+					+				
Greig 1981		+		+	+	+	+		+					+		+								
Greyling 1981	+	+		+	+	+	+								+	+								
Hough 1981		+			+		+			+					+	+		+				+	+	
Isacowitz 1981		+			+	+								+		+	+		+					
Kenney 1981	+	+			+	+	+							+		+	+	+		+		+		
Lindenberg 1981	+	+	+	+	+	+	+	+	+		+	+		+		+	+	+	+	+	+			
Molefe 1981		+			+		+							+		+	+			+				
Paton 1981	+	+		+			+							+		+		+	+	+				
(Schwartz 1981)	+		+				+									+					+			
(Thema 1981)	+	+			+	+	+			+				+				+		+				
Woodley 1981	+	+			+	+	+			+						+	+			+				
Roberts 1982	+	+		+						+							+	+		+				
	15	19	4	11	17	6	19	5	6	9	4	2	1	12	3	11	9	9	4	15	3	5	6	
<u>Buitelands</u>																								
Ableman 1981		+			+		+							+	+	+	+	+		+				
Binding 1981	+	+			+	+	+								+	+	+	+		+				
Boyers 1981	+	+		+	+	+	+		+							+	+	+		+				
Glendinning 1981	+	+			+		+	+								+	+	+		+	+	+		
Gray 1981		+		+	+		+			+			+			+	+	+		+				
Moss 1981		+					+							+				+		+				
Jansen 1981	+	+			+		+										+	+		+				
Levin 1981a	+		+		+	+	+									+								
	5	6	1	2	7	1	8	1	1	1	0	0	1	3	3	4	3	6	0	5	1	1	0	
Totale getal vindplekke	20	25	5	13	24	7	27	6	7	10	4	2	2	15	6	15	12	15	4	19	4	6	6	

Tabel 5.4 Groeperinge binne die voorkoms van semantiese asse in die resepse van July's people

	<u>Getal vindplekke</u>		
	<u>Groep 1</u>	<u>Groep 2</u>	<u>Groep 3</u>
	15+	9 - 13	1 - 8
	5+	3 - 4	0 - 2
<u>Binnelands</u>	1,2,5,7	4,10,14, 16,17,18, 20	3,6,8,9,11,12, 13,15,19,21,22, 22,23
Totaal	4	7	12
<u>Buitelands</u>	1,2,5,7, 18,20	14,15,16, 17	3,4,6,8,9,10, 13,21,22 (11,12,19,23)
Totaal	6	4	13

(Opmerking: Die klompie tussen hakies onder groep 3 by die buitelandse dokumente word glad nie in die buitelandse dokumente genoem nie.)

Suid-Afrikaanse politieke werklikheid - veral dan die rassepolitiek.

Feitlik al die resesente aanvaar die realisme as vanselfsprekend. Daar is net een wat op die beperkinge daarvan wys, naamlik Lindenberg (1981:kol. 7). Dit dui moontlik op 'n verskil tussen die Afrikaanse en die Engelse sisteem. 'n Paar resesente wys ook daarop dat fantasie 'n groot rol in hierdie roman speel (kyk tabel 5.3, nr. 3). Omdat die roman in die toekoms afspeel, word daar natuurlik gedink dat dit meer fantasie of verbeelding verg as 'n "gewone" realistiese roman. Dit suggereer egter wel 'n groter verwyderdheid van die alledaagse werklikheid as by die "gewone" roman. Dit dui dus op 'n sterk realistiese konvensie binne die romansisteem. Daar is egter ook tekens dat hierdie konvensie aan die verander is.

Die ander semantiese asse in hierdie frekwente groep vorm die mees voor-die-hand-liggende betekenis van die boek en ook die dominante semantiese asse van die sisteem, anders sou nie soveel resesente dit raakgesien het nie. Dit is ou nuus dat die rasseprobleem een van die dominante topoi binne die Engelse sisteem is. Die omkering van rolle is 'n wysiging binne daardie topos, en word in hierdie geval deur die teks ingegee: die teks skets 'n situasie waarbinne so 'n omkering moontlik is en ook plaasvind. Eintlik is dit natuurlik meer as 'n omkering van rolle. Dit is ook 'n omkering van leefwyses. Die boek is 'n ironiese negatief van die heersende Suid-Afrikaanse situasie, maatskaplik, ekonomies en polities. Maar dan 'n negatief op 'n beperkte skaal.

Die tweede groep semantiese asse word deur die meerderheid van die skrywers waargeneem (9 tot 13 vindplekke in die binnelandse dokumente en 3 of 4 vindplekke in die buitelandse dokumente). Hier gaan dit om sewe semantiese asse in die binnelandse dokumente en vier in die buitelandse dokumente. Die sewe is die rampsituasie, oorlewing/aanpassing, stad/platteland, gewone/nuwe persepsies, goeie/swak omstandighede, hede/verlede, die liberale middelklasleefwyse.

Hierdie semantiese asse het, lyk my, meer sistemiese betekenis as die eerste groep, omdat hulle tussen die semantiese asse staan wat duidelik deur die boek geopper word en dié wat deels aan die persoonlike opvattinge van die skrywers toegeskryf kan word (die derde groep). Daar is in hierdie groep asse twee isotopieë onderskeibaar. Die eerste omvat die rampsituasie, oorlewing/aanpassing en ook gewone/nuwe persepsies. Dit het te doen met die isotopie ramp, en verteenwoordig 'n wyer semantiese veld as spesifiek die revolusie in Suid-Afrika. Hiermee word die boek dus in 'n ander sisteem, die sisteem van boeke (en films!) oor rampe

geplaas. Roberts (1982) doen dit eksplisiet, want sy behandel die boek in 'n artikel oor post-revolusionêre fiksie. 'n Mens kandidateer as 'n buitelandse sisteem wat ook sy uitlopers in Suid-Afrika het: Roberts noem Na die geliefde land (1972) van Karel Schoeman, The confessions of Josef Baisz (1977) deur Dan Jacobsen en Waiting for the barbarians (1980) deur John M. Coetzee. Binne die Suid-Afrikaanse romansisteem is dit dus 'n betreklik onlangse tendens ((sub-)sisteem).

Die ander isotopie binne hierdie groep is die alomteenwoordige teenstelling tussen die Westerse kultuur en die Afrika-kultuur, met verskillende fasette soos stad/land, blanke leefwyse/swart leefwyse, middelklas/peasant, beskaaf/primitief.

Hede/verlede hoort in hierdie boek daarby, omdat die middelklasleefwyse as iets van die verlede voorgestel word. Dit is die oue wat moet verbygaan. Dit is opmerklik dat die buitelandse skrywers die teenstelling ryk/arm (nr. 15) net so frekwent raaksien as die ander asse in hierdie groep; waarskynlik omdat uit hulle perspektief die ekonomiese verskille tussen wit en swart die meeste opval. Hulle sien die teenstelling tussen die leefwyse in die hede en dié in die verlede binne die boek trouens net soveel keer soos die frekwentste asse (groep 1) raak. Dieselfde geld vir die middelklasleefwyse. Hiervoor kan daar twee redes wees. Die een is dat Gordimer se plaaslike lesers al so gewoond daaraan is dat sy oor middelklasmense skryf dat hulle dit nie meer as inligting beskou nie. Die ander is dat die plaaslike lesers meer opgeskeep is met rasseverskille as met ekonomiese verskille. Weliswaar word die Smales'e in die boek taamlik duidelik as middelklasmense, nog duideliker as liberaal geteken. Die boek handel trouens deels oor hulle vasgevangenhed binne die middelklasleefwyse. Oud/nuut (nr. 22) en Westers/tradisioneel (nr. 23) hoort eintlik dus ook binne hierdie isotopie tuis. Die skrywers is meestal skynbaar te

nou betrokke by die roman om so 'n groter veralgemening te maak. Dit is myns insiens egter duidelik dat die buitelandse skrywers makliker wyer implikasies (veral sosiaal-ekonomiese implikasies) raaksien as die binnelandse skrywers.

Die derde groep semantiese asse vorm, soos ek reeds gesê het, na my mening die meer persoonlike reaksies van die skrywers. Dit is ook algemener en meer filosofies, omdat dit dinge insluit soos man/vrou (feminisme), afstroping/opbou, materieel/geestelik, self/groep, kommunikasie en vervreemding. Ek was verbaas dat man/vrou en self/groep so min keer raakgesien is, want myns insiens is dit nogal belangrike kwessies in die roman. Veral vir die verstaan van die slot, dink ek, is dit baie belangrik, soos ek reeds gesê het. Feminisme is vandag in die hele Westerse wêreld eintlik so 'n belangrike kwessie dat mens meer aandag daaraan sou verwag. Dit beteken dus net twee dinge: òf feministe skryf nie resensies nie, òf my korpus dokumente is in dié opsig nie verteenwoordigend nie. (Daar was 'n resensie in Ms.) Laasgenoemde lyk my onwaarskynlik.

Uit die feit dat self/groep skynbaar nie 'n dominante as binne die Engelse sisteem is nie (in die buitelandse dokumente word dit glad nie eers genoem nie), kan 'n mens een groot verskil van die swart sisteem aflei: binne die swart sisteem is die teenstelling self/groep (individueel/groep) wel 'n belangrike semantiese as (vgl. p. hierbo). Die min aandag aan materieel/geestelik sou daarop kon dui dat dit binne die Westerse sisteem ook nie meer 'n belangrike kwessie is nie; dat mense nouliks anders as in materialistiese terme kan dink. In die boek is daar natuurlik 'n uitgesproke voorkeur vir materiële dinge en word die bewussyn ook uit dinge soos die grootte van die "master bedroom en suite" bepaal. Materialisme is al skynbaar so deel van die middelklasleefwyse dat dit geen kommentaar meer ontlok nie.

Naas hierdie groep semantiese dinge wat darem meer as een keer in die resensies genoem word, blyk uit sommige resensies ook nog ander kwessies wat, omdat dit slegs dié een keer voorkom, skynbaar nog persoonliker reaksies verteenwoordig. So meen Bowker (kol. 2) dat die karakters se "essential humanity" blootgelê word in die oorlewingsituasie in die boek. Cherry (kol. 3) sluit sy resensie af met 'n opsomming van die vernaamste semantiese velde wat July's people bestryk:

July's people attempts to describe social disintegration, the demise of a totalitarian epoch, the force of solitude, and the resultant disarray in the bourgeois individual's mentality.

Met die ontwrigting van die middelklasbewussyn kan ek akkoord gaan, maar dit is myns insiens 'n baie persoonlike siening dat solitude 'n belangrike wysgerige kwessie in Suid-Afrika is; apartheid, ja, maar dit is darem nie heeltemal dieselfde as eensaamheid nie. Miskien bedoel hy meer vervreemding, wat dit in ooreenstemming met ander dokumente sal bring.

Roberts (1982:50) sien in Maureen se optrede aan die einde 'n soort verraad. In dié opsig, meen sy, sluit July's people by haar ander apokaliptiese romans aan. Later (p. 51) vat sy die "boodskap" van hierdie reeks romans saam as 'n waarskuwing aan Suid-Afrikaners om te verander voordat onaangename dinge met hulle gebeur, en sy meen dat die skrywers "adaptability, humility, and ordinary human decency" aandui as dinge waarop 'n nuwe toekoms gebou kan word.

Hoewel hy minder optimisties oor die saak is as Roberts, stem Boyers (kol. 1) saam dat verraad vir die boek ter sake is. Ily is een van die resensente wat die wyer implikasies van die roman die beste formuleer as hy sê 'n mens sien in dié boek dat "South Africa is only the proximate name of a general nightmare. It is a nightmare of injustice and retribution, of betrayal and dispossession". Dit moet in die boek se guns tel dat sulke algemeen-menslike dinge daaruit kristalliseer.

Ableman (kol. 1) se "pervasive instability" en Glendinning (kol. 3) se besef dat dinge net binne 'n sekere konteks verstaanbaar is, kan as twee muntstukke of as twee kante van dieselfde muntstuk beskou word. 'n Mens kan sê struktuur en werklikheid is teenoorgesteldes van mekaar (patroonmatig/vloeibaar; staties/dinamies), of jy kan sê dit is maar net twee beskouingswyses van dieselfde ding: struktuur en werklikheid is twee name vir dieselfde ding. Ableman laat val die klem op die opskorting van patrone in die boek; Glendinning op die noodsaaklikheid van patrone. Hierdie dinge skakel met die semantiese as gewone/nuwe persepsies en met die kwessie van aanpassing. Dit word in die resensies dikwels uitgedruk deur die ouers met die kinders te kontrasteer. Die kinders pas maklik aan, keer as 't ware vanself terug na die natuur, "go native". Lindenberg (1981:kol. 7) praat van die "primitiwiteit" van die kind, van die kind as "oerwese". Die ouers kan hierdie aanpassing moeilik maak, omdat hulle gekondisioneer geraak het in sekere patrone: die middelklasleefwyse, die verhouding baas-kneg, apartheid. Ten diepste is hierdie semantiese as dus iets soos kondisionering/aanpassing, verandering. Dit is die ou, ou teenstelling tussen Dionisus en Apollo in moderne gedaante.

Uit die reaksies op July's people is dit duidelik dat dit 'n komplekse boek is maar ook 'n boek met diepgang, omdat dit filosofiese probleme eie aan die Westerse kultuur aansny. Die belangrikste isotopieë daarin is die rassesituasie, 'n rampsituasie, 'n ekonomiese of klassesituasie, en 'n kenteoretiese dimensie (orde/chaos), wat natuurlik ook 'n kulturele dimensie is en waarop die teenstelling Weste/Afrika of Europa/Afrika deels berus. Die groot aandag wat semantiese kwessies in die resensies geniet, demonstreer die oorwig van die semantiese komponent binne die Engelse sisteem. Dit toon die sentrale belang van die rassekwessie binne die sisteem, maar het ook wyer implikasies. Realisme skyn 'n baie sterk konvensie te wees, hoewel hierdie boek nie volstrek

realisties is nie. 'n Belangrike verskil tussen die Engelse en die swart sisteem word gesuggereer deur die ondergeskikte belang van die semantiese as self/groep.

5.4.2 Sintaktiese kwessies

Die betekenis wat die resesente aan die roman heg, is gewoonlik deurslaggewend vir hulle interpretasie van die gebeure in die roman - dié sintaktiese aspek wat (al is dit meestal by wyse van opsomming) die meeste aandag in die resepsiedokumente geniet. Hulle kom dus meestal by die sin van die gebeure uit; selde by die struktuur daarvan. Oor die algemeen word daar 'n onderskeid gemaak tussen die "simple story" op die oppervlak en die dieperliggende verskuiwings. EH (kol. 1) praat byvoorbeeld van 'n eenvoudige oorlewingsverhaal op die oppervlak, maar sien dieper "an extremely powerful tale of human relations, an examination of standards...".

Die verandering van verhoudings, ook binne die gesin, die omkeer van rolle is so 'n sinvolle patroon (byvoorbeeld Bowers kol. 2; Anon. 1981e: kol. 1). 'n Tweede patroon is aftakeling (materieel, geestelik, fisiek) (byvoorbeeld Lindenbergh, 1981:kol. 5; EH kol. 2; Glendinning kol. 3). Sommige skrywers praat ook van vervreemding (Lindenbergh, 1981: kol. 5; Bowker kol. 1; Paton kol. 1). Die derde sinvolle patroon is aanpassing, leer aanpas (byvoorbeeld by Anon. 1981b:kol. 2; Roberts, 1982:51). 'n Opmerking met strukturele waarde is dié deur Ableman (kol. 3) dat die Smales'e by July krediet wil neem vir 15 jaar se goeie behandeling. Dit val egter anders uit. Uit al hierdie dinge kan 'n mens niks meer van sistemiese waarde aflei nie as dat lesers geneig is om sinvolle patrone in reekse gebeure te soek - 'n waarheid soos 'n koei. Miskien is "aftakelingsverhaal" nog die raakste beskrywing van die aard van die gebeure.

Karakters is ook 'n sintaktiese faset wat baie aandag kry,

natuurlik omdat die roman ook sterk op karakters fokus. Twee kwessies is hier belangrik, naamlik die volledigheid van die karakters en die uitbeelding van July. EH (kol. 1) verwerp bewerings dat Gordimer se karakters karikature is. Daarteenoor is Binding se vernaamste kritiek juis dat die karakters nooit volledig word nie, maar stereotipes bly: die Smales'e stereotipes van die liberale middelklas; July 'n stereotipe of blote funksie van redder, "frog prince". Hy meen dat die beperkings van die karakters veroorsaak word deur die beperkings van die Suid-Afrikaanse samelewing. (n Variant van die vraag of blankes swartes na behore kan uit=beeld - sy antwoord daarop sal kenneliknee wees.) Ek stem saam met sy siening dat die karakters nie volledig is nie, maar stereotipes, rolle bly. 'n Mens sien een van hierdie stereotipes aan die werk in Cilliers se resensie: die stereotiepesiening van die swartman. Dit blyk uit frases soos "koning kraai", "July skud sy bietjie witmensvernis af". Sy beklemtoon die feit dat hy in die loop van 15 jaar kleinig= hede uit die huishouding gesteel het. Die swartman is dus vir haar oppervlakkig beskaaf, magsbehep en geneig om te steel. By Lindenberg (1981) is weer die ander stereotipe aan die werk: die swartman as natuurmens, kreatief, mis=terieus.

Binding (1981:kol. 1) voer die gebruik van frases soos "the white man" en "the white woman" aan as bewys dat karakter tot stereotipe gereduseer word. Dit bewys egter veel eerder dat hy nie die Engelse sisteem ken en daarom nie die juiste Stellenwert van hierdie frases kan bepaal nie. (Ek kom later hierop terug.) Die rede vir die stereotipes is egter nie die Suid-Afrikaanse samelewing nie, maar die feit (wat Lindenberg raakgesien het, 1981:kol. 4) dat karakter ondergeskik gestel word aan die semantiese komponent. Lindenberg het ook 'n bietjie moeite daarmee, anders as al die ander resensente. Daarom lyk dit of volledige karakters nie meer in die Engelse sisteem norm is nie. Aan die ander kant

word die uitbeelding van die swartes in die boek as "tribal but not simple people" (Bowers, kol. 1) weer die boek ten gunste gereken. Die Suid-Afrikaanse leser verwag dus òf minder volledigheid, òf is in staat om op grond van sy kennis van die sisteem van die karakters in die boek vollediger karakters te maak as 'n buitelandse leser soos Binding. Meestal is die Suid-Afrikaanse leser seker so behep met apartheid dat hy niks anders raaksien nie. Lindenberg (1981) neig hier, nes by die resepsie van Op die rug van die tier, na 'n voorkeur vir volledige karakters, wat nie ooreenstem met die opvatting in die sisteem nie.

As dit kom by karakterisering is daar 'n hele paar resensente wat gehinder word deur die onsimpatieke houding van die verteller teenoor die karakters. Bowers (kol. 1) skryf sy betrokkenheid by die karakters "is tempered with a certain detachment, a fastidious withdrawal" en dat hy "the cool, intent observer" bly. Vir haar strek dit tot voordeel van die boek. By Lindenberg (1981:kol. 3) "skep die effens siniese afstandelikheid van die verteller" weerstand. Dit is vir haar te klinies, toon te min mededoel. Kenney (kol. 2) word gehinder deur die verteller se "contempt for the white liberal species". Dit kom, sê hy, deurgaans voor. Ook hy meen dat dit toegeskryf kan word aan die vooropstel van 'n "boodskap". Origens skenk die skrywers nie veel aandag aan hoe die karakters uitgebeeld word nie. Lindenberg (1981: kol. 8) wys darem op die kontrapunt tussen die karakters en tussen die wit en swart egpaar as belangrike tegniek. Sy sê ook die aftakeling van die wittes word veral deur "fisiese degradasie" geteken, en dit op 'n hiperrealistiese manier, getuie die gebruik van woorde soos shit, turd, excrement, odours, ens. Ook Cilliers (kol. 3) neem hierdie gedetailleerde skildering waar. Hierdie naturalistiese detail pas, nes die afstandelike verteller, natuurlik in die sisteem van die 19de-eeuse Realisme, waarvan die Engelse sisteem deels 'n voortsetting is.

Verskeie resensente wys daarop dat die roman nie op die groot gebeure, op massatonele fokus nie, maar op 'n enkele gesin en die alledaagse, selfs onbenullige dinge wat met hulle gebeur (Gray, 1981:kol. 2, byvoorbeeld). Van die drie hoofkarakters is Maureen die belangrikste: daar word op haar ontwikkeling gefokus (Bowker, 1981:kol. 2). Bowker reken die groot klem wat op Maureen se beperkte perspektief gelê word egter nie tot die boek se voordeel nie. Dit maak die boek vir haar minder oortuigend. Dit lyk my eerder of sy teen die groot mate van interiorisering beswaar maak. Kenney (kol. 2) word ook daardeur gehinder. Vir hom is daar 'n diskrepansie tussen Maureen se voorstelling as gewone vrou en moeder en die "self-flagellating and introspective consciousness through which most events are perceived". Clayton (kol. 2) waardeer die interiorisering egter positief as sy skryf "the most significant shifts in the novel occur inside the consciousness of Maureen Smales". Teen die wisseling van perspektief bestaan daar nie beswaar nie; wel teen die interiorisering, maar dan net by sekere skrywers. Hier vind duidelik 'n verskuiwing in die sisteem plaas. Die talle "uncertainties" wat Ableman (kol. 3) in die boek ervaar, het ook hiermee te doen, omdat interiorisering die idee van 'n stabiele werklikheid aantast. Alles word versubjektiveer.

Bowker (kol. 2) is die enigste resensient wat aan afstand aandag skenk (hoewel sy ook nie die Genetteaanse paradigma hanteer nie). Sy skryf die verhaal word aangebied

in an interestingly structured variation of dramatised scenes, authorial description and narration and stream-of-consciousness presentation.

Haar eerste opmerking geld natuurlik tydsduur, maar sy vind in elk geval al hierdie tegniese aanvaarbaar binne die sisteem. Ook die afwisseling van opsomming en scène is deel van die sisteem, getuie Lindenberg (1981:kol. 2) se waardevolle opmerking dat Gordimer weet "hoe om tegelykertyd te interpreteren en te dramatiseer".

Feitlik al die resensente lewer kommentaar op die "post-revolutionary setting" van die roman. Dat dit 'n hipotetiese ruimte en situasie skeep, skyn niemand veel te hinder nie, omdat dit so nou aansluit by die hede en die revolusie al soveel keer voorspel is. Clayton is die resensent wat die meeste aandag hieraan skenk. Sy praat van "extension of 'realism'" en meen dat die revolusie net daartoe dien om 'n situasie te skeep waarin die geprojekteerde veranderinge kan plaasvind. Daar sit trouens in die hipotetiese situasie iets van die roman experimentale, soos blyk uit die vrae wat Hough (kol. 2) stel. (Clayton praat ook van 'n "experimental feel".) Skynbaar is die realistiese konvensie so sterk dat dit ook in hipotetiese situasies kan geld.

'n Paar resensente is geneig om die revolusie in die roman voorop te stel en nie wat met die Smales'e gebeur nie - of in ieder geval dan die uiterlike transformasie van die Smales'e se lewe en nie die psigologiese transformasies nie (Brodie en Greyling, byvoorbeeld). Dit is nie vir almal duidelik dat die revolusie maar die agtergrond vir die verhaal van die Smales'e vorm en dat die eintlike ruimte van die verhaal die statjie van July is nie (weliswaar voortdurend met die voorstedelike ruimte gekontrasteer, al is die voorstedelike ruimte eerder 'n denkpatroon as 'n fisiese ruimte). Roberts (p. 50) is een van die wat die verhaal duidelik in die statjie plaas. Hierdie landelike ruimte word veral met realistiese detail opgeroep - veral met besonderhede oor die dinge wat die Smales'e moet ontbeer. Die verwarring van ruimtes is myns insiens 'n simptome van onderskatting van die interiorisering. Ander ruimtes bestaan wel, maar dan net in die bewussyn van die karakters (of lesers!). Die teenstelling stad/platteland is 'n algemene topos (byvoorbeeld by Ableman kol. 3; Woodley kol. 1).

Dat die verhaal in die toekoms afspeel, wêk by niemand verwagting nie. Dit is aanvaarbaar binne die sisteem. Origens

word nie veel oor die tyd gesê nie. Lindenberg (1981:kol. 5) merk wel op dat hede teenoor verlede gestel word. Sy (kol. 6) sien trouens in die tyd ook 'n semantiese aspek, 'n tydsproblematiek, raak: die teenstelling tussen die wittes se tydsbesef en die tydloosheid van Afrika, en ook die besef dat die wittes se tyd "verby" is. Sy (kol. 5) bring ook die belangrikheid van scênes in die tydsduur van die roman na vore, maar die baie aandag wat sy aan tyd skenk, klop nie met die ander resensente se reaksie nie. Dit kan daarop dui dat die hantering van tyd en die tydsproblematiek nog nie belangrike kategorieë aan die ontvangerskant van die Engelse sisteem uitmaak nie. Dat dit in die roman self wel belangrik is, is onteenseglik so. Hough (kol. 3) merk trouens (en myns insiens tereg) op dat die verlede, hede en toekoms in die roman "saamsmelt tot 'n byna teleskopiese visie". Daarmee herken hy een van die kernfasette van interiorisering: die vermenging van tye binne die bewussyn van die karakter.

Oor die algemeen skyn die resepsiedokumente dus die aanname te ondersteun dat die realisme die heersende stel konvensies binne die Engelse romanistiek is, maar dat daar 'n wending begin intree na toenemende interiorisering. Dit blyk uit dinge soos die ondermyning van sekerhede, die losmaak van die direk Suid-Afrikaanse gegewe, die toenemende inbedding van die verhaalde feite binne die bewussyn van 'n karakter, die verskuiwings van tydsduur en -volgorde. Die pragmatiese kwessies wat in die resensies ter sprake kom, bied verdere steun aan hierdie hipotese.

5.4.3 Pragmatiese kwessies

Die resensies bied ten ooreenkomste bewyse van die hoë eise wat die boek aan sy lesers stel. Dit word eksplisiet genoem (byvoorbeeld by Clayton kol. 1; Ell kol. 1; Isacowitz kol. 1),

maar dit blyk die duidelikste uit die talle plekke waar die skrywers verkeerd of slordig gelees het. Nou praat ek nie net van vinnige opsommings nie soos Anon. (1981e:kol. 1) (waarin gesê word July laai die Smales'e in sy kar) of van Cilliers (kol. 3) (wat ter wille van die dramatiese effek praat van die wilde jaagtog uit die stad na die platteland), maar van gevalle waar die leser werklik verwar kan wees. 'n Mens kan Woodley (kol. 3) nie kwalik neem dat hy meen July sukkel om sy hoofman aan Bam voor te stel nie. Die gedeelte word so volkome uit Bam se oogpunt vertel dat die leser eers later beseft dit was 'n indoe-na wat hulle kom ontmoet het en nie die hoofman self nie. Bam het gedink dit is die hoofman, en daardeur kan 'n leser mislei word. Selfs by 'n gesoute leser soos Paton kom sulke vergissings voor. Paton skryf byvoorbeeld dat die Smales'e Martha se huis kry of dat Maureen na die helikopter toe hardloop omdat sy "the sound of English being spoken" hoor. Dit is egter duidelik uit die teks dat dit haar man en kinders is wat sy hoor:

...and she hears them, the man's voice and the voices of children speaking English somewhere to the left. But she makes straight for the ford.

(p. 159)

Bam en die kinders het die oggend gaan visvang. Die derdepersoonvorm suggereer dat sy haarself reeds van hulle losgemaak het.

Baie van hierdie vergissings kan aan die wesenlike dubbel-sinnigheid van die erlepte Rede toegeskryf word.

Oor die algemeen meen die skrywers dat die roman 'n groot uitwerking op die lesers sal hê, veral 'n skokkende uitwerking. Greig (kol. 1) skryf die "nightmarish power" van die roman aan die revolusionêre situasie toe. Dax beskryf die boek as "frightening in its scope and awareness". Lindenberg praat van "treffende en soms selfs onvergeetlike episodes"

(1981:kol. 3), maar meen tog dat die skryfster nie daarin geslaag het om werklik "meevoerende karakters" te skep nie. Die trefkrag van die werk blyk ook uit titels soos "Brutal, chilling - but stunning masterpiece" (Brodie), "A bleak and powerful vision" (Isacowitz), "A-bomb in small package" (Woodley). Deels is dit sensasiesoekery, maar deels is dit identifikasie met die gebeure in die roman: gemeenskaplike vrese word daarin werklik, "fears many South Africans do not like to express" (Brodie kol. 2). Die lesers vereenselwig hulle dus met die lot van die karakters in die boek.

Die duidelikste kom dit by Paton na vore. Hy vertel die verhaal oor, maar met klem op sy eie reaksies van vrees en angs: "As I read I am being drawn into their lives. I am beginning to feel anxious for their future" (kol. 4). Teen die einde erken hy dat hy die boek nie kon neersit nie, maar betrokke geraak het by die "lewens" van hierdie karakters. Hy sê ook dat hy dalk iets van homself in Bam herken. Dit is boonop die rede waarom hy die boek aanprys as Gordimer se "warmest and simplest" boek tot dusver. Dit staan direk teenoor Binding (kol. 2) se mening dat Gordimer se "range of sympathies" eng is. Hoewel dit miskien nie altyd by die naam genoem word nie, is identifikasie dus 'n erkende pragmatiese tegniek binne die Engelse sisteem.

Dit is natuurlik die voordeel wat 'n skrywer het as hy oor bekende dinge skryf. Boyers (kol. 1) meen dat Gordimer dié punt in haar loopbaan bereik het waar sy die leser se belangstelling en bekendheid met die kwessies wat haar na aan die hart lê as vanselfsprekend kan aanvaar. Dit gaan egter nie net om die leser se kennis nie, maar ook oor sy ontroering. Paton se resensie getuig daarvan dat die boek wel emosie by die leser wek. Isacowitz (kol. 1) wys ook op patos in die boek: veral die patos van Bam wat nog 'n manlike front wil handhaaf en van Maureen wat probeer aanpas ondanks haar vasgevangenheid in die burgerlike leefwyse. Warmte, patos is dus duidelik ook 'n kwessie binne die sisteem.

Die boek word as spannend beskou (Dax sê dit het net soveel spanning soos 'n avontuurverhaal), maar daar word min aandag gewy aan die strukturele faktore wat spanning skep. Daar is wel sporadiese verwysings na lesersverwagtings wat gefnuik word. Bowers (kol. 2) noem die einde onverwags. Lindenberg (1981:kol. 11) sien onverwagse reaksies raak, soos dié van die hoofman wat sy stam wil verdedig teen die swart revolusie, maar meen tog dat daar in die boek nog te veel voorspelbare dinge is - voorspelbaar op grond van die "politieke didaktiek", soos sy dit noem. Cilliers (kol. 4) noem selfs die slot "modieus onseker". Dit raak aan 'n ander saak, naamlik informasieverdeling.

Dat die slot oop bly, hou die leser natuurlik in onsekerheid. Die karakters is oor die algemeen ook nie seker wat presies aangaan nie. Roberts (1982:50) meen selfs die swartes is onseker oor die werklike betekenis van wat gebeur. Daar is aan die begin van die boek heelwat onbeantwoorde vrae, en nie almal van hulle kry bevredigende antwoorde in die boek nie. Dit is vrae soos: wat gaan met die Smales'e gebeur? Hoekom help July hulle? Hoe gaan hulle verhouding as gevolg van die revolusie verander? Die leser kry die antwoorde nie op 'n skinkbord aangebied nie. Dat hy self moet dink, verhoog natuurlik die spanning (en die moeilikheidsgraad) van die roman. Veral oor July en sy dryfvere word hy min ingelig, soos Binding (kol. 2) opmerk. Anders as wat hy meen, suggereer die teks wel 'n rede waarom July sy eertydse werkgewers help. Ook die kategorie informasieverdeling word dus wel intuïtief deur die resensente erken, maar daar bestaan binne die sisteem skynbaar geen teorie daaroor nie.

Ten slotte, 'n paar opmerkings oor die funksie van die roman binne die sisteem soos dit uit die resensies blyk en soos dit met Gordimer se opvatting daaroor kontrasteer. Vir 'n hele paar resensente het die roman (en die toekomsroman in die algemeen) 'n waarskuwingsfunksie (ADSR; Cilliers kol. 4;

Roberts, 1982:51): die Suid-Afrikaanse leser moet sy rasseverhoudinge verander voordat dit te laat is. EH (kol. 2) spreek die hoop uit dat die lesers hulle verhoudings met hulle bediendes en swart mede-burgers sal ondersoek. Vir Clayton (kol. 3) is die les van die roman dat aanpassing en oorlewing op die ou end die belangrikste is. Lindenberg (1981) praat selfs van 'n "ekonomiese moralisasie". Wat die presiese gevolg ook al sal wees, is dit duidelik dat daar 'n oortuiging bestaan dat die roman 'n sosiale uitwerking moet hê; sy lesers moet verander.

By Gordimer self (blykens Schwartz, 1981) tref 'n mens egter 'n veel genuanseerder en verwikkelder opvatting oor die doel en funksie van die roman aan. Vir haar is July's people nie in die eerste plek 'n weerspieëling van die werklikheid maar, in die woorde van Jorge Luis Borges, "a dream suggested by a present reality". Sy het die boek nie bedoel as 'n waarskuwing nie, omdat 'n roman, na haar mening, 'n "revelation" en nie 'n "judgement" is nie. Hoewel nou betrokke by die kontinent Afrika en sy probleme, bedoel sy haar romans nie as preke nie, ook nie polemies nie. Sy wil mense ook nie doelbewus verander nie. Wat sy wel probeer doen, is om mense aan hulle self te openbaar, met ander woorde om groter selfkennis te bewerkstellig. Dit kom ooreen met die oogmerk wat sy in 1961 gestel het. Skryfwerk moet egter ook verder gaan as die Suid-Afrikaanse probleme. "Writing", skryf sy, "is something that's meant to move and entertain and create living people whose lives and problems are not just confined to this country" (kol. 5).

Gordimer se opvatting oor die funksie van die roman is verwikkeld, omdat sy bewus is van 'n konflik. Enersyds wil sy die klem op die kreatiewe funksie, die roman as "imaginative writing", as "exploration of the word" laat val. Andersyds is in 'n land soos Suid-Afrika, na haar mening, ook die skrywer se persoonlike verhoudinge baie belangrik. Daarom is

die skrywer ook persoonlik betrokke by sy werk en by die kritiek op sy samelewing. Die kwaliteit van 'n werk kan egter net gemeet word aan die "quality of the writing". Die "boodskap", sê sy, sal inslag vind "in direct proportion to the skill of the writer". Teoreties plaas sy dus die verbeelding, die vakmanskap, eerste, maar in die werke self is die boodskap baie keer dominant. July's people is deur verreweg die meeste resensente in die eerste plek as "boodskap" ontvang - nog 'n bewys dat die skrywer se bedoeling en die resepsie van sy werk nie altyd klop nie.

Vergelyk 'n mens nou die beeld van die sisteem soos dit uit die resensies na vore kom met die beeld wat ek daarvan geskilder het, val die volgende dinge op. Semanties is die Suid-Afrikaanse sosio-politieke situasie nog steeds die dominante tema, maar dit kry wyer implikasies. Hoewel die konvensie van realisme nog sterk is, vind die resensente 'n beweging verby die realisme soos in July's people al heeltemal aanvaarbaar. Eweneens word "apocalyptic fiction" sonder teenstand in die sisteem geïnkorporeer. Die dominansie van die rasseprobleem is onder andere duidelik uit die feit dat binnelandse resipiënte rassekwessies makliker raaksien as ekonomiese kwessies, terwyl dit by die buitelandse resensente andersom is. Een van die wyer implikasies is dat die teenstelling Weste/Afrika duideliker na vore kom, maar van die verwagte wending na 'n meer persoonlike problematiek is daar nie veel tekens in die resepsiedokumente nie, al is dit moontlik om op grond van die teks meer klem daarop te lê.

Sintakties is daar talle tekens van interiorisering, maar realistiese tendense, soos die sterk aanwesigheid van die heterodiëgetiese verteller en die realistiese detail word voortgesit. Minder volledige karakters word geskets, hoewel hulle hulle oor die algemeen self onthul via interne fokalisasie en erlebte Rede. Die ruimte behou sy simboliese waarde, ofskoon dit minder markant is as in die verlede.

Die gebruiklike polariteit stad/platteland word wel omgekeer, nes die polariteit swart/wit. Die ruimte is duidelik ook 'n psigiese ruimte en nie soseer 'n fisiese nie.

Pragmaties is die hoë eise wat aan die leser gestel word, duidelik. Desnieteenstaande is die tendens nog om aan te neem dat die roman 'n sosiale funksie het, naamlik om sy leersers tot sosio-politieke verandering te beweeg. Die identifikasie van die leser met die karakters bly 'n belangrike voorwaarde vir die sukses van die roman, veral waar dit gaan om "kollektiewe" vrese soos wat in July's people die geval is.

5.5 Roman en sisteem

Ten slotte moet ek terugkeer na die roman en gaan kyk hoe dit in die lig van die sisteem lyk. Ek het al gesê die boek is 'n negatief van die Suid-Afrikaanse sosio-politieke situasie. Dit is so, omdat die polariteite van die twee groot semantiese sisteme wat in die boek in konflik is, die blanke Westerse en die swart Afrikaleefwyse, omgekeer word. In plaas van 'n Jim comes to Jo'burg-roman het ons dus hier te doen met 'n Maureen comes to the village-roman. Die gebeure in die roman kan saamgevat word as 'n verskuiwing oor die grense van 'n semantiese sisteem waarin die gewone polariteit omgekeer is. In plaas van oorheersers, is die wittes nou ondergeskik; in plaas van besitters, nou besitloos; in plaas van baas, nou klaas. Die positiewe waardes het ook verskuif: die Westerse semantiese sisteem word nou minder positief gewaardeer en die Afrikasisteem positiewer. Dit beteken weer 'n "reversal of the poles of the South African experience": in plaas daarvan dat die Afrikaan hom by die Westerling moet aanpas, moet die Westerling hom nou by Afrika aanpas. Afrika staan voorop. Dit is wat dit beteken om deel van Afrika te wees. Dit is waarskynlik een van die redes waarom 'n mens in hier=

die boek soveel tekens van die tipiese tematiek van die Afrikaroman in die algemeen, die teenstelling tussen die Weste en Afrika, aantref.

Hierdie ommekeer is nêrens duideliker as by die twee manlike karakters in die boek nie. In die "klassieke" Jim comes to Jo'burg-roman (soos Mine Boy of Swart pelgrim) en in die Soweto-poësie is die swartman 'n magtelose en patetiese figuur; die witman daarteenoor magtig en ryk. In July's people word die witman gaandeweg ontman, seksueel, maar ook in status en mag. July, daarteenoor, word gaandeweg al sterker. Hy neem die bakkie in besit en herwin sy waardigheid. Dit loop uit op sy verwerping van die hele Westerse waarde-sisteem wat hom met Westerse waardes wil meet en nie met sy eie nie. In sy finale uitbarsting teenoor Maureen (p. 152) bevestig hy al hierdie dinge; bowendien: hy weier selfs om die Westerse taal daarvoor te gebruik. July is egter nie meer "suiwer" Afrikaan nie, omdat hy nog praat van teruggaan stad toe.

Hoewel die verhouding tussen Maureen en die twee mans verander, vermy die skrywer daardie "klassieke" topos van die Suid-Afrikaanse roman - "sex across the colour bar". Miskien is dit omdat Maureen, nes Bam, onseks word, maar dit lyk my meer waarskynlik dat sy bewus word van haar identiteit as vrou en, soos ek al gesê het, weier om langer aan 'n man ondergeskik te wees. Hierdie feministiese problematiek is waarskynlik iets nuuts in die sisteem.

Bam se ontmanning word nog duideliker as 'n mens hoofstuk 10, die beskrywing van Bam se jagtog, in die konteks van die sisteem beskou. Dit begin so:

The white man had watched the wart-hog family shifting through the grasses, appearing as the aerials of raised tails, then cropping nearer and nearer each afternoon as they fed, the adults' coarse hairy backs gleaming with glistens of mud from the wallow.

It was a sight for tourists in a game reserve; drink in hand, legs crossed at the picture window of an air-conditioned bungalow.

(p. 74)

'n Stukkie idille? 'n Stukkie mooiskrywery wat die tristesse van die Smales'e se ondergang 'n bietjie verlig? Nee, maar 'n uiters funksionele oproep van intertekstuele verbande en wel met die jagliteratuur uit die 19de eeu. "The white man" van die eerste sin is niemand anders as die "great white hunter" van die 19de eeu nie. En as die leser miskien hierna 'n boeiende relaas verwag van die magtige daad van die witman in konfrontasie met nog magtiger vyande uit die diereryk, word hy in die tweede sin reeds teleurgestel. Met die tweede sin tree naamlik 'n tweede perspektief die teks binne en word die "tunnel vision" wat Gray (1979:109) as noodsaaklik beskou vir die jagliteratuur, versteur. "It is quite mandatory", skryf Gray, "in this kind of fiction that the world view of the protagonist must be limited by the bounds of his ethic." Die prooi, die wild, van die eerste sin bly nie wild (dit wil sê deel van die jagtersetos) nie, maar word getransformeer na 'n soort skildery, 'n estetiese objek, met die klem op bewaring. "Game" word "wild-life"; jagobjek word toeristiese objek.

Die lugversorgde hut is hier ook 'n ironiese verwysing na "back there", die verbygegangse middelklasleefwyse. Die Smales'e bevind hulle nie meer in die nagebootste Afrika van 'n rondawel in die Krugerwildtuin nie, maar in die prototipiese modderhut, in die outentieke Afrika, by wyse van spreke.

Bam se jagtog is daarom 'n ironiese teenbeeld van die tradisionele inisiasierite van die jagtog. Hy besef hy is nie 'n jagter nie, maar 'n slagter. In plaas van 'n magtige leviatan skiet hy 'n vlakvarkie. Hy is nie in 'n rituele stryd met magte groter as hyself gewikkel nie, maar is bloot voedselverskaffer. As hy die volgende oggend bloed aan sy penis sien, is dit nie 'n teken dat hy volwassenheid bereik het nie,

maar 'n kastrasiesimbool. Nie verniet nie word Bam as kaal=kop voorgestel; July trouens ook, maar dan omdat sy kop pas weer geskeer is, nie omdat sy hare uitgeval het nie (p. 153). Zo zijn de helden gevallen...

Eintlik is die Smales'e se uittog uit die stad 'n ironiese teenbeeld van die verheerlikte pionierslewe van die vorige eeue. Die ossewa is vervang deur die geel bakkie. Bam het nie eers 'n ordentlike geweer om met hom saam te neem nie, net 'n haelgeweer waarmee hy voëls jag, en in plaas van 'n mooi skoon skoot skiet hy daarmee die vlakvarkie se hele snoet pap. In plaas van lang en deeglike voorbereiding in die pionierstradisie is die vertrek van die Smales'e 'n hol=dersteholder affêre waarin hulle, in plaas van nuttige dinge, die absurdste dinge inpak: 'n sakkie lemoene, Victor se elek=triese resieskarretjies.

Ook in 'n aantal ander opsigte strook die roman met die sisteem. Ek het minder volledige karakters verwag; dit is so. Ek het heelwat interiorisering verwag; dit insgelyks. Interne fokalisasie is wel die reël, maar onmiddellike rede en direkte rede vir die weergawe van bewussynsinhoude is betreklik skaars. Die reël is eerder die soort afstand wat deur Flaubert "uitgevind" is: die erlebte Rede. Die verlede word gefragmenteer ingevul soos mens kragtens die interiorisering sou verwag.

Die problematiek van die enkeling is minder sterk in die boek aanwesig as wat mens sou verwag. Hoewel die boek oor lewenswyses handel en die Smales'e daarom nie individue is nie, slaag Maureen tog aan die einde daarin om uit haar middel=klasdop te breek en, na mens kan aanneem, 'n nuwe identiteit te vind. Omdat sy die vernaamste fokalisator is, is haar persoonlike problematiek tog van belang. Dit gaan egter skynbaar nie om 'n individualisme in die burgerlike sin van die woord nie; dis juis een van die verouderde woorde uit die

stad, sou mens kon sê. Die boek stel wel hoë eise aan die leser, maar identifisering is skynbaar makliker as wat ek op grond van my beeld van die sisteem verwag het. Daar is egter geen aanduiding van 'n episodiese in plaas van 'n klimaktiese plotstruktuur nie (tensy mens die spronge in die verhaal of die gedeeltes wat tussen July en Martha afspeel, as sulke aanduidings wil beskou). Hulle is almal egter in die een verhaallyn geïntegreer.

Veelal is July's people dus 'n roman wat die hiërargieë van die sisteem eerder semanties (deur die omkeer van die polariteit en die toepassing van die rampgegewe) as sintakties verstel.

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS

Dit het nou tyd geword om die sisteme finaal met mekaar en met die hipoteses daaroor te vergelyk, en om uit die vergelyking dan gevolgtrekkings te maak oor die nut van my model van 'n romansisteem en van die sisteembenadering as sodanig. Gevolgtrekkings oor die nut van die studie van resensies as resepsiedokumente is ook nodig. Dit is so ongeveer die volgorde wat ek in hierdie hoofstuk gaan volg.

6.1 Finale vergelyking van sisteme

Ten einde struktuur aan die vergelyking te gee, volg ek in hoofsaak die kategorieë van die model. Ek begin by die sintaktiese komponent en eindig met die pragmatiese komponent.

6.1.1 Die sintaktiese komponent

Om maar met die romans self te begin: al drie kan as afstrotingsromans beskryf word. Wynand Vercuyl moet van sy self gestroop word, die groep in A ride on the whirlwind moet die geweld van die warrelwind ervaar en van hulle samehorigheid gestroop word, en die Smales'e moet hulle middelklasbesittings en -denkpatrone ontnem word. Die karakters in al die romans (stellig 'n waarheid soos 'n koei) beweeg in Lotman se terme "across the borders of a semantic field". Die groep betree die wêreld van die aangehoidenes, word gelykgemaak. Wynand moet die lewe van heiligmaking bereik. Die Smales'e moet die grense van die oue probeer oorstek na die nuwe - besittingloos, statusloos, sekuriteitsloos.

Hierdie beweging, soos blyk uit die Bremondiaanse analises, is veel kompleksier in Op die rug van die tier en July's people as in die redelik enkelvoudige warrelwindpatroon van A ride on the whirlwind. Daarby geskied die verandering by eersgenoemde twee deur subtile konfrontasies tussen karakters en nie soseer deur kragdadige optrede en aksie nie. Die handeling in eersgenoemde twee is veelal innerlik; in laasgenoemde minder innerlik, hoewel daar teen die einde wel innerlike handeling plaasvind. Die gebeure is in die Afrikaanse en Engelse roman dus meer geïnterioriseer as in die swart roman. Dit klop met die hipoteses en skyn 'n algemene verskil tussen die "Westerse" en die "Afrikasistiese" te wees.

Qua plotstruktuur is daar wel tekens van 'n spanning tussen 'n lineêre klimaksplot en 'n episodiese plot. Eintlik loop A ride on the whirlwind sterker op na sy klimaks as Op die rug van die tier, omdat die handelingslyn in eersgenoemde "skoner", "enkelvoudiger" is. Iets van die spanning tussen lineêr en episodies blyk uit die lomp oorgange tussen episodes in A ride on the whirlwind en uit die feit dat daar twee, nie volledig geïntegreerde verhaallyne (Mzi, die groep) in die boek voorkom. In die Afrikaanse en Engelse romans word die lineêre voortgang egter deur die interiorisering en die kompleksiteit van die gebeure verdring. In nie een van die twee is die onverbiddelike verhaallogika wat mens byvoorbeeld in Oedipus Rex kry, baie opvallend nie; in July's people miskien nog meer as in Op die rug van die tier, omdat laasgenoemde steeds vooruitwerk na die wonder en nie die onverbiddelike nasleep van die verlede demonstreer nie. Nie een van die drie romans het dus 'n lineêre klimaksplot nie; die redes daarvoor verskil. Dit is in ooreenstemming met die hipoteses waarvolgens ons by die swart roman affiniteit met die mondelinge verteltradisie en by die ander twee versteuring van die klimakswerking deur vergevoerde interiorisering verag het. Dat die resensente dit glad nie vermeld

lyk na ondersteuning hiervoor.

Daar is in A ride on the whirlwind (weliswaar vaag) tekens van die "providential plot", waarvolgens die verteller hom antagonisties teenoor die karakters opstel en demonstreer hoedat hulle optrede (wat die waardes wat hy voorstaan, oortree) tot hulle ondergang lei. In July's people is daar ook 'n antagonisme tussen verteller en karakters, maar dan half in 'n "omgekeerde" sin, asof die verteller waardes het waarheen die karakters nog eers moet beweeg; anders as in die tradisionele swart struktuur waar die uitgangspunt eintlik gedeelde waardes tussen verteller en karakters is. In Op die rug van die tier is daar in die eerste boek ook 'n afstand tussen vertellende en belewende ek, maar in die tweede boek word hierdie afstand feitlik uitgewis. Die instelling van die verteller het in A ride on the whirlwind wel sisteenwaarde, omdat dit 'n aspek van die mondelinge tradisie is; by die ander twee nie.

Die groepering van die karakters in twee antagonistiese groepe is ook 'n faset van die mondelinge tradisie. Die teenstelling tussen die twee is in A ride on the whirlwind egter kleiner omdat 'n paar bemiddelende figure daarin optree. Hiervan verskil July's people met sy driehoeksverhouding heeltemal. Hoewel dit inpas in die sisteem, verskil dit ook daarvan, omdat die "sex across the colour bar" nie voltrek word nie. Dit is moontlik dat die struktuur van parallelle figure wat mens in Op die rug van die tier kry, ook tot die sisteem veralgemeen kan word (in die werk van Etienne Le-roux kom so iets ook voor), maar my data gee geen aanduiding in dié verband nie.

In die Afrikaanse en Engelse sisteem word die karakters oor die algemeen as mense beskou, dit wil sê die realistiese opvatting oor karakter domineer. Albei die toetsromans wyk egter hiervan af, Op die rug van die tier in die rigting van

allegoriese figure (weliswaar ook geyk in die Afrikaanse sis=teem - Leroux!), July's people in die rigting van rolle of funksies. Binne dié twee sisteme is die norm ook volledige karakters - waarvan die twee romans ook afwyk. Hulle helde is gewone mense, maar het te kampe met isolasie en vervreemding. Wynand is 'n groter antiheld as Maureen, Bam of July, en July, hoewel teen die einde groter van statur, is nie naastenby so 'n "reus op aarde" soos Mzi of Mandla nie. Hulle is nog egte helde, maar aan die ander kant enkelvoudige karakters. In hulle word die tradisionele onderbeklemtoning van karakter binne die swart sisteem geïllustreer. 'n Karakter soos sis Ida is egter heelwat kompleks en vollediger uitgebeeld as wat die norm in die swart sisteem is. Oor die algemeen domineer 'n meer semiotiese opvatting oor karakter (as blote agens) in die swart sisteem. Sis Ida is natuurlik ook allermens heldhaftig. Sy is eerder 'n klein mensie vasgevang in dinge wat sy nie verstaan nie.

In ieder geval kom die karakterisering in al drie romans redelik los van tradisionele stereotiepe sienings soos dat alle swartes, resp. Afrikaners, resp. Engelse sleg is. In A ride on the whirlwind word selfs die wit polisie redelik simpatiek gebeeld. Die "villain of the piece" is eintlik die swart polisieman, sersant Batata. Selfs in Op die rug van die tier word die swartes nie net as vloerwassers en petroljoggies geskilder nie, maar selfs (in die figuur Ra) bewonder as mense. Daar is die verhouding wit/swart in elk geval nie een van die primêre probleme nie.

Uit die drie romans blyk die verskille in karakterisering tussen die sisteme duidelik. Dit hang saam met die perspektief. In A ride on the whirlwind is, in ooreenstemming met die sisteem, die verteller die belangrikste karakteriseerder. Die norm is eksterne fokalisasie met sporadiese interne fokalisasie wat tussen verskillende karakters wissel. In July's people is die norm eintlik interne fokalisasie (ver=

al van Maureen), afgewissel met ekstern-gefokaliseerde gedeeltes. En in Op die rug van die tier is die fokalisasie volledig intern (en wisselend), behalwe sover die visie van die vertellende ek soms naby aan eksterne fokalisasie kom. Ook dit is tipies van die twee sisteme. Hieruit blyk 'n sterk verskil in interiorisering tussen die swart sisteem enersyds en die ander twee andersyds. A ride on the whirlwind wyk met die uitbeelding van sis Ida egter af van die gewone gebrek aan interiorisering binne die swart sisteem. Sy word hoofsaaklik deur middel van 'n weergawe van haar gedagtes geskilder en is ook die enigste karakter by wie 'n langerige stuk monologue intérieur voorkom.

Die dominansie van die heterodiëgetiese verteller in A ride on the whirlwind beteken ook 'n betreklik groot afstand in die boek. Die verteller is feitlik deurgaans opsigtelik, anders as in July's people, waar die verteller dreig om agter Maureen te verdwyn. Dit kom ooreen met die voorliefde vir die vertelde rede in die swart sisteem en die voorliefde vir erlebte Rede in die Engelse sisteem: betreklike groot afstand teenoor pogings om die afstand te verklein. In Op die rug van die tier word daar ook (en ook tipies van die sisteem) pogings aangewend om die afstand te verklein, deur innerlike teenstellings byvoorbeeld om te sit in die direkte rede. Die verskil is net dat die skrywer daar te kampe het met die struktureel-ingeboorde afstand van die outodiëgetiese vertelling wat hom nie so maklik laat nivoelleer nie. Dit is 'n vernuwing in die Afrikaanse sisteem. Die afstandverskille toon weer die verskil in interiorisering tussen die swart sisteem en die ander twee.

Die tydstruktuur van die drie romans is oor die algemeen verteenwoordigend van hulle sisteme en toon ook die verskille in interiorisering. Die tydsvolgorde in A ride on the whirlwind is die "objektiewe" volgorde van die horlosietyd. Dit begin by die begin en eindig by die einde. Die volgorde van die ander twee romans is egter vol pro- en analepse,

soos die tye in die "bewussyn" van die karakter vermeng word, sy innerlike tyd as maatstaf gevolg word. Die idiosinkratiese verspringings van sy geheue is die bepalende faktor.

July's people sluit in dié opsig aan by 'n tendens van die jongste klompie jare; dit was nie oorspronklik deel van die realistiese tradisie nie. Tydspronge is in die Afrikaanse sisteem al ou nuus.

Oor tydsduur is dit moeilik om te veralgemeen. Dit wil egter lyk of ellips en scène die dominante tempo's in die swart sisteem is. Dit hang moontlik saam met die tendens van die tradisionele verteller om in voltooide eenhede te dink. Die predominansie van scènes in die swart sisteem (baie opvallend in A ride on the whirlwind) is moontlik 'n teken dat die ou konvensie van die episodiese plot nog so sterk aan die werk is dat die skrywer dit moeilik vind om die verskillende episodes aan mekaar te las. Uit die ander twee romans blyk daarteenoor dat die skrywers verskillende verteltempo's vlot en kreatief kan gebruik. Dit is nie 'n meganiese afwisseling van opsommings en scènes nie. Tipies van die tydsduur van July's people is die jukstaponering van elke scène met 'n stukkie vertelling (streng gesproke 'n pouse) waarin die lewe back there opgeroep word. Tipies van die tydsduur van Op die rug van die tier is die toekomsgerigtheid waardeur alle pouses eintlik omgeskakel word na opsommings van die verbygaan van dinge.

Ook uit die ruimtes (tipies van die sisteme) in die drie romans blyk die verskille in interiorisering. A ride on the whirlwind speel in 'n stedelike ruimte af, soos Op die rug van die tier trouens ook, maar in eersgenoemde is die ruimte veelal uiterlik. Hoewel July's people in 'n landelike ruimte afspeel, kan 'n mens daardie landelike ruimte beskou as 'n omgekeerde stadsruimte. Hoe dan ook, ook in July's people is dit nie die fisiese ruimte wat belangrik is nie, maar die psigiese. In die Afrikaanse en Engelse romans lyk die ruimte hefter geïntegreer by die res van die roman, om=

dat dit ook semanties saampraat. Wynand se straat weer=spieël sy innerlike gesteldhede, nes die bos, ondanks sy ont=saglikheid, inperk en vasvang (die gebruiklike polariteit in die Engelse sisteem) en simbolies is van Maureen en Bam se vreemdelingskap in Afrika. Selfs by Sepamla is daar egter gevalle waar die ruimte meespreek, byvoorbeeld die teenstelling tussen Parkstasie by Mzi se aankoms en by sy vertrek. Hier word die "omringende werklikheid" kreatief gemanipuleer. Deur sy gebruik van die stadsruimte en die stedelike colour locale pas A ride on the whirlwind in by die "urban manner". Deur die beheerste gebruik van die colour locale en die redelike mate van semantisering van die ruimte wyk A ride on the whirlwind wel af van die (vroeg) Afrikaroman. In die Afrikaanse en Engelse sisteem is die konvensie dus hoër interiorisering en semantisering van die ruimte, terwyl dit by die swart sisteem veel minder die geval is. July's people buit die tradisionele teenstelling tussen stedelike en landelike ruimtes (en leefwyses, natuur=lik) kreatief uit.

Dit is redelik moeilik om gevolgtrekkings oor die relatiewe dominansie van die ses subkomponente karakter, gebeure, tyd, ruimte, vertelwyse en stem binne die verskillende romansis=teme te maak. Uit A ride on the whirlwind wil dit lyk of die gebeure domineer. Die tydstruktuur is immers redelik stereotiep, aan die ruimte word op sigself nie baie aandag gegee nie, die karakterisering is duidelik nie van oorheer=sende belang nie, maar tog skynbaar aan die opklim in die hiërargie. Ook wat vertelwyse en stem betref, is die aan=sluiting by realistiese modelle sterk.

In die Afrikaanse sisteem staan net die ondergeskikte belang van die gebeure vas. Dit wil ook lyk asof karakterisering aan die daal is in die hiërargie, of dan dat die belang van die realistiese opvatting oor karakter aan die afneem is. Interiorisering is in sowel die Afrikaanse as Engelse sisteem

van groot belang, en skynbaar in die swart sisteem ook aan die toeneem in belangrikheid. Hoewel A ride on the whirlwind nie volkome binne die mondelinge verteltradisie staan nie, sluit dit in sommige opsigte (die plotstruktuur, groepering van karakters, opstelling van die verteller en die oorwig van die heterodiëgetiese verteller-komentator) nouer by die mondelinge tradisie aan as wat mens op grond van die "urban manner" sou verwag, terwyl dit in ander (die karakterisering van sis Ida, veral) weer verder daarvan afwyk. Oor die algemeen bevestig die gegewens dus die hipotese dat die verskille tussen die swart sisteem en die ander twee op verskille tussen 'n mondelinge en 'n tipografiese tradisie berus, altans sintakties.

6.1.2 Die semantiese komponent

Semanties is daar 'n redelike groot verskil tussen die belang van apartheid en die rasseprobleem in die Afrikaanse en die Engelse romansisteem. Die Engelse sisteem word feitlik oorheers deur die rasseprobleem, hoewel daar in die jongste jare tekens van 'n verruiming van tematiek bestaan, gepaard met die toenemende eksperimentering. Hier, het geblyk, is dit veral 'n persoonlike, menslike problematiek wat opgang maak. Die rasseprobleem is in die Afrikaanse sisteem weliswaar by sommige skrywers baie prominent (dink maar aan Brink en Joubert) maar vorm oor die algemeen tog nie die enigste semantiese veld nie; eerder een van die belangrike semantiese velde. Die problematiek binne die Afrikaanse sisteem is skynbaar meer algemeen menslik as in die Engelse sisteem. Die twee toetsromans vertoon hierdie verhoudings duidelik. In die swart sisteem is die rasseprobleem ook baie belangrik, al is dit in die konteks van die Afrikaliteratuur maar 'n faset van die groot tema, die teenstelling tussen die Weste en Afrika.

Daar is in A ride on the whirlwind wel tekens van 'n wyer problematiek as slegs die rasseverhoudinge; dinge soos die "psigologie van terrorisme" of die probleem van geweld in die algemeen. 'n Groot verskil tussen die Engelse en die swart sisteem is die ondergeskikte belang wat die resesente aan die teenstelling self/groep in die Engelse sisteem heg, al kom dit wel in July's people sterk na vore, veral teen die einde. In die swart sisteem is dit 'n belangrike semantiese as - dit kom byvoorbeeld in die teenstelling tussen Mzi en die groep na vore uit A ride on the whirlwind. Dit is ook 'n belangrike semantiese as in Op die rug van die tier. Wyman is 'n alleenloper. Dit is egter baie interessant dat July's people semanties nogal naby aan die swart sisteem staan. Dit bring die teenstelling Afrika/Europa redelik sterk na vore, demonstreer die waardigheid en menslikheid van die swartman, en volg ook (weliswaar omgekeer) die topos Jim comes to Jo'burg (egter versterk deur die topos terug na die natuur en die topos van die geheimsinnige, donker, maar kreatiewe Afrika).

Waar die sintaktiese komponent binne die Afrikaanse sisteem oorheers (ofskoon die semantiese aan belangrikheid wen), is dit ten oorvloede duidelik dat die semantiese komponent beide die Engelse en die swart sisteem domineer. Die neiging tot eksperimentering beteken egter dat die sintaktiese komponent binne die Engelse sisteem aan belangrikheid wen.

In al drie sisteme is 'n sterk realistiese konvensie aan die werk. Dit blyk uit A ride on the whirlwind miskien die duidelikste, omdat dit nog nader aan die werklikheid staan en in die (weliswaar geteleskopeerde) oornam uit die werklikheid naby aan die tradisionele swart vertelkuns staan. Hierdie feit word bewys deur die Appèlraad oor Publikasies se bevinding dat dié boek in hooftrekke histories juis is. Die ander twee romans staan meer verwyderd van die werklikheid en gebruik ook nie historiese stof nie. Hulle beskryf

'n "innerlike werklikheid" en nie 'n historiese werklikheid wat ook "buite" die karakters of buite die teks bestaan nie. Die ooreenkoms tussen die wêreld van die roman en die alledaagse werklikheid is dus sterker in A ride on the whirlwind as in die ander twee, al sluit hulle ook by fasette van die historiese werklikheid (die onluste, die Suid-Afrikaanse sosiale bestel) aan. By die ander twee is daar dus sprake van 'n groter transformasie van die werklikheid: die "fairy-tale transformations" van July's people en skryf- of skrywer=transformasies in Wynand se diskoers oor sy lewe (seleksie, ordening, dramatisering, oordrywing, eufemisme, afstand neem). Dit kom kortom daarop neer dat in A ride on the whirlwind 'n werklikheid (weliswaar gefiksionaliseer) weergegee word, terwyl in die ander twee in werklikheid geskep word.

6.1.3 Die pragmatiese komponent

Die belangrikste pragmatiese kwessie is ongetwyfeld die funksie van die roman soos dit binne die verskillende sisteme gesien word. Al drie sisteme meen dat 'n roman 'n didaktiese funksie moet hê, al moet dit nie baie opvallend wees nie. Die leser moet ingelig word oor hoe sy toekoms daar gaan uitsien, hoe die Soweto-onluste uit swart perspektief lyk, of oor die kompleksiteit van die lewe van die moderne mens. Verder het die roman in die swart en in die Engelse sisteem ook 'n waarskuwende funksie. Die leser word bang gemaak in die hoop dat hy sal verander, bang vir sy lot in die nabye toekoms, bang vir die gevolg van geweld.

Die hipotese dat die swart skrywer minder groepsgebonde sou wees as in die tradisionele vertelkuns en in die Afrikaroman, is verkeerd bewys deur A ride on the whirlwind. Daarin is die persoonlike problematiek gering en tree die skrywer nog steeds groepsbevestigend op. Hy skaar hom aan die kant van

gewone mense soos sis Ida wat onskuldig die geweld van die warrelwind moet verduur. Daar is by hom geen teken van die kritiek wat in July's people teenoor die groep (die liberale middelklas) of in Op die rug van die tier teenoor die Afrikaner uitgespreek word nie. Sepamla vervul nog die rol van die tradisionele kunstenaar wat rekord moet hou van wat met die groep gebeur, die geskiedenis moet skryf. Die historiese akkuraatheid van A ride on the whirlwind bewys dit. Daar teenoor is die hele July's people 'n ironiese transformasie van die leefwyse van die groep. Binne die swart sisteem het die roman 'n groepsbevestigende funksie, anders as die individualistiese en kritiese funksie wat dit in die ander twee sisteme het. Op die rug van die tier verskil van die Afrikaanse sisteem, omdat dit in 'n religieuse en nie in 'n sosiale sin nie krities is. In nie een van die sisteme word 'n roman as outonome artefak gelees nie. Al die lesers verwag dat dit die een of ander uitwerking sal hê.

Die resensente het Op die rug van die tier en July's people oor die algemeen moeilik gevind, maar by ernstige literatuur hoort dit so, skyn die oortuiging te wees. Dit stem ooreen met die vry elitêre instelling van die Afrikaanse romansisteseem. Die Engelse romansisteseem kom waarskynlik in dié opsig met die Afrikaanse ooreen, te oordeel aan die moeilikheidsgraad van July's people. As groepsgebonde literatuur is A ride on the whirlwind vermoedelik op 'n meer populêre leserskring gemik. Die lekker storie daarin en die tonele uit die alledaagse lewe dui in dié rigting. Ook ander faktore soos die reglynige plot en die eenvoudige karakters. Ten spyte van die bevinding van die Appèlraad oor Publikasies daaroor, is dit nie moontlik om uit te maak of dit inderdaad die geval is nie. Die resensies bevat geen aanduidings in dié verband nie. Sonder "harde" feite bly dit spekulasie.

Dit is duidelik dat die resensente in die Afrikaanse en Engelse sisteme verwag dat hulle hulle met 'n romankarakter moet

kan identifiseer. Hulle verwag ook om emosioneel meegevoer te word, getuie die bevindings dat die twee toetsromans koud is of 'n gebrek aan warmte toon. Uit die resepsiedata oor A ride on the whirlwind kan in dié verband nie veel met absolute sekerheid afgelei word nie, hoewel die feit dat die boek om sy outentisiteit aangeprys word, op herkenning kan dui.

Uit die resensies blyk in al drie sisteme dat min aandag aan die pragmatiese komponent gegee word en dat die teorie daar= oor swak ontwikkel is. Die romans self toon egter hoe die leser op verskillende maniere gemanipuleer word. In Op die rug van die tier is prospektiwiteit, ooreenkomstig die toekomsgestigtheid van die roman, 'n baie belangrike middel. Prospektiwiteit is ook in A ride on the whirlwind belangrik. Daar word weer suggesties geplant van die noodlottige afloop van die verhaal. Daarteenoor is prospektiwiteit in July's people slegs sporadies van belang.

In A ride on the whirlwind is die konflik tussen die polisie en die revolusionêres 'n sterk spanningswekkende element, terwyl dit in July's people die kontras tussen hier en back there en ook die konflik tussen Maureen en July is wat boei. Op die rug van die tier boei deur die kontras tussen heilige Wynand en sy banale Umwelt, die konflik met sy aardse vrou en die konflik tussen oubrein en neokorteks. Verskillende grade van kennisvoorsprong en -agterstand kom in die romans voor en kan dus as gebruiklik binne die sisteme beskou word.

Patos speel in al drie romans 'n rol, die sterkste miskien in A ride on the whirlwind, waarin patos opgewek word deur die lot van die groepie studente en die onskuldige sis Ida met haar goeie hart.

In die lig van die relatief min gegewens oor die pragmatiese struktuur van die sisteme in die algemeen en die feit dat

die teorie daarvoor swak ontwikkel is, is dit myns insiens nie gewens om verdere veralgemenings oor die pragmatiese komponente te maak nie. Die studie van die verhouding tussen werk en leser is wel deeglik literêr en kan selfs praktiese nut (vir die onderrig van literatuur, byvoorbeeld) hê. Hierdie aspek van die drie sisteme verg egter nog meer navorsing as wat binne die beperkte opset van hierdie studie moontlik was.

Die gebrek aan data en teorie oor die boeiende werking binne al drie sisteme dui egter onteenseglik aan dat die pragmatiese komponent in al drie baie laer in die hiërargie staan as die sintaktiese en semantiese komponent; dat hierdie komponent trouens tot onlangs toe heeltemal verwaarloos is. Dat hierdie toestand aan die verander is, ly geen twyfel nie.

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat die drie gekose romans in sommige opsigte wel van die gepostuleerde sisteem afwyk maar in ander weer daarmee ooreenkom. Dit bevestig die siening van Mukařovský dat literêre verandering 'n dialektiese proses van kontinuïteit en afwyking is (kyk 1.2.6 hierbo daarvoor). Uit die groot mate van ooreenstemming wat ek wel tussen die romans en hulle sisteme gevind het, is dit duidelik dat die drie gekose romans minstens so verteenwoordigend van die verskillende sisteme is as wat enige ander drie romans sou wees. Teoreties sal geen roman volkome met die sisteem waarbinne hy ontstaan, ooreenkom nie.

'n Ander kwessie raak die kwaliteit van die drie romans. Dit lyk asof daar 'n korrelasie bestaan tussen die kwaliteit van 'n roman en die mate waarin hy met sy sisteem ooreenstem: hoe swakker die roman (in hierdie geval A ride on the whirlwind), hoe meer kom dit met die sisteem ooreen; hoe beter die roman (Op die rug van die tier), hoe meer transendeer dit die sisteem. Kwaliteit is egter nie die enigste moontlike verklaring vir hierdie verskynsel nie. Uit hierdie studie is dit beslis duidelik dat A ride on the whirlwind meer met

sy sisteem ooreenkom as Op die rug van die tier met syne.

Dat dit so is, sluit aan by Jauss se siening van estetiese distansie wat juis die kwaliteit van 'n werk afhanklik maak van die mate waarin dit van die sisteem (as synde die leser se verwagtingshorison) verskil. Die verskil kan egter ook op 'n gebrek in die sisteembeskrivings dui.

Laastens kan dit aan 'n verskil tussen die twee betrokke sisteme toegeskryf word. Daar word naamlik taamlik algemeen aanvaar dat mens binne die Westerse letterkunde deserdie 'n estetika van opposisie vind. Daarmee dui Lotman (1970:114) estetiese sisteme aan waarbinne die gebruikte kode aan die begin van die resepsie onbekend is by die resipiënt. Natuurlik nie volkome onbekend nie, anders sou geen kommunikasie moontlik wees nie. Dit is eerder die geval dat die werk dan gesien word, nie as 'n spel sonder reëls nie, maar as 'n spel waarvan die reëls in die loop van die spel vasgestel moet word.

Hierdie soort estetika is, volgens Lotman (ibid.:111), in die geskiedenis van die wêreldkuns eerder die uitsondering as die reël. Estetika van identiteit, wat werke lewer waar van die strukture reeds vooraf gegee is en waarbinne die leser se verwagting deur die hele struktuur van die werk bevestig word, kom veel meer dikwels voor. Lotman noem voorbeelde soos die folklore van alle volke, die Middeleeuse kuns, die Commedia dell'arte en die Klassisisme. Die noue ooreenkoms tussen A ride on the whirlwind en sy sisteem kan dus ook 'n aanduiding wees dat die klem in die swart sisteem minder sterk op innovasie val as in die ander twee sisteme. Die swart sisteem is egter nie volkome 'n voorbeeld van 'n estetika van identiteit nie: die blote gebruik van die romanvorm en die semantiese nuwighede van A ride on the whirlwind is reeds taamlik ingrypende afwykings van die tradisionele verteltradisie.

6.1.4 Bestaan daar 'n Suid-Afrikaanse romansisteesem?

Is dit geregverdig om van 'n Suid-Afrikaanse romansisteesem te praat? Veral op die sintaktiese en semantiese vlak het daar redelik groot verskille tussen die drie gepostuleerde sisteme geblyk. Daar het egter ook 'n redelike groot sintaktiese ooreenkoms tussen die Afrikaanse en die Engelse sisteesem geblyk. In van die heel jongste werke sou mens byna van dieselfde stel sintaktiese uitgangspunte tussen die Afrikaanse en die Engelse sisteesem kon praat. Byna, want die Engelse sisteesem toon nog duidelik trekke van die realistiese sisteesem, en die Afrikaanse sisteesem is nog steeds sterk op sintaktiese eksperimentering gerig. Dit blyk byvoorbeeld uit die verskil tussen die redelik tradisionele tegniek van die vrye indirekte rede in July's people en die innoverende verruiming van die outodiëgetiese vertelling in Op die rug van die tier.

Van albei hierdie sisteme verskil die swart sisteesem sintakties baie. Dit raak die hele kompleks verskynsels wat ek met interiorisering saamvat.

Die grootste verskil tussen die Afrikaanse en die Engelse sisteesem lê op die semantiese vlak. Die rasseprobleem staan baie sentraal in die Engelse sisteesem; by die meeste Afrikaanse romanskrywers is dit nie so belangrik nie. By Brink is dit wel belangrik, maar by Etienne Leroux byvoorbeeld nie. In July's people staan rasseverhoudinge sentraal. Die sentrale bekommernis van Op die rug van die tier is egter die soeke na die self. Semanties staan die Engelse en die swart sisteesem weer nader aan mekaar.

Die belangrikste verskil tussen die drie sisteme is egter 'n verskil in die ideologiese faset van fokalisasie. In die Afrikaanse sisteesem word hoofsaaklik uit Afrikaneroogpunt gefokaliseer; mutatis mutandis in die ander sisteme dieselfde.

Vir oogpunt moet mens ook lees standpunt, en hierdie verskille is skynbaar so sterk dat geen skrywer 'n boek kan skryf waarin al drie fokalisasies na vore kom nie.

Samevattend is daar dus soveel literêre verskille tussen die drie sisteme dat 'n mens nie van 'n oorkoepelende Suid-Afrikaanse romansisteem kan praat nie. Daar is egter tendense wat daarop kan dui dat die drie sisteme ontwikkel in 'n rigting wat hulle nader aan mekaar toe kan bring. Die postulaat van drie sisteme moet myns insiens dus gehandhaaf word. Terselfdertyd moet mens onthou dat literêre sisteme oop sisteme is. 'n Literêre sisteem is 'n samehangende stel literêre oortuigings en nie 'n statutêre maatreël of 'n groepsgebied nie. Hoewel sommige mense (blank én swart) graag 'n soort literêre apartheid sou wou sien, is dit duidelik dat die drie sisteme met mekaar in interaksie is. In die lig daarvan is 'n studie van een van die sisteme in isolasie (sonder om van die ander twee kennis te neem) ongewens. Dit beteken prakties dat baie meer geld en tyd aan die vergelykende studie van Suid-Afrikaanse letterkundes bestee sal moet word.

6.2 Metodologiese probleme

Uit hierdie studie blyk duidelik dat daar heelwat probleme vassit aan die gebruik van resensies ter aanduiding van 'n sisteem. Resensies van 'n swart roman gee veelal die resepsie van 'n leser uit die Afrikaanse of Engelse sisteem weer. Dit geld vir die resepsie van Afrikaanse en Engelse werke in die ander sisteme ook, maar in 'n mindere mate. Suid-Afrikaanse resensente is meestal sisteemgebonde: hulle kan nie 'n werk uit 'n ander sisteem as hulle eie na behore beoordeel nie, eenvoudig omdat hulle die ander sisteem nie ken nie. Immers, literêre oortuigings word ook oorgedra, hetsy deur eie resepsie of deur onderrig.

In resensies maak dit nie veel saak dat 'n werk binne 'n "ver-

keerde" sisteem gelees word nie; in komitees oor publikasies wat oor 'n boek se lot beslis, ly baie werke egter daardeur skade. Dit tref die swart roman die swaarste, omdat die swart sisteem die onbekendste is. Hiervan is die mening van die sogenaamd deskundige komitee wat advies moes gee oor A ride on the whirlwind 'n klinkklare bewys. Wat vir resensente geld, geld des te strenger vir Suid-Afrikaanse literatore. Geen Suid-Afrikaanse literator kan as behoorlik opgelei beskou word tensy hy 'n basiese kennis van die belangrikste literêre sisteme in Suid-Afrika het nie.

6.3 Verfyning van die model van 'n romansisteem

Die studie van die resepsiedokumente met behulp van die sisteemmodel het wel baie insiggewende resultate gelever. Van die insiggewendste vir my is die weerstand onder die resensente van Op die rug van die tier teen die outodiëgeties-hipodiëgetiese veelheid van stemme in die roman, teen die wyer semantiese implikasies van July's people en die amper ongelooftik presiese wyse waarop die komitee van deskundiges in A ride on the whirlwind juis die dinge "in die boek afkeur wat volgens Ong se teorie en die Afrikasisteem die verskille tussen die mondelinge en die tipografiese verteltradisie uitmaak. Hierdie soort ontdekkings is myns insiens nie sonder die sisteemmodel moontlik nie. Dit lyk my of die resepsie van 'n werk altyd binne 'n teoretiese raamwerk bestudeer moet word. In die sisteemmodel word 'n aantal entiteite onderskei met daarby 'n aantal moontlike relasies. Uit die resensies moet die presiese aard van die relasies dan ingevul word, byvoorbeeld watter een van die moontlike karakteriseringstegnieke in die sisteem die belangrikste is en saam met watter tegniek dit by voorkeur gebruik word. Die model stel met ander woorde 'n matrys daar wat as soeklig dien en ingevul word uit die dokumente. Omdat sekere dinge nie in die matrys inpas nie of omdat nie-voorspelde relasies aangetref word, kan die matrys altyd verfyn word. 'n Mens het dus 'n model van hoe 'n romansisteem lyk; jy moet net

die patroon voltooi om te sien hoe die spesifieke sisteem lyk waaraan jy werk. Dit is natuurlik nooit maklik om die aanvanklike model te wysig nie, maar dat die moontlikheid daartoe bestaan, is duidelik.

Die model soos ek dit in hoofstuk 1 uiteengesit het, het redelik goed gevaar in die analises van die romans (waarvoor dit eintlik ontwerp is) maar ook in die analises van die resensies. Betroubare resultate is behaal. Daar is egter dinge wat nie maklik met die sisteemmodel hanteer kon word nie. Die eerste is die genreprobleem. Daar is geen demarkasiekriterium vir die genre roman in die model ingebou nie, behalwe implisiet, byvoorbeeld dat dit 'n redelike lang prosawerk is, dat dit karakters van verskillende soorte bevat, verskillende vertelwyses, e.d.m. So gesien, is die hele model eintlik 'n sjabloon vir die genre roman en sal tekste wat baie moeilik deur die model gehanteer kan word, dus outomaties nie as romans beskou word nie. Aan die ander kant baken dit dalk genres af wat nie romans genoem kan word nie. Ek kan my voorstel dat kortverhale ewe goed met die model gehanteer sal kan word; novelles kan beslis. In hierdie opsigte sal die model dus verfyn moet word.

Ek het aan die begin (kyk 1.2.5) gesê dat die onderskeid tussen roman en novelle myns insiens nie relevant is binne die sisteem nie. Van die drie romans wat ek ontleed het, kan eintlik net July's people 'n probleemgeval wees, omdat dit redelik kort is. Bowers (1981:kol. 1) noem dit 'n "short novel". Al die ander resensente het geen probleem met genre nie: vir hulle is dit 'n roman. Die een uitsondering is Hough (1981:kol. 1) wat wonder of dit nie dalk 'n novelle is nie. Hough erken egter dat "definisies vervloei" deserdae - natuurlik water op my meul. Laat ek dit egter nuanseer: uit dié studie wil dit lyk of die onderskeid tussen roman en novelle binne die drie Suid-Afrikaanse sisteme nie relevant is nie. Omdat dit egter nie 'n sentrale kwessie

in die ondersoek was nie, laat ek dit daar in afwagting op verdere ondersoek.

Dit is een van die groot voordele van die model en van die sisteembenadering in die algemeen dat dit nuwe vrae vra en dus nuwe navorsingsterreine oopstel, maar terselfdertyd ook ou feite in 'n nuwe lig plaas. Uit die oogpunt van die sisteemteorie self het my model een gebrek, naamlik dat dit nie afmetingswaardes kan bepaal nie. Die struktuur van 'n sisteem bestaan immers uit die versameling relasies tussen die entiteite binne die sisteem plus die posisionele en afmetingswaardes vir hierdie relasies. Die model van 'n romansisteem bied net posisionele waardes, en dit nie eers in alle gevalle uitvoerig nie. Of dit ooit moontlik sal wees om die graad van dominansie van sê een komponent van 'n sisteem bo 'n ander in syfers uit te druk, twyfel ek. Redelik eenvoudige (maar impressionistiese) afmetingswaardes is natuurlik beskrywings soos min, baie, redelik, effens, e.d. Dit lyk dus asof die kategorie afmetingswaarde vir die literatuurstudie van minder belang is.

Miskien die belangrikste voordeel van die model is dat dit 'n metataal daarstel waarmee sisteme en ook verskillende begrippe en onvergelykbare terme vergelyk kan word. Dit maak byvoorbeeld 'n vergelyking van die Afrikaanse en Engelse sisteem, waarin met verloop van tyd twee verskillende stelle begrippe geyk geraak het, met mekaar moontlik. Die kategorieë van die model is oor die algemeen wel op die verskillende sisteme toepaslik. Dit verhoog in die praktyk dus wel die vergelykbaarheid van werke en sisteme.

6.4 Die waarde van die sisteembenadering

Laastens moet ek, in die lig van die studie en sy resultate, die waarde van die sisteembenadering probeer bepaal. Ek dink die studie bewys dat die sisteembenadering wel van groot

nut in die literatuurwetenskap is. Die klassieke beswaar daarteen is dat dit die individuele werk verwaarloos ten gunste van veralgemenings wat in elk geval waarhede soos koeie is. Die sisteembenadering bestudeer nie die individuele werk nie - nie soos ek dit hier gebruik om eintlik die periodekode van 'n sekere tydperk in die literatuur te beskryf nie. Die individuele werk kan inderdaad as sisteem benader word, soos Lotman (1977) byvoorbeeld doen. Die sisteem (in literêr-historiese sin) sluit die studie van die individuele werk nie uit nie, maar bou daarop voort, soos hierdie studie bewys het. Die sisteembenadering beteken egter wel 'n aksentverskuiwing: nie die individuele werk staan meer in die sentrum van die ondersoeksgebied nie, maar die kode, die sisteem, die grammatika wat die verstaan van die werk moontlik maak. En hierdie sisteem is nie 'n versameling waarhede soos koeie nie, maar die beskrywing van 'n versameling relasies tussen entiteite en die posisionele waardes van daardie relasies. Dat dit nie in vae algemene hede bly steek nie, word bewys deur die besondere lig wat op 'n individuele werk kan val as dit binne sy sisteem geplaas word. So word die jagtog in July's people teen die agtergrond van die jagliteratuur van die 19de eeu 'n belangrike fase in die ondergang van Bam. Die hele July's people kan trouens slegs in die lig van die sisteem beskryf word as 'n "fairy-tale transformation", 'n omkering van die polariteit van die bestaande semantiese sisteem. Ook die rapprochement wat daar in dié boek tussen die Engelse sisteem en die Afrikasisteem plaasgevind het, kan, dink ek, net deur middel van die sisteembenadering ontdek word. Verder bied die sisteembenadering 'n raamwerk waarbinne gedetailleerde modelle opgestel kan word, deurtastende beskrywings van die verskillende fases in die ontwikkeling van 'n sisteem gemaak kan word, sodat die Stellenwert van 'n bepaalde element nie meer 'n kwessie van persoonlike smaak en voorkeur is nie, maar op 'n betreklik formele beskrywing gebaseer kan wees. Die monologue intérieur van sis Ida in die een ondervragingstoneel

uit A ride on the whirlwind kry binne die swart sisteem 'n totaal ander betekenis as sonder die sisteem. Daarmee wil ek nie daarop aanspraak maak dat 'n mens met die sisteembenadering nou uiteindelik by die EINTLIKE BETEKENIS VAN DIE WERK kan uitkom nie, maar wel dat die betekenis van die werk vir 'n bepaalde gehoor op 'n bepaalde historiese tydstip redelik presies daarmee beskryf kan word.

'n Laaste, baie belangrike voordeel van die sisteembenadering is dat dit nuwe sinteses soveel makliker maak - ou feite in sinvoller patrone kan rangskik. Hoewel hy dit nooit sê nie, is Gray (1979) geskoei op 'n sisteembenadering - die waarneming en beskrywing van groter gehele. En die briljante sinteses wat hy daarin maak, kan in 'n groot mate aan 'n sisteembenadering toegeskryf word.

Juis die feit dat dit die sintese van verskillende literêre feite tot 'n samehangende geheel moontlik maak, is 'n belangrike voordeel van die sisteembenadering, veral op 'n terrein soos die literatuurstudie wat, deur die studie van enkelwerke, amper onherstelbaar gefragmenteer geraak het. Iewers moet daar metodes gevind word om hierdie massa gegewens oorsigte-lik te maak. Dit is hier waar die sisteembenadering 'n belangrike rol kan speel.

Hierdie rol is nie beperk tot die vergelykende literatuurwetenskap nie. Ook vir die literatuurgeskiedskrywing is 'n sisteembenadering buitengewoon nuttig - mens sou selfs kon sê: 'n sine qua non - omdat 'n werk met behulp van die sisteembenadering geplaas kan word binne die sisteem (norme en opvattinge) waarbinne dit ontstaan het en historiese veranderinge op dié wyse vasgestel kan word.

6.5 'n Voetnoot aan 'dekonstruktiviste

Vir baie dekonstruktiviste (navogers en meelopers van Derrida) is 'n studie soos dié waarskynlik 'n soort heiligsennis. Hoe durf ek nog 'n sisteem probeer opbou in 'n tyd dat die wagwoord dekonstruksie is? Dit is je reinste logosentrisme. Geen samehangende teorie is meer moontlik nie. Dit is, uit dekonstruktivistiese oogpunt, die eerste probleem. Die tweede probleem is die onbeperktheid van die konteks.

Laat ek, ter illustrasie van die eerste probleem, vir Derrida self aanhaal, en wel uit sy opstel "Signature Event Context" (Derrida, 1977). Let op dat ek hier teruggaan na die oorsprong, die bron, die oorspronklike teenwoordigheid - wat veral ook 'n problematiese teenwoordigheid is. Immers, wat hy geskryf het, sê Derrida, dien as 'n soort masjien wat funksioneer selfs by sy afwesigheid, na sy dood, en selfs by die afwesigheid van sy intensie om iets betekenisvol te skryf of te kommunikeer (*ibid.*:180). Derrida skryf: "A writing that is not structurally readable - iterable - beyond the death of the addressee would not be writing" (*ibid.*). Dieselfde geld vir die sender of produsent.

Maar terug na dit wat ek wil aanhaal: 'n redelik lang samevatting deur Derrida van dekonstruksie (*ibid.*:195):

Very schematically: an opposition of metaphysical concepts (e.g. speech/writing, presence/absence, etc.) is never the confrontation of two terms, but a hierarchy and the order of a subordination. Deconstruction cannot be restricted or immediately pass to a neutralization: it must, through a double gesture, a double science, a double writing - put into practice a reversal of the classical opposition and a general displacement of the system. It is on that condition alone that deconstruction will provide the means of intervening in the field of oppositions it criticizes and that is also a field of non-discursive forces. Every concept, moreover, belongs to a systematic chain and constitutes in itself a system of predicates. There

is no concept that is metaphysical in itself. There is labor - metaphysical or not - performed on conceptual systems. Deconstruction does not consist in moving from one concept to another, but in reversing and displacing a conceptual order as well as the non-conceptual order with which it is articulated.

(Derrida se onderstreping)

Elke konsepsuele sisteem is derhalwe soos 'n foto - 'n positiewe iets, die ponering van iets, die kommunikasie van iets - maar, soos die foto, is daardie positiewe iets, daardie waarheid, afhanklik van die negatief daarvan: dit wat pertinent, maar onopsigtelik deur die sisteem uitgesluit word. Dieselfde sou geld vir dekonstruksie as konsepsuele sisteem. Wat sluit dit uit wat dekonstruksie moontlik maak? Die teenargument is natuurlik dat dekonstruksie nie 'n konsepsuele sisteem is nie, nie wil kommunikeer nie, nie iets wil sê nie, omdat woorde nie iets beteken nie, maar vir Derrida 'n afwesigheid signaleer. Maar hoe kan dekonstruksie self kommunikeer sonder of buite logosentrisme? Derrida is self "logosentries gebonde aan teses (sic!), hipoteses en bewysvoering of demonstrasies" (De Jong, 1984:33).

Omdat logosentrisme onvermydelik is, bied ek hiermee my geposuleerde sisteme aan vir dekonstruksies.

Die tweede probleem word kort en bondig uitgespel in die aanhaling uit Derrida wat ek as motto bo-aan hierdie studie geplaas het. Die beskrywing van die sisteem waarbinne 'n werk geproduseer en ontvang word, is wesenlik 'n beskrywing van ('n deel van) die konteks van die werk. Omdat die konteks altyd in fyner detail beskryf kan word en omdat 'n werk (as makroteken) altyd in ander kontekste aangehaal kan word, is die konteks eintlik grensloos. Die omgewing van 'n sisteem is oneindig groot. Deur op die relevante omgewing te fokus, maak mens 'n logosentriese move: jy skakel dié dinge uit wat jou

projek onmoontlik maak. Omdat dit 'n toestand endemies aan alle teorieë is en mense desondanks aanhou teorieë vorm (noem dit language games as u wil), beskou ek dit ook nie as 'n diskwalifikasie van hierdie studie nie. Dit beklemtoon bloot die voorlopigheid en betreklikheid van alle menslike kenne - ook van hierdie studie.

BIBLIOGRAFIE

(Opmerking: Vir die gerief van die leser gee ek by die Suid-Afrikaanse dokumente die INEG-dokument= nommer agteraan.)

ABLEMAN, P. 1981. Unknown quantities. Spectator 5.9.81. p. 23. [res. JP].

ACHEBE, C. 1964. The role of the writer in a new nation (In Killam ed. 1973:7 - 13).

ADSR 1981. Prophet of doom proves difficult. The Natal Witness 136 (34076) 3.9.81 p. 21. dok. 006/1652. [res. JP].

ANGYAL, A. 1941. A logic of systems (In Emery ed. 1972: 17 - 29).

ANON. 1981a. Afrika-skrywers inleidend. Die Republikein 4(73):9 20.3.81. dok. 006/591.

ANON. 1981b. Contemporary writing/Eietydse skryfkuns - When does realism become permissive writing?/Wanneer word realisme permissief? Cape Librarian/Kaapse Bibliotekaris Sept.

ANON. 1981c. Gordimer's latest book may be banned. The Sunday Tribune 19.7.81 p. 5 dok. 006/1422.

ANON. 1981d. Gordimer se jongste. Die Burger jg. 66 21. 7.81 p. 8 dok. 006/1437.

- ANON. 1982a. Boek wat verbode was goedgekeur. Oggendblad 10(155): 5. 13.5.82 dok. 006/762.
- ANON. 1982b. Censors lift ban on riot book. The Star 7.6.82 p. 2 dok. 006/935.
- ANTONISSEN, R. s.j. Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede. Kaapstad, ens.: Nasou. (3de hers. uitg., 2de druk.)
- APPELRAAD OOR PUBLIKASIES. 1980. Decision - The Covenant 89/90. Aangehoor op 3.10.80.
- APPELRAAD OOR PUBLIKASIES. 1982. Decision - A ride on the whirlwind 114/81. Aangehoor op 12.5.82.
- ASVAT, F. 1981. A critical look at black SA writing. The Sowetan 26.6.81 p. 14 dok. 006/1170.
- BAKER, E. 1981. Anna M. Louw se kragtoer. Oggendblad 10(32):15. 17.12.81. dok. 006/2317. [res. ORT].
- BAL, M. 1978². De theorie van vertellen en verhalen; inleiding in de narratologie. Muiderberg: Coutinho.
- BAL, M. 1983. The narrating and the focalizing: a theory of the agents in narrative. Style 17(2):234 - 269. Spring.
- BARRELL, H. & R. ABBOTT. 1981. Writers in a muddle. Sunday Tribune 22.2.81 p. 12 dok. 006/340.

- BARTHES, R. 1974. S/Z; An essay. tr. by R. Miller. New York: Hill and Wang. (oorspr. 1970 in Frans.)
- BARTHES, R. 1982. The reality effect (In Todorov ed. 1982: 11 - 17). (oorspr. 1968 in Frans.)
- BEETON, D.R. 1972. South African English literature from the perspective of the seventies. South African Libraries 40(3):148 - 57. Dec.
- BEIER, U. ed. 1980². Introduction to African literature: An anthology of critical writing from "Black Orpheus". London: Longman.
- BIKITSHA, D. 1981. Blacks return to the turmoil. Rand Daily Mail 27.7.81 p. 10 dok. 006/1459. [res. ROW].
- BINDING, P. 1981. Unrealised. New Statesman 11.9.81 p. 18, 19. [res. JP].
- BLIGNAULT, A. 1981. Anna M. Louw; Calvinia se vér-kyk-skryfster. SARIE 33(12):109. 9.12.81 dok. 006/2288.
- BLIGNAULT, A. 1982. Oorlewingstryd van die gevange mens in die atoomew. Die Transvaler 15.2.82 p. 7 dok. 006/225. [res. ORT].
- BLOOM, H. 1979. The breaking of form (In Bloom, H. et al. 1979. Deconstruction and criticism. London and Heng=ley: Routledge & Kegan Paul. 1 - 37).
- BOONSTRA, H.T. 1979. Van waardeoordeel tot literatuur=opvatting. De Gids 142(4):243 - 253.

- BOTHA, E. 1968. Oor die Afrikaanse prosa 1900 - 1965.
(In Botha, 1980b:1 - 38).
- BOTHA, E. 1974. Afrikaans en die prosa (In Botha 1980b:
39 - 52).
- BOTHA, E. 1975. Die moderne Afrikaanse prosa teen die
agtergrond van die Afrikaanse prosatradisie (In Botha
1980b:53 - 65).
- BOTHA, E. 1980a. Prosa (In Cloete red. 1980:319 - 572).
- BOTHA, E. 1980b. Oor die Afrikaanse prosa en ander op=
stelle. Kaapstad: Tafelberg.
- BOTHA, E. 1981a. 'Wonderwerke is wel moontlik'. Die
Burger jg. 67. 1.12.81 p. 10 dok. 006/2241. [res.ORT]
- BOTHA, E. 1981b. Totaal eiesoortige Afrikaanse roman.
Beeld jg. 8 7.12.81 p. 4 dok. 006/2358. [res.ORT]
- BOWERS, F. 1981. South African fugitives; Gordimer's new
novel. The Cape Times 22.7.81 p. 12 dok. 006/1439.
[res. JF]
- BOWKER, V.J. 1981. Not always convincing. Eastern Pro=
vince Herald 137(303):14. 22.12.81 dok. 006/2411.
[res. JP]
- BOYERS, R. 1981. The testing out of tomorrow. TLS
4.9.81 p. 1001. [res. JP]
- BREMOND, C. 1966. De logica van narratiewe moelikheden
(In Bronzwaer et al. 1977:183 - 207).

- BRINK, A.P. 1972³. Aspekte van die nuwe prosa. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- BRINK, A.P. 1973. Die konteks van Sestig: Herkoms en situasie (In Polley red. 1973:15 - 31).
- BRINK, A.P. 1980. Tweede voorlopige rapport. Kaapstad ens.: Human & Rousseau.
- BRODIE, C. 1981. Brutal, chilling - but stunning masterpiece. Daily Dispatch 25.7.81 p. 4 dok. 006/1451. [res. JP]
- BRONZWAER, W.J.M., D.W. FOKKEMA & E. IBSCH. 1977². Tekst= boek algemene literatuurwetenskap. Baarn: Ambo.
- BUTLER, F.G. 1971. English literature. Introduction (In Potgieter ed. 1970- / 4: 337 - 345).
- BUURSINK, M. et al. reds. 1978. De wetenskap van het lezen. Assen: Van Gorcum.
- CAMOENS, LUIS VAZ DE. 1980. The Lusiads. tr. by W.C. Atkinson. Harmondsworth: Penguin.
- CHAPMAN, M. ed. A century of South African poetry. Johannesburg: Ravan.
- CHERRY, L. 1981. A way of life disintegrates...The Sowetan 6.8.81 p. 7 dok. 006/1521. [res. JP]
- CHRISTIE, S., HUTCHINGS, G. & MACLENNAN, D. 1980. Perspectives on South African fiction. Johannesburg: Donker.

- CILLIERS, H. 1981. Nadine se talent weer bewys. Die Volksblad jg. 77 22.9.81 p. 2 dok. 006/1730. [res. JP]
- CLAYTON, C. 1981. Whites flee into the void. Rand Daily Mail 27.7.81 p. 10 dok. 006/1458 [res. JP]
- CLOETE, T.T. red. 1980. Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig. Goodwood: Nasou.
- CLOETE, T.T. 1984. Die waarheid gelieg. Kaapstad: Tafelberg.
- COETZEE, J.M. 1979². In the heart of the country. Johannesburg: Ravan. (1st impr. 1977 in England).
- COETZEE, J.M. 1981a². Waiting for the barbarians. Johannesburg: Ravan.
- COETZEE, J.M. 1981b. SA authors must learn modesty. Die Vaderland jg. 60 1.5.81 p. 16 dok. 006/937.
- COPE, J. & KRIGE, U. eds. 1968. The Penguin Book of South African Verse. Harmondsworth: Penguin.
- The covenant 89/90 kyk Appèlraad oor Publikasies 1980.
- CULLER, J. 1977². Structuralist poetics. London and Henley: Routledge & Kegan Paul.
- CULLINAN, P. 1981. Comment. The Bloody Horse 5:3 - 7 May/June.

- DAUTZENBERG, J.A. 1981. Vertelruimte en fysische tijd in de literatuur. Forum der Letteren 22(4):321 - 331. Dec.
- DATHORNE, O.R. 1976. African Literature in the twentieth century, London: Heinemann.
- DAX, H. 1981. July book of the month. The Argus 17.7.81 p. 6 dok. 006/1419. [res. JP]
- DE JONG, M. 1984. Resensiekunne 2: 'n Paar byskrywings. Stet 2(4):32 - 3. Sept.
- DEKKER, G. s.j. Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Kaapstad, ens.: Nasou.
- DERRIDA, J. 1977. Signature Event Context Glyph 1:172 - 197. (vert. S. Weber en J. Mehlman).
- DE SAUSSURE, F. 1966. Kursus in algemene taalkunde. Uit die Frans vertaal deur Alewyn Lee. Pretoria: Van Schaik. (oorspr. 1911 in Frans.)
- DOKE, C.M. 1940. Bantu language pioneers of the nineteenth century. Bantu Studies 14:207 - 36.
- DONKER, A.D. 1981. A ride on the whirlwind. SASH 24(1): 6. May. dok. 006/1305. [res. ROW]
- DOUGLAS, S. 1981. Black writers don't just tell stories. Sunday Express 26.7.81 p. 6 dok. 006/1454 [ondh. Sepamla]
- DRIVER, D. 1982. Annual bibliography of Commonwealth literature for 1981: Appendix II, South Africa. Journal of Commonwealth Literature 16(2):152 - 164. Feb.

- DUCROT, O. & TODOROV, T. 1981. Encyclopedic dictionary of the sciences of language. tr. by C. Porter. Oxford: Blackwell Reference.
- DUERDEN, D. & PIETERSE, C. eds. 1978³. African writers talking; a collection of interviews. London: Heinemann.
- [DU TOIT, S.J.] s.j. Geskiedenis van die Afrikaanse Taal= beweging, voor vrind en vyand, uit publieke en private bronne bewerk deur 'n Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners.
- DU TOIT, S.J. 1924. Suid-Afrikaanse volkspoësie; Bydrae tot die Suid-Afrikaanse volkskunde. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- ECO, U. 1977. A theory of semiotics. London: MacMillan.
- ECO, U. 1979. The role of the reader. Bloomington/ London: Indiana University Press.
- EH. 1981. After the revolution. The Natal Mercury 129 (35889): 36 27.8.81 dok. 006/1601. [res JP]
- EIMERMACHER, K. 1977. Het probleem van een literatuurwetenschappelijk metataal (In Bronzwaer et al. 1977: 48 - 83).
- ELSSCHOT, W. 1969². Kaas. Met aantekeninge deur A.P. Grové. Pretoria - Kaapstad: Academica.
- EMERY, F.E. ed. 1972⁴. Systems thinking; selected readings. Harmondsworth: Penguin.

- EMERY, F.E. & TRIST, E.L. 1965. The causal texture of organizational environments (In Emery ed. 1972: 241 - 257).
- ESTERHUIZEN, L. 1981. Saterdagmōrekatastrofe, Gordons=baai. Graffier 4 1(4):4 Aug.
- EVEN-ZOHAR, I. 1979. Polysystem theory. Poetics Today 1(1 - 2): 287 - 310.
- FOKKEMA, D.W. 1979a. De Chinese verteltraditie (In Idema et al. 1979:20 - 32).
- FOKKEMA, D.W. 1979b. Het Modernisme: Overwegingen bij de beschrijving van een periodecode. Forum der Letteren 20(1):1 - 10. Maart.
- FOKKEMA, D.W. 1981. Vergelijkende literatuurwetenschap en het nieuwe paradigma Forum der Letteren 22(1):179 - 194. Junie.
- FREUD, S. 1948. The interpretation of dreams. authorized translation by A.A. Brill. London: Allen E. Urwin.
- GALLOWAY, F. red. 1982. SA literature/literatuur 1980. Annual literary survey series / Literêre jaaroorstg=reeks 1. Johannesburg: Donker.
- GAUM, F. 1982. Engele help ons tog nog om op tier se rug te bly. Die Kerkbode 134(22):7 9.6.82 dok. 006/963. [res. ORI]
- GENETTE, G. 1980. Narrative discourse; an essay in method. tr. by Jane E. Lewin. Ithaca, New York: Cornell University Press.
- GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS. 1882². Eerste beginsels van die Afrikaanse taal. Paarl: Du Toit.

- GÉRARD, A.S. 1971. Four African literatures: Xhosa, Sotho, Zulu, Amharic. Berkeley, Los Angeles, London: University of California Press.
- GÉRARD, A.S. 1981a. Comparative literature and its relevance to the study of African writing in European and African languages. ongepubliseer.
- GÉRARD, A.S. 1981b. The Southern African literary scene, with special reference to the vernaculars: a panel discussion. ongepubliseer.
- GÉRARD, A.S. 1981c. 1500 Years of creative writing in black Africa. Research in African Literatures 12(2): 147 - 161. Summer.
- GLENDINNING, V. 1981. Morbid symptoms. The Listener 10.9.81 p. 281. [res. JP]
- GODFREY, R. 1934. John Bennie, the father of Kafir literature. Bantu Studies 8:123 - 34.
- GORDIMER, N. 1961. The novel and the nation in South Africa. (In Killam ed. 1973:31 - 52).
- GORDIMER, N. 1973. The black interpreters. Johannesburg: Sprocas/Ravan.
- GORDIMER, N. 1976. English-language literature and politics in South Africa (In Heywood ed. 1976:99 - 120).
- GORDIMER, N. 1981a. Women who took the literary lead. Rand Daily Mail 14.5.81 p. 4 dok. 1004.
- GORDIMER, N. 1981b. July's people. Johannesburg: Ravan/Taurus.

- GORMANN, G.E. 1978. The South African novel in English since 1950: An information and resource guide. Boston: Hall.
- GRAY, P. 1981. Future tense. Time 8.6.81 p. 79. [res. JP]
- GRAY, S. 1979. Southern African literature; an introduction. Cape Town/ London: Phillip/ Collings.
- GRAY, S. 1981. Interview with Nadine Gordimer. Contemporary Literature 22(3):263 - 271. Summer.
- GREIG, R. 1981. Strengths blend into achievement. Weekend Post 12.9.81 p. 4 dok. 006/1709. res JP
- GREIMAS, A.J. 1966. Sémantique structurale. Paris: Librairie Larousse.
- GREYLING, A. 1981. Nadine gee krasse kyk na rasseprobleme. Die Vaderland jg. 66 23.6.81 p. 15 dok.006/1275. [res. JP]
- GRIMM, G. 1977. Rezeptionsgeschichte. München: Fink. UTB.
- GROVÉ, H. 1969². Jaarringe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- GUNNER, L. 1982. Danger and hope. Index on Censorship 6/82 p. 41. [res. ROW]
- GUNTHER, H. 1971. Die Konzeption der literarischen Evolution im tschechischen Strukturalismus (In Ihwe Hrsg. 1972: I: 285 - 310).

- HAMBIDGE, J. 1981. Swart skrywer slaag met nuwe roman. Hoofstad jg. 14 21.12.81 p. 10 dok. 006/2384. [res. ROW]
- HARESNIPE, G. 1981a. The creative artist in contemporary South Africa. English in Africa 8(1):45 - 50. March.
- [HARESNIPE, G.] 1981b. Notes. Contrast 51 13(3):3 en 95. June.
- HEYWOOD, C. ed. 1976. Aspects of South African literature. London, ens./New York: Heinemann/Africana.
- HEYWOOD, C. ed. 1979. Perspectives on African literature; Selections from the proceedings of the Conference on African Literature held at the University of Ife, 1968. London, ens.: Heinemann.
- HOUGH, B. 1981. Dit wat oud is, sterf... Beeld jg. 8 28.9.81 p. 18 dok. 006/1780. [res. JP]
- IDEMA, W.L., NUIS, A. & FOKKEMA, D.W. 1979. Oosterse literatuur: Een inleiding tot de Oosterse Bibliotheek. Amsterdam: Meulenhoff.
- IHWE, J. Hrsg. 1972. Literaturwissenschaft und Linguistik. Athenaüm. Fischer Taschenbücher. 2dte.
- ISACOWITZ, R. 1981. A bleak and powerful vision. Financial Mail 7.8.81 p. 246 dok. 006/1510. [res. JP]
- JACOBSEN, D. 1968. The trap and A dance in the sun. Harmondsworth: Penguin. (first published 1955, 1956.)
- JAKOBSON, R. 1960. Linguistiek en poëtica (In Bronzwaer et al. 1977:96 - 105).

- JAKOBSON, R. & TYNJANOV, J. 1928. Study of literature and language (In Matejka en Pomorska eds. 1971: 79 - 81).
- JK. 1982. A piercing look at Afrikaners. The Star 17.3.82 p. 15 dok. 006/426. [res. ORT]
- JANSEN, E. 1981. 'n Deurbraak vir Gordimer, Brink. Die Burger 17.11.81 jg. 67 p. 12 dok. 006/2061.
- JAUSS, H.R. 1967. Literatuurgeschiedenis als een provocatie voor de literatuurwetenschap (In Buursink et al. reds. 1978:1 - 28).
- JAUSS, H.R. 1975. Bij de voortsetting van de dialoog tussen 'burgerlijke' en 'materialistiese' receptie-esthetica (In Buursink et al. reds. 1978:165 - 173).
- JOST, F. 1974. Introduction to comparative literature. Indianapolis: Pegasus.
- JOUBERT, E. 1968². Ons wag op die kaptein. Kaapstad: Tafelberg.
- JOUBERT, E. 1979. Die swerfjare van Poppie Nongena. Kaapstad: Tafelberg.
- KANNEMEYER, J.C. 1974. Die Afrikaanse bewegings. Pretoria en Kaapstad: Academica (Blokboeke 16).
- KANNEMEYER, J.C. 1978/1983. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. 2de. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- KATZ, D. & KAHN, R.L. 1966. Common characteristics of open systems (In Emery ed. 1972:86 - 104).

- KAYSER, W. 1976¹⁷. Das sprachliche Kunstwerk. Bern und München: Francke.
- KENNEY, H. 1981. Complex, tortured, angry, agonised - and very, very heavy! Sunday Times 29.11.81 p. 8 dok. 006/2199. [res. JP]
- KILLAM, G.D. ed. 1973. African writers on African writing. London: Heinemann.
- KIRKWOOD, M. 1983. South Africa's new publishers. TLS 4198, 16.9.83 p. 997.
- KISKER, G.W. 1964. The disorganized personality. New York, etc.: McGraw-Hill.
- KLÍMA, V., RUŽIČKA K.F. & ZIMA, P. 1976. Black Africa. Literature and language. Dordrecht / Boston: Reidel.
- KRAMER, N.J.T.A. & DE SMIT, J. 1977. Systems thinking; concepts and notions. Leiden: Nijhoff.
- KROG, A. 1981. 'n Letterkundige jaar met 'n skrale oes. Die Transvaler 28.12.81 p. 7 dok. 006/2382.
- KRÜGER, L. 1981a. Die skerpskutter. Kaapstad: Tafelberg.
- KRÜGER, L. 1981b. Die brekfisberaad en tagtig. Graffier 4 1(4):7. Aug.
- KUNNE-IBSCH, E. 1974. Receptie-onderzoek: constanten en varianten van een literatuurwetenschappelijk concept in theorie en practijk (In Buursink et al. reds. 1978:113 - 133).

- LARSON, C.R. 1972². The emergence of African fiction.
Bloomington/London: Indiana University Press.
- LEACH, C.P. 1982. Te hel met ouma en Fellatio die fetus:
'n letterkundige prognose. Graffier 5 2(1):5 - 6.
Somer.
- LEFERINK, H.R.P. 1981. Over 'Lessen in 'Charleston' (1931)
... (In Segers red. 1981:108 - 133).
- LEMON, L.T. & REIS, M.J. eds. 1965. Russian Formalist
criticism: Four essays. Lincoln: University of
Nebraska Press.
- LEROUX, E. 1964. Een vir Azazel. Kaapstad - Pretoria:
Human & Rousseau.
- LE ROUX DU TOIT, A. 1981. A rebel without a cause?
Graffier 4 1(4):5. Aug.
- LESSING, D. 1950³. The grass is singing. London: Michael
Joseph.
- LEVIN, D. 1981a. Nadine Gordimer looks into the future.
Sunday Times 12.7.81 p. 9 dok. 006/1317.
- LEVIN, D. 1981b. Miss Gordimer books a new award. Sunday
Times 29.11.81 p. 50 dok. 006/2189.
- LINDENBERG, A. 1981. Weinig in Suid-Afrika kan skryf
soos Gordimer. Die Vaderland jg. 66 21.10.81 p. 39
dok. 006/1949. [res. JP]
- LINDENBERG, A. 1982. 'n Saai roman vol tierlantyntjies.
Die Vaderland jg. 66 27.5.82 p. 33 dok. 006/867.
[res. ORT]

- LOTMAN, J. 1970. Tekstypologie en de typologie van de tekstexterne verbanden. (In Bronzwaer et al. 1977: 107 - 120).
